



## **HOOFSTUK 8**

### **WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING**

- 1. INLEIDING**
- 2. WAARDEPRIORITEITE**
- 3. RELIGIEUSE WAARDES**
- 4. BEROEPSWAARDES**
- 5. LIGGAAMLIKE WAARDES**
- 6. VERHOUDINGSWAARDES**
- 7. LEWENSWAARDES**
- 8. VEILIGHEIDSWAARDES**
- 9. INTELLEKTUELE WAARDES**
- 10. MORELE WAARDES**
- 11. SELFWAARDES**
- 12. GEMOEDSWAARDES**
- 13. EKONOMIESE WAARDES**
- 14. TYD-RUIMTELIKE WAARDES**
- 15. REGSWAARDES**
- 16. OMGEWINGS-/NATUURWAARDES**
- 17. KULTURELE WAARDES**
- 18. ONTSPANNINGSWAARDES**
- 19. ESTETIESE WAARDES**
- 20. NASIONALE WAARDES**
- 21. OUTORITEITSWAARDES**
- 22. POLITIEKE WAARDES**
- 23. SLOTOPMERKING**

## HOOFSTUK 8

### WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

#### 1 INLEIDING

Die waardeprioriteite van die deelnemers aan hierdie studie is bepaal deur die graad van belangrikheid wat geheg word aan die verskillende gesinsekologiese waardeterreine. Waardeprioriteite word dus gelyk aan die belangrikheid van waardes gestel. Die waardeprioriteite van die deelnemers, soos weerspieël in die verskillende gesinsekologiese waardes, is deur die volgende navorsingsmetodes en -tegnieke bepaal:

- 'n Likert-tipe skaal vir waardes wat aan sekere kontekste (situasies) gekoppel is (kyk Bylaag C), verteenwoordig die kwantitatiewe navorsingstyl.
- Die Vraelys om die belangrikheid/onbelangrikheid van die twintig gesinsekologiese waardeterreine deur geslote end vrae te bepaal (kyk Bylaag E). Genoemde vraelys verteenwoordig ook die kwantitatiewe navorsingstyl.
- Die Vraelys wat waardes by wyse van oop-end vrae bepaal (kyk Bylaag F). Hierdie vraelys verteenwoordig die kwalitatiewe navorsingstyl.

Die resultate van die bogenoemde twee vraelyste en die skaal vir waardes is deur onderhoude met informante en deelnemers uitgeklaar en/of bevestig (kyk 3.10.4 en Tabel 6.2 van Hoofstuk 6).

Die inhoud van hierdie hoofstuk is op die volgende wyse hanteer:

- Die aanname word gemaak dat die deelnemers 'n hoë prioriteit aan 'n waarde toeken, na mate hulle ten gunste van 'n stelling oor 'n bepaalde waardeterrein reageer, afhange van hoe die stelling geformuleer is.
- 'n Verdere aanname word ook gemaak dat die aantal kere wat die antwoorde van die deelnemers op die oop-end vrae 'n sekere gesinsekologiese waardeterrein impliseer, dit 'n aanduiding van die prioriteit van 'n waardeterrein kan wees.
- Die evaluering van die waardeprioriteite op al die gesinsekologiese waardeterreine van al die deelnemers word as jong volwasse groep hanteer.
- Die resultate en die bespreking van die resultate van die deelnemers se afsonderlike gesinsekologiese waardeterreine binne die gesinsekologie is in die volgende orde hanteer:
  - Die resultate van die Likert-tipe skaal vir waardes en die Vraelys wat die belangrikheid/onbelangrikheid van die waardeterreine deur geslote vrae bepaal.
  - Die belangrikheid van die betrokke waardeterrein.
  - Faktore wat die belangrikheid van die betrokke waardeterrein kan beïnvloed. Daar is deurgaans met etnisiteit en die bepaalde konteks rekening gehou.
- Opmerkings van deelnemers (wat verkry is uit onderhoude en die bogenoemde oop-end vraelys) en informante (verkry uit onderhoude) word aangehaal om resultate en afleidings te bevestig en/of te verklaar.
- In die slotopmerking van hierdie hoofstuk, word daar na algemene oortuigings en gedragspatrone ten opsigte van waardeprioriteite, wat uit hierdie studie verkry is, verwys.

## WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING.

### 2 WAARDEPRIORITEITE

Die volgende statistiese data ten opsigte van die gesinsekologiese waardeprioriteite word in die volgende grafiese voorstelling/tabelle gegee:

- Die Vraelys om die belangrikheid/onbelangrikheid van die waardeterreine te bepaal (V18-37) en die resultate word onder andere in Figuur 8.1 geïllustreer.
- Die Likert-tipe skaal vir waardes (V38-137). Die syfers wat gegee word, is verwerk na 1 as die minimum en 7 as die maksimum waarde (kyk 3.9.2 van Hoofstuk 6) en is deurgaans tot een desimale syfer afgerond. Tabel 8.1 gee 'n opsomming van die resultate van die Likert-tipe skaal vir waardes.
- 'n Vraelys wat waardes met oop-end vrae bepaal (V192-207) waarvan die resultate in Tabel 8.2 uiteengesit word.

Eerstens word die resultate van die hele groep deelnemers in tabelvorm en 'n figuur weergegee. Daarna word die resultate van elke gesinsekologiese waardeterrein weergegee en bespreek.

Figuur 8.1 weerspieël die inligting uit die Vraelys oor die belangrikheid/onbelangrikheid van die waardeterreine. Die waardeterreine is van die hoogste tot die laagste waarde in terme van belangrik tot onbelangrik gerangskik. Hierdie inligting is uit die Vraelys om die belangrikheid/onbelangrikheid van waardeterreine te bepaal, verkry. Die aantal response word bokant elke stasie aangedui. Daar moet gelet word dat die rangorde van belangrikheid/onbelangrikheid van 'n waardeterrein beïnvloed word deur die aantal deelnemers wat ten gunste van en dié wat teen die waardeterrein gestem het. Die leser moet ook in gedagte hou dat elke respondent die vyf belangrikste/onbelangrikste waardeterreine moes uitwys. Dit is verder belangrik om daarop te let dat die evaluering in die onderstaande figuur oort van aard is en dus kon die eerlike oortuigings van die deelnemers beïnvloed word.


Die volgende waarnemings word in Figuur 8.1 aangedui:

- Die politiese waardeterrein word feitlik deur al die deelnemers as onbelangrik beskou.
- Die religieuse waardeterrein is vir die deelnemers baie belangrik.
- Beroep word deur baie deelnemers as 'n belangrike waardeterrein beskou.
- Daar bestaan nie konsensus by die deelnemers oor die belangrikheid van verhoudings-, morele, self, gemoeds-, ekonomiese, tydruimtelike, regs- en kultuurwaardes nie.

Opnames wat Codrington (2001a) onder jongmense in Suid-Afrika gedoen het, bevestig dat politieke waardes as onbelangrik ervaar word, terwyl beroeps- en religieuse waardes as belangrik beskou word.

Die deelnemers se oortuigings ten opsigte van watter waardeterreine as belangrik en onbelangrik beskou word, word later in die hoofstuk verder bespreek.





FIGUUR 8.1: HIËRARGIE VAN BELANGRIKSTE EN ONBELANGRIKSTE WAARDETERREINE

WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

Die resultate van die Likert-tipe skaal vir waardes, word in Tabel 8.1 weergegee. Elke gesinsekologiese waardeterrein is die som van die gemiddelde skaalwaarde van al die etniese groepe gesamentlik. Daar is agt etniese groepe en elke groep kan 'n maksimum van sewe punte hê. Die maksimum totaal wat bereik kon word is dus 56.

**TABEL 8.1 : WAARDEPRIORITEITE BINNE 'N BEPAALDE KONTEKS SOOS AANGEDUI DEUR DIE TOTALE GROEP DEELNEMERS OP DIE LIKERT-TIPE SKAAL VIR WAARDES: V38-137**

**n =154**

Waardeterreine	$\Sigma$ van gemiddelde Telling
Ekonomies	50.8
Self	49.8
Gemoed	48.0
Religieus	47.4
Veiligheid	47.2
Lewe	46.7
Moreel	46.4
Liggaamlik	46.4
Beroep	45.5
Reg	45.0
Verhoudings	44.7
Tyd-ruimtelik	44.1
Nasionaal	42.6
Kultuur	42.5
Ontspanning	42.5
Intellektueel	41.5
Omgewing (natuur)	37.3
Esteties	34.2
Outoriteit	34.1
Polities	32.6

Die volgende tendense kan uit Tabel 8.1 afgelei word:

- Ekonomiese waardes het 'n hoë waarde en dui daarop dat geld en die hantering daarvan 'n hoë prioriteit geniet.
- Selfwaardes is ook baie belangrik en dui moontlik op selfgerigtheid.
- Gemoeds-, religieuse, veiligheids-, lewens-, morele, liggaamlike, beroeps-, regs-, verhoudings- asook tyd-ruimtelike geniet ook 'n hoë prioriteit.
- Nasionale, kulturele, ontspannings- en intellektuele waardes geniet 'n redelike hoë prioriteit.
- Politiese, outoriteits-, estetiese- en die omgewings-/natuurwaardes is die waardes wat in die betrokke vraelys 'n lae prioriteit geniet.

WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

Die resultate van die Vraelys wat waardes met oop-end vrae bepaal (V192-207) is deur inhoud-ontleding na die waardeterreine herlei. Tabel 8.2 dui die verskillende waardeterreine aan en die aantal kere wat daar na elkeen van die gesinsekologiese waardeterreine verwys is.

Hierdie data word as 'n 'growwe' indikasje beskou aangesien daar slegs tien vrae gevra is (kyk Bylaag F). Daarom word hierdie data slegs gebruik om bestaande tendense ten opsigte van die waardeprioriteite van die gesinsekologiese waardeterreine te bevestig.

**TABEL 8.2: FREKWENSIES VAN VERWYSINGS NA WAARDETERREINE DEUR DIE GROEP DEELNEMERS: V192-207**

**n= 154**

Waardeterreine	Frekwensies
Verhoudings	437
*Intellektueel/Beroep	333
Self	259
*Intellektueel	218
Gemoed	162
Ekonomies	132
Beroep	115
Religieus	102
Outoritêr	63
Moreel	47
Lewe	42
Tyd-ruimtelik	29
Esteties	26
Liggaamlik	23
Veiligheid	9
Reg/Wet	6
Nasionaal	5
Ontspanning	5
Kultuur	4
Omgewing/natuur	1
Polities	0

\* Dit was soms moeilik om beroeps- en intellektuele waardes te onderskei en daarom word in sommige gevalle beide waardeterreine saam gegroepeer. In die gevalle waar intellektuele waardes wel duidelik onderskei kon word, word intellektuele en beroepswaardes wel apart aangedui.

Die volgende tendense word uit Tabele 8.1 en 8.2 bevestig:

- Die volgende waardeterreine word dikwels deur die deelnemers na verwys: verhoudings-, intellektuele, beroeps-, self-, gemoeds- ekonomiese, en die religieuse terrein. Die respondente het ook aangedui dat waardes in hierdie waardeterreine deel van hulle toekomsbeplanning is.



WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

- Waardes wat blykbaar nie dikwels in die daaglikse leefwyse en toekomsbeplanning dikwels na verwys word nie is: veiligheids-, regs-, nasionale, ontspannings-, kulturele, omgewings/natuur- en politieke waardeterreine.

Die deelnemers se respons op die Likert-tipe skaal vir waardes en die betrokke twee vraelyste dui die belangrikheid of prioriteit van die waardeterreine aan. Hierdie drie meettegnieke dien as kruisvalidasie om die belangrikheid/prioriteit van 'n waarde te bevestig.

Die verskillende gesinsekologiese waardeterreine word vervolgens aan die orde gestel. Telkens is die resultate eers gegee en daarna volg 'n bespreking. Die aanbieding van die resultate is by wyse van twee tabelle gegee. Die etniese groepe is alfabeties gerangskik en elke etniese groep se resultate word afsonderlik aangetoon. Die grootte van die etniese groepe verskil van mekaar en daarom moet dit in ag geneem word wanneer die resultate van die etniese groepe met mekaar vergelyk word. Die eerste tabel dui die resultate van die geslote end vraelys, wat die vyf waardeterreine ten opsigte van belangrikheid/onbelangrikheid evalueer, asook die gemiddelde skaalwaardes van elke waardeterrein aan. Die skaalwaardes is in groen aangedui terwyl die waardes van die betrokke vraelys in blou aangedui is. Die volgorde van waardeterreine soos in Figuur 8.1 is gevolg. In die bespreking van die resultate is daar hoofsaaklik aandag aan die deelnemers as jong volwasse groep gegee. Waar die etniese groepe van mekaar en die groep deelnemers as geheel verskil, is dit aangetoon. In Hoofstuk 10 is die resultate van die verskillende etniese groepe verder bespreek.

### 3 RELIGIEUSE WAARDES

Die resultate ten opsigte van die belangrikheid van religieuse waardes, soos gemeet met die Vraelys wat belangrike/onbelangrike waardes deur geslote vrae bepaal en die Likert-tipe skaal, is in Tabelle 8.3 en 8.4 weergegee. Dieselfde patroon is met al die soortgelyke tabelle vir die bespreking van die betrokke waardes gevolg. Die maksimum skaalwaarde is deurgans sewe.

**TABEL 8.3: RELIGIEUSE WAARDEPRIORITEITE VAN DIE ETNIESE GROEPE**

n	Etniese groep	Vraelys om die belangrikste/onbelangrikste waardes te bepaal.		Skaal vir waardes
		Belangrikste	Onbelangrikste	
25	Afrikaans	19	0	6.1
6	Engels	6	0	6.7
11	Indiër	8	0	5.9
15	Kleurling	11	0	5.8
31	Sotho	22	0	6.0
21	Tswana	21	0	5.9
9	Xhosa	7	0	5.7
36	Zoeloe	22	1	5.7

Uit Tabel 8.3 kan die volgende waarnemings en afleidings ten opsigte van etnisiteit gemaak word:

WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

- Al die Engelssprekende Blankes en Tswanas evalueer die religieuse waarde as die belangrikste gesinsekologiese waarde. Die Engelssprekende Blankes is die groep wat die hoogste telling ten opsigte van die skaalwaarde het.
- Meer as die helfte van die ander etniese groepe ag die religieuse waarde as belangrikste gesinsekologiese waardeterrein. Die belangrikheid van die religieuse waarde word ook in die skaalwaardes aangetoon.

Vervolgens word die response van die onderskeie etniese groepe op die items op die Likert-tipe skaal vir waardes gerapporteer en bespreek. Elke item op die skaal dui 'n waarde binne bepaalde konteks aan. Die maksimum skaalwaarde wat deurgaans verkry kon word, is sewe, terwyl die minimum waarde deurgaans 1 is. Die gemiddelde skaalwaarde wat aan elke item gegee is, is ook aangedui. Die afkortings vir die etniese groepe wat deurgaans gebruik is en in die betrokke tabelle aangedui word, is die volgende:

A= Afrikaans, E= Engels, I= Indiër, K= Kleurling, S= Sotho, T= Tswana, X= Xhosa en Z= Zoeloe.

**TABEL 8.4: ETNIESE GROEPE SE EVALUERINGS VAN DIE RELIGIEUSE WAARDES OP DIE LIKERT-TIPE SKAAL VIR WAARDES**

Item	Spesifieke waardes	Verband	Etniese groepe se gemiddelde skaalwaardes							
			A	E	I	K	S	T	X	Z
V40	Afhanklik Probleemoplossend	Self God	6.3	7	6.4	6.7	6.6	6.5	6.5	6.1
V50	Verdraagsaam Akkomoderend	Samelewing	6.4	6.7	6.4	6.5	6.4	5.8	5.7	6.3
V56	Verdraagsaam Akkomoderend	Gemeenskap	4.8	6.8	5.6	3.4	5.3	5.6	5.1	5.6
V63	Beroepskeuse Lewensbeskouing	Self	6.1	6.3	4.7	5.5	5.4	5.1	4.5	5.0
V73	Tyd Lewensbeskouing Relatiewiteit	Self Samelewing	6.7	6.8	6.4	7	6.4	6.4	6.7	6.3

Uit die bostaande skaalwaardes kan die volgende tendense afgelei word:

- Die response op V40 dui daarop dat dit algemeen onder etniese groepe aanvaar word dat God help. Hierdie is 'n religieuse oortuiging wat aanvaar word.
- Die evaluering ten opsigte van V50 dui aan dat die deelnemers positief oor godsdienstige dae voel. 'n Rede hiervoor kan ook wees dat godsdienstige dae as vakansiedae gesien word.
- Die response op V56 toon verskille tussen die etniese verskille ten opsigte van die 'gemeenskap se aktiwiteite' aan. Sommige deelnemers is van mening dat hierdie aktiwiteite 'inmeng' met godsdiensoefening. Die Engelssprekende Blankes en Tswanas vind dat hulle godsdiensoefening deur sekulêre aktiwiteite bedreig word. Dieselfde twee etniese groepe het in Tabel 8.3 aangedui dat die religieuse waardes vir hulle baie belangrik is.



## WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

- In hulle response op V63 dui veral die Blankes aan dat hulle beroepskeuse sterk deur godsdienstige oortuigings beïnvloed word.
- In die response op V73 dui al die etniese groepe aan dat die religieuse nog relevant is. Codrington (2001a) se studie bevestig hierdie oortuiging.
- Die response op V56 wat hoofsaaklik op die gemeenskap en nie die self van toepassings is nie word die laagste gemeet. Dit dui aan dat religieuse waardes baie sterk is waar dit die persoon raak.

### 3.1 Geloof en geloofsverskille

Die religieuse waardeterrein vorm deel van die metafisiese en moet antwoorde gee op die vraag: ‘Wat is agter alles?’ (Jordaan & Jordaan, 1988:766). Hierdie vraag verwys na die geloof in God (vir sommige mense gode) en die rol wat geloof as religieuse waarde en waarde-oriëntasie speel. Bepaalde handeling en denke wat in hierdie studie verken is, het die belangrikheid of prioriteit van hierdie waarde bepaal en sal meehelp om die ingesamelde data te verklaar.

Volgens Johnstone (1975) is godsdienste ‘n sisteem van oortuigings en praktyke waardeur ‘n groepering van mense dit wat heilig en bonatuurlik geag word, interpreteer en daarop reageer. Dit is dus ‘n perspektief vir die hantering en houding teenoor veral die medemens en ook objekte. Alle godsdienste het bepaalde voorskrifte ten opsigte van genoemde houding en hantering (Kirk, Martin & Palmer, 1993). Hierdie voorskrifte kan in die gesinsekologiese waardes gereflekteer word.

Die twee godsdienste wat in die demografiese vraelyste veral na vore kom is die Christendom en die Hinduïsme. Aangesien hierdie twee gelowe ander gesinsekologiese waardeterreine beïnvloed, is dit belangrik om die kern van hierdie gelowe uiteen te sit.

#### Hinduïsme

Volgens die demografiese data is dit slegs die Indiërs wat aanhangers van die Hinduïsme is. Hinduïsme glo onder andere in die volgende (Maxwell & Naidoo, 1991:45):

- Reïnkarnasie en die wetmatigheid van oorsaak en gevolg.
- Al wat lewe moet geestelik ingestel wees op die goddelike realiteit.
- Die enigste manier om weg te breek van reïnkarnasie is om na goddelikheid te strew.

Volgens Maxwell en Naidoo (1991:56-60) is daar vier doelwitte in Hinduïsme en hierdie doelwitte is van belang vir sekere gesinsekologiese waardes:

- Die doel van die *dharma* is om voorskrifte ten opsigte van die sosiale (onder andere kastestelsel), morele asook tradisionele rituele en verpligtinge te gee. Morele, sosiale en kulturele waardes kan hierdeur beïnvloed word.
- Die *artha* beklemtoon die gedragskodes van die ekonomiese en politieke aktiwiteite en kan dus die onderskeie waardeterreine beïnvloed.
- Die *karma* gee voorskrifte ten opsigte van onder andere die seksuele en hierdie voorskrifte kan die verhoudings-, lewens- en liggaamlike waardes beïnvloed.
- Die *moksha* (bevryding) is die belangrikste doelwit en word bereik deur goeie werke, innerlike kennis of toewyding aan ‘n persoonlike god. Waardes soos goeie werke (in sosiale verband) en die verbetering van die self (deur onder andere kennis) is belangrik.

## WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

Volgens Brockington (1981:209) is Hinduïsme akkomoderend en in staat om 'n balans tussen die tradisionele en verandering te hanteer. Dit impliseer dat kontak met die Westerse beskawing gemaklik tot akkulturasie in Hindu geloofspraktyke gelei het. In die Suid-Afrikaanse situasie is die sosiale kastestelsel (*dharma*) beïnvloed deur gelyke regte van die demokrasie en 'n handves van menseregte.

### **Christendom**

Die Christelike geloof kom onder al die etniese groepe voor en daarom moet daar aandag aan die inhoud daarvan gegee word.

Die Christelike geloof aanvaar die Bybel (Ou en Nuwe Testament) as die woord van God en daarom bevat dit die beginsels van hulle geloof. Hierin is onder andere voorskrifte vir die houding teenoor en die hantering van die medemens, sosiale instellings en gebruike, die natuur en God. Die Christendom erken die drie-eenheid van God naamlik, God as Skepper van die heelal, God as Verlosser van sondes naamlik Jesus Christus en God as die Heilige Gees wat troos, raad en leiding gee. Christene glo dat Jesus Christus gesterf het sodat daar vir hulle persoonlike sondes betaal kon word en ook dat hy uit die dood opgestaan het. Daarom glo Christene in die ewige lewe wat verkry word deur die aanvaarding van Jesus Christus as die Verlosser van persoonlike sondes. Goeie werke is belangrik, maar dit verdien nie die ewige lewe nie. Hier verskil die Christelike godsdienst van die Hinduïsme en die meeste ander godsdienste. Verder glo Christene dat Jesus Christus na die aarde sal terugkeer as regter oor elke mens se lewe. Die wat egter Jesus Christus as hulle persoonlike Verlosser van sondes aanvaar word nie gestraf nie, terwyl die wat hom nie aanvaar die ewige dood as straf ontvang (Jordaan & Jordaan, 1988:786-788; De Gruchy, 1991:148-201).

Die Christelike geloof het implikasies vir die waardes van Christene ten opsigte van hul houding, lewenstyl en daaglikse optrede. Die volgende aspekte word onder andere daardeur geraak:

- Ten opsigte van God as drie-eenheid, word onder andere heiligheid, respek, erkenning, almag, liefde, regverdigheid en outoriteit aanvaar.
- Ten opsigte van die medemens (sosiale waarde) word aspekte soos aanvaarding, liefde, barmhartigheid, respek, mededeelsaamheid, hulpverlening en dienslewering belangrik geag. Naas God is die medemens en die self die belangrikste.
- Moraliteit is 'n belangrike waarde aangesien dit die beskouing van onder andere die self en die medemens beïnvloed.
- Selfwaardes is belangrik ten opsigte van 'n goeie self en respek vir jouself as geskapene van God. Die self is egter ondergeskik aan die eer van God en die diens aan die medemens.
- Respek vir die liggaam en die lewe is belangrike waardes.
- Menslike instellings soos outoriteit en gesag sowel as wette en ordereëls is belangrik.
- Ekonomiese waardes, soos die versameling van materiële middele, is nie so belangrik nie omdat mededeelsaamheid en hulpverlening belangriker is.
- Die natuurlike omgewing is weer ondergeskik aan die self en die medemens, maar moet met respek en verantwoordelikheid hanteer word. Omdat die natuur ook as die werk van God beskou word, is die korrekte hantering daarvan belangrik.

## WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

### 3.2 Die belangrikheid van die religieuse waarde

Volgens Chia, Wuensch, Childers, Chuang, Cheng, Cesar-Romeo en Nava (1994) bepaal religie die belangrikheid van ander waardeterreine. Verder kan uit die bespreking van die religieuse waardes van die Hinduïsme en Christendom, die belangrike rol wat die religieuse waardes in verskillende gesinsekologiese waardes het, afgelei word. Die omgekeerde is ook waar naamlik dat ervarings op verskeie gesinsekologiese waardeterreine die religieuse waardes positief of negatief kan beïnvloed. Die stellings van deelnemers bevestig hierdie gevolgtrekking. Na die stellings van die deelnemers word die rigting waarin die beïnvloeding plaasvind, genoem. Die volgende stellings van die deelnemers op die oop-end vraelys wat waardes bepaal, is belangrik.

***“I look at nature and I think there is a God.”*** - Van die natuurwaardes na die religieuse waardes.

***“Toe my ouers skei wou ek niks met godsdiens te doen gehad het nie.”*** – Van die verhoudings- en morele waardes na religieuse waardes.

***“(A Christian)... must have morals.”*** – Van die religieuse waardes na die morele waardes.

***“Die Here help my in alles wat ek doen.”*** - Van die religieuse waardes na verskeie waardeterreine.

### 3.3 Faktore wat die belangrikheid van religieuse waardes beïnvloed

Benewens etnisiteit en bepaalde situasies is daar ander faktore wat die belangrikheid van waardes kan beïnvloed. Verskeie faktore waarbinne die belangrikheid van die gesinsekologiese waardes gesien moet word, is onder andere die kultuur, hedendaagse tydsgees, persoonlike omstandighede en die unieke organisering van die individu se subsisteme (Jordaan & Jordaan, 1988:771). Verdere kontekste wat die navorser hierby wil voeg is die ontwikkeling van die individu en die religieuse dimensies.

#### 3.3.1 Kulturele konteks

Kultuur is ‘n belangrike ‘filter’ of ‘bril’ vir religieuse waarde-oriëntasies soos lewenstyl, denke en houdings in die alledaagse lewe (Alisjabana, 1966:190). Gedrag van ander etniese groepe kan as ‘vreemd’ en onaanvaarbaar ervaar word wanneer dit deur die eie ‘kulturele bril of filter’ beskou word. Die volgende stellings van deelnemers bevestig hierdie kulturele aspek in die religieuse waardes:

***“Godsdiens is deel van ons kultuur.”***

***“I believe in my cultural beliefs.”***

***“Typical of my culture is prayer and fasting.”***

***“Remember your background and follow your religion.”***

Bostaande stellings van die deelnemers bevestig ook die kulturele voorskrifte van die religieuse eerder as die innerlike geloofsoortuigings.

Die individu en in hierdie geval die jong volwassene, kan twee opsies in die hantering van die religieuse waardes volg. Eerstens die hantering ‘binne die groep’ (byvoorbeeld die etniese- of beroepsgroep) se kulturele gebruike of tweedens ‘buite’ die kulturele gebruike. Die volgende stelling van ‘n Zoeloesprekende deelnemer bevestig die religieuse waarde-oriëntasie wat ‘buite’ die kulturele verband bestaan:

***“I believe different from my mother’s culture. I do not do ancestor worship.”***

## WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

In hierdie studie behoort slegs die Indiërs tot die Hindugeloof (kyk 4 van Hoofstuk 7). Dit blyk dat die religieuse, morele en verhoudingswaardes van die belangrikste waardes is (kyk Tabelle 8.3, 8.9 & 8.17). Dit stem ooreen met die leer van Hinduïsme dat die *dharma* onder andere streng sosiale en morele waardes voorskryf. By verdere navraag het jong volwasse Indiërs wat hulself as Hindu's beskou, aangedui dat hulle nie veel van die Hinduïsme weet nie en dat hulle bloot doen wat die gemeenskap van hulle verwag. Dit blyk dus dat die verbintenisse wat die sosiale en morele waardes met die voorskrifte van die Hindu geloof het, vir hierdie jong volwassenes onbekend is.

Volgens navorsers is daar 'n sterk beweging om onder andere die Christelike geloof binne tradisionele kulturele norme en gebruike te akkommodeer (Webber, 1978:221; Engel, 1979:237; Maxwell & Naidoo, 1994:43-82). Vanuit die godsdienslike perspektief kan dit as sinkretisme beskryf word en vanuit die antropologie as akkulturasie. Twee moontlike kragte kan hier werksaam wees. Aan die een kant kan dit wees dat die kulturele gesinsekologiese waardes in praktyk 'n te belangrike rol speel en die religieuse waardes dan by die kulturele waardes moet aanpas (Pauw, 1975:434). Aan die ander kant kan dit moontlik wees dat die individu geen probleem ervaar om die twee met mekaar te versoen nie. Dat albei hierdie verklarings in hierdie studie geakkommodeer kan word, word geïllustreer uit die volgende waarnemings en ook uit die onderhoude wat die navorser gevoer het:

- Kulturele gebruike van dans en inheemse wyse van sang is waargeneem by van die swart inheemse etniese groepe by kerklike byeenkomste wat die Christelike geloof en gebruike onderskryf.
- Twee Tswana deelnemers, wat hulself as Christene beskou, noem die volgende:  
*"I am a Christian and I still worship my ancestors ... I ask them for advice."*  
*"Ancestor worship is still part of my religion as a Christian ..."*  
 Trollip (1991:211) se studie van die Ndzundza-Ndebele vroue bevestig hierdie siening. Vier moeders in hulle veertigs en twee sendelinge wat onder die Zoeloes werk, bevestig dat sommige hierdie gebruik saam met hul Christelike geloof beoefen. Ander deelnemers (twee Tswanas en een Zoeloe) het erken dat hulle ouers en oumas nog in voorvaderaanbidding glo, maar dat hulle self dit nie meer beoefen nie. Dit bevestig die verandering oor tyd (van generasie tot generasie) van Kim se akkulturasie-model (kyk Figuur 3.5) sowel as Segall se individuele akkulturasie-model (kyk Figuur 3.2). Eshleman (1993:107) se studie bevestig akkulturasie wat ten opsigte van religieuse waardes plaasvind.
- **"Ons kerk is anders as ander kerke ..."** is 'n verwysing van 'n Afrikaanssprekende Blanke deelnemer na die Christelike kerk van die Swart inheemse etniese groepe. Die 'andersheid' in die gebruike en rituele binne die verskillende kulture word deur Van Schalkwyk (2000) bevestig.

### 3.3.2 Hedendaagse tydsgees en algemene klimaat

Die algemene klimaat en hedendaagse tydsgees verwys na die volgende aspekte:

- Suid-Afrika is tans in 'n oorgangstydperk wat die tradisionele kerklike leefwyse (religieuse terrein) betref (Burger, 1995:14). Volgens Burger (1995) is oorgangstye belangrik vir onder andere selfontdekking, eerlikheid in verhoudings, 'n soeke na ankerpunte (soos die religieuse) en gevolglik 'n opregte eerlike soeke na onder andere spiritualiteit.



## WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

- Die Blanke etniese groepe is een van die etniese groepe in Suid-Afrika wat onder andere ekonomiese krisisse beleef en wat hulle na ankerpunte soos die religieuse ‘dwing’ (Codrington 2001a).
- Mense word aangemoedig om eerlik en vrylik hul mening te gee oor verskeie politieke sake, homoseksualiteit en ander behoeftes en hierdie vryheid word ook op die religieuse terreine beleef (Coetzee, 1997).

Wanneer bogenoemde stellings in ag geneem word, is dit verstaanbaar dat die religieuse gesinsekologiese waardeterrein as ‘n prioriteit deur die ondersoekgroep beskou word.

### 3.3.3 Persoonlike omstandighede

Uit onderhoude is bevestig dat die volgende persoonlike omstandighede deel van die deelnemers se lewe is en dit kan die religieuse waardes beïnvloed:

- Wat hierdie spesifieke deelnemers betref, gee hulle kollege aandag aan die religieuse versorging van sy studente. Daar word byvoorbeeld gereeld geopen met skriflesing, sang en gebed. Die deelnemers verkeer dus binne ‘n ‘religieuse klimaat.’
- Verpleging as beroep het te make met onder andere die verganklikheid van die mens aangesien aspekte soos siekte en dood as deel van die daaglikse lewe ervaar word. Die ewigheidsaspekte van die religieuse kan dus belangrik word. Hierdie siening is deur sommige van die deelnemers bevestig en soos volg deur ‘n deelnemer verwoord: “... met so baie dood om jou moet jy aan jou geloof vashou.”
- Persoonlike krisisse kan aanleiding gee tot ‘n behoefte aan ankerpunte soos wat die religieuse bied. Die krisisse wat deelnemers beleef, is onder andere armoede, gesinsverbrokkeling (kyk 5 van Hoofstuk 7) en aanpassing by die eise van die beroep. Hierdie verskynsels kom veral onder die Kleurlinge en Swart inheemse etniese groepe voor (Harvey, 1992:22-27).

### 3.3.4 Die ontwikkeling van die individu

Daar is voortdurende ontwikkeling in ‘n individu se sisteem van betekenis (religieuse terrein) (Bee & Bjorklund, 2000:305-328). Soos wat ‘n persoonlikheid (intra-psigies) ontwikkel, kan die religieuse waardesisteem ook ontwikkel. Die Christelike en die Hindugeloof erken die individu se vermoë om ‘geestelik te groei of te ontwikkel’. Daar word dus gestrewe na geestelike volwassenheid (Louw, 2000).

Die jong volwassene beleef ‘n behoefte om selfstandig te wees. ‘n Deelnemer bevestig dit met die volgende opmerking: “... my eie *mind* op te maak ...”. Hoewel die jong volwassene haar onafhanklikheid toon deur self besluite te neem ten opsigte van haar religieuse persepsies, emosies, behoeftes en gedrag, bly die afhanklikheid nogtans daar aangesien sy ook verbonde is aan haar geloofsoortuigings soos die afhanklikheid van God. In die volgende paragrawe sal hierdie afhanklikheid verder bespreek word.

### 3.3.5 Uniekheid van die individu

Elke individu is uniek in sy eie persoonlikheidsamestelling, behoeftes, oortuigings en doelwitte. Verder beleef die individu haar persoonlike omstandighede en die sosio-kulturele klimaat op ‘n unieke wyse. Daar kan dus verwys word na die interne- (intra-psigiese

## WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

samstelling) sowel as die eksterne omstandigheidsfaktore wat aanleiding tot die behoefte aan die religieuse gee.

Die perseptuele, kognitiewe, emotiewe, disposisionele (Jordaan & Jordaan, 1988:305-641) vaardigheidsvermoëns en ervarings vorm die intra-psigiese samstelling van 'n individu. Dit is juis hierdie unieke samstelling en ervarings wat lei tot verskillende persepsies, denke, emosies, behoeftes en handeling van gesinsekologiese waardes soos byvoorbeeld die religieuse waardes en waarde-oriëntasies. Daarom is daar verskillende religieuse belewenisse en toepassings (waarde-oriëntasies) (Hybels & Hybels, 1991: 101-117). Omdat elke individu en ook die jong volwassene uniek is, is elkeen uniek in sy hantering van die religieuse.

Wat sterk in sommige van die deelnemers se behoeftes en persoonlikhede na vore kom, is hulle afhanklikheid en behoefte aan hulp. Gevolglik het sommige deelnemers die persepsie en ervarings dat God help en ondersteuning bied. Uit die volgende stellings van sommige deelnemers kan hulle afhanklikheid afgelei word:

**“My geloof het my deur moeilike situasies gehelp.”**

**“God gee my die krag ...”**

**“Do your best, God will do the rest.”**

**“As ek belangrike besluite moet neem, bid ek daarvoor.”**

### 3.3.6 Religieuse dimensies

Engel (1979:226) meen dat religieuse ondervindings in vyf dimensies geklassifiseer kan word. Deur die antwoorde op die oop vrae in die vraelys, die skaal vir waardes en onderhoude het sommige deelnemers die bostaande dimensies bevestig. Die volgende dimensies van Engel (1979:226) en stellings van deelnemers word vervolgens genoem:

- Die ideologiese dimensie verwys na bepaalde religieuse oortuigings.  
**“God gee my krag ...”**
- Die rituele dimensie verwys na gebruik en praktyke in godsdienstbeoefening.  
**“... sing en dans in die kerk.”**
- Die intellektuele dimensie verwys na bepaalde kennis van spesifieke geloofswaarhede.  
**“Die Here help ...”**
- Die ondervindingsdimensie verwys na kontak of ervaring met die bonatuurlike.  
**“My geloof het my deur moeilike situasies gehelp.”**
- Die toepassingsdimensie verwys na die effek wat religieuse oortuigings in 'n persoon se lewe het.  
**“As ek belangrike besluite moet neem, bid ek daarvoor.”**

## 4 BEROEPSWAARDES

Die resultate ten opsigte van die belangrikheid van beroepswaardes soos gemeet met die Vraelys wat belangrike/onbelangrike waardes deur geslote vrae bepaal en die Likert-tipe skaal word in Tabela 8.5 en 8.6 weergegee.

WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

**TABEL 8.5: BEROEPSWAARDEPRIORITEITE VAN DIE ETNIESE GROEPE**

n	Etniese groep	Vraelys om die belangrikste/onbelangrikste waardes te bepaal.		Skaal vir waardes
		Belangrikste	Onbelangrikste	
25	Afrikaans	4	3	5.8
6	Engels	1	0	5.5
11	Indiër	7	0	6.2
15	Kleurling	4	1	5.7
31	Sotho	18	1	5.6
21	Tswana	19	0	5.7
9	Xhosa	5	0	5.6
36	Zoeloe	26	1	5.4

Uit Tabel 8.5 kan die volgende afleidings gemaak word:

- Blankes en Kleurlinge meen hulle beroep is nie een van die belangrikste prioriteite nie. Dit kan wees dat hulle dit bloot as 'n werk vir die huidige omstandighede beskou en dat indien hulle situasie later verander, hulle 'n ander werk kan kry of glad nie werk nie. 'n Ander moontlikheid is dat hulle bloot meen ander waardes is belangriker.
- Al die Swart inheemse etniese groepe, maar veral die Tswanas meen hul beroep is belangrik. Moontlike verklarings hiervoor sal later genoem word.
- Daar blyk 'n ooreenkoms tussen die skaalwaardes en die betrokke vraelys by die Indiërs en al die ander Swart inheemse bevolkingsgroepe te wees. Dieselfde mate van ooreenkoms kon nie by die Kleurlinge, Engelssprekende Blankes en veral die Afrikaanssprekende Blankes gekry word nie. 'n Verklaring hiervoor is moontlik die konteks waarin die beroepswaardes in die skaal ook deur ander waardes, soos onder andere verhoudinge en moraliteit, beïnvloed is.

**TABEL 8.6: ETNIESE GROEPE SE EVALUERINGS VAN DIE BEROEPSWAARDES OP DIE LIKERT-TIPE SKAAL VIR WAARDES**

n=154			Skaalwaardes:1-7							
Item	Spesifieke waardes	Verband	Etniese groepe se gemiddelde skaalwaardes							
			A	E	I	K	S	T	X	Z
V118	Werksbevre diging Selfgerig	Self	6	6.2	6.8	5.6	5.3	5.7	5.5	5.9
V119	Werksbevre diging Selfgerig	Self	6.4	6.2	6.3	6.4	6.8	6.6	5.7	6.2
V120	Sekuriteit Selfgerig	Self	4.6	5.2	5	5.6	5.7	5.1	5.7	4.9
V122	Werksbevre diging Selfgerig	Vriend	6.6	5.2	6.4	5.0	4.6	5.3	5.2	4.8
V124	Hardwerkend Toewyding Dienslewering	Self	5.5	4.7	6.3	6.0	5.7	5.5	6.1	5.3

WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

### 4.2.3 Die rol van die gemeenskap

Die gemeenskap se waardes, oortuigings en norme kan 'n rol in die tot standkoming van waardeprioriteite in die gesin speel (Inverson & Farber, 1996; Zvinkliene, 1996). Die gemeenskap het bepaalde oortuigings ten opsigte van waardeprioriteite wat aan sekere beroepe gekoppel word en glo onder andere dat dienslewering met verpleging geassosieer word (Bee & Bjorklund, 2000:242).

Sommige deelnemers noem dat die gesinslede en belanghebbendes in die gemeenskap beroepskeuses kan beïnvloed:

*“My mother told every child what they should become. She told me ... you must be a nurse. My family and the older people in the community agreed with this. So I became a nurse. I like nursing. My mother was right.”*

*“My brothers influenced me to take a professional job.”*

*“My teachers told me to study for a profession.”*

Ouers en ander persone kan dus 'n beroep aan 'n persoon 'toeskryf.' Bee en Bjorklund (2000:243-244) noem dat verskeie sosio-ekonomiese klasse hulle kinders aanmoedig om verder te studeer en so bepaalde beroepe te beklee. Die verskynsel van die moeder wat 'n beroep buite die huis beoefen, kan tot bepaalde positiewe persepsies oor die beroepsvrou en tot die gepaardgaande beroepswaardes bydra.

## 5 LIGGAAMLIKE WAARDES

Die resultate ten opsigte van die belangrikheid van liggaamlike waardes soos gemeet met die Vraelys wat belangrike/onbelangrike waardes deur geslote vrae bepaal en die Likert-tipe skaal word in Tabelle 8.7 en 8.8 weergegee.

**TABEL 8.7: LIGGAAMLIKE WAARDEPRIORITEITE VAN DIE ETNIESE GROEPE**

n	Etniese groep	Vraelys om die belangrikste/onbelangrikste waardes deur geslote vrae te bepaal		Skaal vir waardes
		Belangrikste	Onbelangrikste	
25	Afrikaans	5	0	5.2
6	Engels	2	0	5.3
11	Indiër	1	0	5.9
15	Kleurling	4	1	6.0
31	Sotho	14	0	6.0
21	Tswana	14	0	6.1
9	Xhosa	5	0	6.0
36	Zoeloe	19	1	5.9

Uit Tabel 8.7 kan die volgende afleidings gemaak word:

- Die Swart inheemse groepe is almal oortuig dat liggaamlike waardes belangrik is. Beide die betrokke vraelys en die skaal bevestig dit.
- Alhoewel geen van die Indiërs aangedui het dat liggaamlike waardes onbelangrik is nie, het slegs een uit 11 aangedui dat dit een van die vyf belangrikste waardes is.



WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

- Tussen die twee Blanke groepe is daar ook eenstemmigheid oor die belangrikheid van liggaamlike waardes. Die Kleurlinge se waardeprioriteite ten opsigte van liggaamlike waardes is nader aan die van die Blanke groepe as aan die Swart inheemse groepe.

Moontlike verklarings vir die belangrikheid van liggaamlike waardes sal onder 5.2 bespreek word.

Die spesifieke situasie soos in die Likert-tipe skaal vir waardes voorgestel, is deur die deelnemers geëvalueer. Genoemde evaluering dui die belangrikheid van liggaamlike waardes onder spesifieke omstandighede aan. Die resultate word in Tabel 8.8 vervat.

**TABEL 8.8: ETNIESE GROEPE SE EVALUERINGS VAN DIE LIGGAAMLIGE WAARDES OP DIE LIKERT-TIPE SKAAL VIR WAARDES**

Item	Spesifieke waardes	Verband	Skaalwaardes: 1-7							
			Etniese groepe se gemiddelde skaalwaardes							
n=154			A	E	I	K	S	T	X	Z
V88	Gesondheid Sportief Selfversorging	Self	5.3	5.3	6.6	6.2	6.2	6.2	6.0	5.9
V89	Sportief	Samelewing	4.8	5.8	5.0	6.0	5.0	6.2	5.8	5.2
V90	Gesondheid Versorging	Self	4.1	4.8	4.0	5.3	5.8	6.1	6.0	5.6
V91	Opvoeding Gesondheid Versorging	Self	5.3	4.1	6.8	6.3	6.4	6.1	5.8	6.4
V92	Gesondheid	Samelewing	6.3	6.1	6.9	6.4	6.7	6.7	6.2	6.3

Na aanleiding van die bostaande evaluering kan die volgende afleidings gemaak word:

- Die respons op V88 dui aan dat al die etniese groepe die belangrikheid van draaf en deelname aan sport erken en moontlik daaraan sal deelneem. Dit is veral die Indiërs wat positief hieroor voel terwyl die twee Blanke groepe meer negatief reageer.
- Volgens die respons op V89 stem al die deelnemers tot 'n mindere of meerdere mate saam dat sport in Suid-Afrika belangrik is. Codrington (2001a) bevestig die belangrikheid van sport onder jong mense.
- Die twee Blanke groepe en die Indiërs dui in die evaluering van V90 aan dat hulle nie juis nutriëntaanvullings gereeld gebruik nie. Die ander etniese groepe gebruik nutriëntaanvullings meer gereeld omdat hulle liggaamlike waardes as belangrik ag.
- Behalwe die Engelssprekende Blankes (en tot 'n mate die Afrikaanssprekende Blankes) meen al die ander etniese groepe in die evaluering op V91 dat dit belangrik is dat lesings oor 'n gesonde leefwyse bygewoon moet word. Die evaluering in V92 van die twee Blanke groepe mag aandui dat hierdie twee groepe voel dat gesondheid belangrik is, maar dat hulle nie die nodigheid vind om lesings by te woon nie. 'n Rede hiervoor kan moontlik wees dat hulle nie belangstel in die verbreding van hulle kennis nie, hulle reeds beskik oor die nodige kennis en/of dat 'n gesonde leefwyse nie baie belangrik is nie.

## WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

- Al die etniese groepe dui in hulle evaluering van V92 aan dat die regering meer moet doen om gesondheid te bevorder. Die verantwoordelikheid van gesondheid word dus ook op die regering geplaas.

### 5.1 Die belangrikheid van liggaamlike waardes

Liggaamlike waardes het met die fisieke versorging van die liggaam te make en sluit ook aspekte soos gesondheid in. Die biologiese en fisiologiese verandering wat van geboorte tot in die volwasse stadium plaasvind, het psigiese en sosiale implikasies vir die betrokke persoon (Hurlock, 1978:122; Weiten, 1992:420-421). Op die psigiese terrein is dit onder andere die houding teenoor en die aanvaarding van die eie liggaam wat belangrik is (Weiten, 1992:420-421; Louw & Edwards, 1993:561-569). Ten opsigte van die sosiale terrein is dit aspekte soos die opinie van ander persone, ten opsigte van onder andere liggaamsveranderinge, wat vir die jong volwassene belangrik is. Wanneer daar na die liggaamlike verwys word, is daar dus ook 'n wye verskeidenheid psigologiese en sosiale implikasies ter sprake. So gesien betrek liggaamlike waardes verskeie ander waardeterreine.

### 5.2 Faktore wat die belangrikheid van liggaamlike waardes beïnvloed

Die volgende faktore kan die belangrikheid van liggaamlike waardes beïnvloed.

#### 5.2.1 Algemene agtergrond van die jong volwassene

Die onderhoude met die deelnemers het aangetoon dat dit, in sommige gevalle, 'n kulturele gebruik is dat ouers nie met hulle kinders oor die kind se liggaamsveranderinge praat nie. Hierdie tendens het in byna al die onderhoude met Afrikaanssprekendes, Tswanas en Zoeloes na vore gekom. Die volgende stellings van die deelnemers bevestig genoemde stelling:

***"I felt as if I did something wrong when I started menstruating. They (parents) did not tell me about it ... I learned this from the school. Every month when I had a lot of pain they did not even give me a pill for the pain."***

***"My older sister told me about the changes in my body. My mother never told me about this."***

***"Our parents do not speak about those things."***

***"My ma het my nie vertel dat sy swanger is nie."***

Hierdie ervarings word ook deur informante en 'n kenner van die kultuur van Swart etniese groepe bevestig.

Een van bogenoemde gevalle het genoem dat sy baie jonk was toe sy begin menstrueer het. Dit was vir haar 'n ontstellende emosionele ervaring. Dit is duidelik dat sy nie gereed was om hierdie gebeure in haar liggaam te verwerk het nie. Hierdie is 'n voorbeeld van Puren en Bielby se tydsmodel (kyk Hoofstuk 5, Figuur 5.1) waar die liggaamlike en die psigiese terreine nie teen dieselfde tempo ontwikkel nie. Die gevolg hiervan is dat sy as jong volwassene meen dat sy steeds onverwerkte emosies oor genoemde gebeure het. Gevolglik is sy onseker hoe sy liggaamlike waardes moet evalueer.

Die Tswana deelnemers waarmee daar onderhoude gevoer is, het genoem dat hulle nie juis siekte in die huis geken het nie. (Twee mediese dokters het by navraag teenoor die navorser



## WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

bevestig dat algemeen gesproke die Swart inheemse groepe moontlik 'n beter immuunstelsel as Blankes van die middel- en hoër klas het. Die huidige voorkoms van Vigs kan hierdie waarneming beïnvloed.) Die Tswana deelnemers noem verder dat gesondheid nie juis aandag in hulle gesinne van oorsprong geniet het nie. Blanke Afrikaanssprekende deelnemers rapporteer dat indien hulle ernstig siek was, hulle na die dokter geneem is. Beide groepe het nooit nutriëntaanvullings gebruik nie. Die Tswana deelnemers en 'n Zoeloe deelnemer meld dat hulle hoofsaaklik van pap en *marog* (groentesoort) geleef het en dat hulle nie bewus was van voedselgroepe, die belangrikheid van 'n verskeidenheid van voedsels in die diëet en die insluiting van 'n voedsel uit die voedselgroepe op 'n gereelde grondslag nie.

Dit is veral die Swart inheemse deelnemers wat ontnugter is ten opsigte van hulle ouers se hantering van gesondheid en die voorkoming van siektes. As gevolg van die deelnemers se beroep as verpleegsters is hulle nou baie meer bewus van die belangrikheid van gesondheid, die instandhouding van 'n gesonde liggaam en die belangrikheid om oor verskeie aspekte van liggaamlike versorging te kommunikeer. Hierdie is moontlik 'n verklaring waarom die deelnemers uit die Swart inheemse etniese groepe liggaamlike waardes as belangriker as die Blankes beskou (kyk Tabel 8.7).

Volgens die media kom seksuele misbruik op 'n vroeë ouderdom voor. Tans is daar veldtogte teen seksuele misbruik en word hierdie aspek meer openlik bespreek. Van die owerheid se kant is besluite geneem om jong kinders in te lig oor hul regte ten opsigte van hulle liggaam en die beskerming daarvan (Gouws, 2000). Ander veldtogte wat deur die skole gevoer word, is beter eetgewoontes en oefening vir 'n gesonde liggaam. Bee en Bjorklund (2000: 121) en Serfontein (2000) noem dat die wyer publisiteit ten opsigte van gesondheid tot gesonder gewoontes kan bydra. Die bewustheid van gesondheid en seksuele misbruik kon die prioriteit van liggaamlike waardes verhoog.

Volgens Bee en Bjorklund (2000:101) slaan die jong volwassene nie baie ag op 'n gesonde liggaam nie aangesien veroudering en 'n swak gesondheid normaalweg nie as 'n onmiddellike bedreiging ervaar word nie. 'n Blanke deelnemer bevestig dit:

**“Ons is nog jonk en dink nie aan siekte en doodgaan nie. Dit gebeur met ou mense.”**

Epidemies soos vigs en ander aansteeklike siektes het genoemde persepsie van jong mense tot 'n mate verander (Codrington, 2001a).

### 5.2.2 Unieke samestelling en spesifieke ervarings van die individu

Hier word spesifiek verwys na persoonlikheidstipes se liggaampersepsies (Bee & Bjorklund, 2000:123-124). Sommige jong volwassenes is wel bewus van hulle liggame en die versorging en voorkoms daarvan (Weiten, 1992:377-378). Hierdie versorging kan deelname aan sport, gesondheidsbewustheid en die estetiese aspekte van die liggaam insluit. Ander waardes en behoeftes soos onder andere affiliasie, status en mag sowel as die belangrikheid van die self, word dan aan liggaamlike waardes gekoppel.

Positiewe ervarings soos komplimente ten opsigte van die liggaamlike en negatiewe ervarings (soos ernstige siektes) ten opsigte van die liggaam kan die aandag op liggaamlike waardes vestig. 'n Afrikaanssprekende Blanke deelnemer het die volgende genoem:

**“Ons het nie juis aandag aan gesonde kos gegee nie ... eers na my pa se siekte ...”**

WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

6 VERHOUDINGSWAARDES

Die resultate ten opsigte van die belangrikheid van verhoudingswaardes soos gemeet met die Vraelys wat belangrike/onbelangrike waardes deur geslote vrae bepaal en die Likert-tipe skaal word in Tabelle 8.9 en 8.10 weergegee.

TABEL 8.9 : VERHOUDINGSWAARDEPRIORITEITE VAN DIE ETNIESE GROEPE

n	Etniese groep	Vraelys om die belangrikste/onbelangrikste waardes deur geslote vrae te bepaal		Skaal vir waardes
		Belangrikste	Onbelangrikste	
25	Afrikaans	16	1	5.4
6	Engels	5	1	5.8
11	Indiër	8	0	5.9
15	Kleurling	9	1	5.3
31	Sotho	15	2	5.6
21	Tswana	12	7	5.6
9	Xhosa	2	2	5.4
36	Zoeloe	18	8	5.7

In Tabel 8.9 is dit duidelik dat daar verskille en ooreenkomste tussen die verskillende etniese groepe is. Hierdie verskille word veral in die evaluering van die genoemde vraelys gevind. Die volgende tendense word waargeneem:

- Die Indiërs toon in die vraelys en skaal aan dat verhoudingswaardes 'n belangrike prioriteit is. Dit hou waarskynlik verband met hulle godsdienstige opdragte van die Hindugeloof, naamlik dat 'n mens 'n verantwoordelikheid teenoor ander persone het. Hierdie verantwoordelikheid hou ook waarskynlik verband met die feit dat ouers by hulle kinders inwoon (Moodley, 1993).
- Afrikaans- en Engelssprekende Blankes sowel as Kleurlinge beklemtoon ook dat verhoudingswaardes belangrik is. 'n Moontlike rede hiervoor is dat die Christelike geloof klem op die belangrikheid van goeie interpersoonlike verhoudings lê. 'n Ander moontlike rede is dat die jong volwassene (soos ander ouderdomsgroepe) se geluk (gemoed) onder andere afhanklik is van goeie verhoudings (Eshleman, 1993:78). Codrington (1999, 2001a) bevestig hierdie belangrikheid van verhoudings.
- Volgens die response op die vraelys oordeel die Swart inheemse etniese groepe dat verhoudingswaardes nie baie belangrik is nie en voorkeur gee aan ander waardeterreine. Dit kan wees omdat oorlewingswaardes soos byvoorbeeld beroep en finansies belangriker geag word. Die telling op die skaal toon egter dat verhoudingswaardes wel belangrik is. Dit wil sê wanneer die jong volwassenes in 'n bepaalde situasie geplaas word, word verhoudings tog belangrik geag.

Die gemiddeldes van die items op die Likert-tipe skaal vir waardes spreek die verskillende waardes en die konteks waarin hulle gebruik word aan. Hierdie kontekste (situasies) kan die belangrikheid van waardes beïnvloed. In Tabel 8.10 word hierdie verskille weerspieël.



## WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

**TABEL 8.10: ETNIESE GROEPE SE EVALUERINGS VAN DIE VERHOUDINGSWAARDES OP DIE LIKERT-TIPE SKAAL VIR WAARDES**

n=154 Item	Spesifieke waardes	Verband	Skaalwaardes: 1-7 Etniese groepe se gemiddelde skaalwaardes							
			A	E	I	K	S	T	X	Z
V38	Samewerking Mensgeoriënteerd Opofferend	Beroep	4.8	5.0	4.3	3.9	3.6	3.6	3.2	4.0
V39	Samewerking Mensgeoriënteerd Andergerig	Beroep	5.8	6.6	6.9	6.0	6.7	6.4	6.8	6.3
V41	Hulpvaardig Andergerig Mensgeoriënteerd Betrokke Vriendskap	Vriend Gesin	6.3	6.5	6.8	6.0	6.5	6.5	6.5	6.8
V42	Offervaardig Sosiaal Andergerig Kollektivisme Konformisties	Familie	4.9	6.5	6.6	5.9	6.5	6.5	6.3	6.8
V43	Offervaardig Altruïsme Mensgeoriënteerd Andergerig	Gesin Vriende	5.1	4.6	5.0	4.7	4.4	5.0	3.7	4.5

Die evaluering van die verskillende situasies wat deur die skaal voorgestel word toon die volgende tendense.

- Die response op V38 toon aan dat daar by bykans al die groepe nie juis 'n bereidwilligheid is om moeite te doen om 'moeilike' kollegas se vriendskap te wen nie.
- In die evaluering van V39 word aangetoon dat ten spyte daarvan dat die deelnemers nie baie moeite sal doen nie (kyk V38), hulle tog bereid is om aan verhoudings by die werk te werk.
- V41 se resultate dui aan dat dit vir die deelnemers belangrik is om vriende te help. Tourville en Bowen (1994) asook Codrington, (2001a) bevestig hierdie siening.
- Volgens die response op V42 is besoeke aan familie nie so belangrik vir die Afrikaanssprekendes Blankes as vir die ander groepe nie. Moontlike oorsake is die gebrek aan tyd en/of finansies.
- Die respons op V43 toon aan dat die deelnemers persoonlike belange belangriker as gesinsbelange beskou. Hierdie respons word ook bevestig deur een van die deelnemers wat vir 'n jaar oorsee gaan werk om meer geld te verdien. Sy was bereid om die geleentheid aan te gryp ten spyte van die feit dat sy in hierdie tydperk ver van haar vriende, gesin en familie sou wees.
- Die response op V43 en V38 toon dat deelnemers in sekere opsigte selfgerig optree. Codrington (2001b) huldig ook hierdie siening.

## WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

### 6.1 Belangrikheid van verhoudingswaardes

Verhoudingswaardes verwys na waardes ten opsigte van interpersoonlike verhoudings (Foster, 1993:771). Hierdie interpersoonlike verhoudingslewe begin by die gesin en kring uit tot die verskillende gesinsekologiese lewensterreine waarmee die jong volwassene tans, sowel as in sy ontwikkelingsjare, te make het.

Die inligting in Tabelle 8.1 en 8.2 sowel as Figuur 8.1 toon aan dat die deelnemers meen dat verhoudingswaardes belangrik is. Die resultate van Tabel 8.2 toon dat die deelnemers die meeste na verhoudings verwys wat moontlik daarop kan dui hoe belangrik verhoudings in die daaglikse lewe van die deelnemers is. Die studies van Codrington (2001a) en Louw (2000) bevestig dat verhoudings vir die jong volwassene belangrik is.

### 6.2 Faktore wat die belangrikheid van verhoudingswaardes beïnvloed

Benewens etnisiteit en bepaalde situasies is daar ander faktore wat die belangrikheid van verhoudingswaardes kan beïnvloed.

#### 6.2.1 Die gesinsekologiese waardeterreine

Interpersoonlike verhoudings is in alle gemeenskaps- en samelewingsisteme waar mense betrokke is van toepassing. Genoemde sisteme kan ook as gesinsekologiese terreine gesien word en daarom kan verhoudingswaardes deel van hierdie gesinsekologiese waardeterreine wees. Die verband tussen die verskillende gesinsekologiese waardes onderling was kortliks aangedui aangesien elke terrein afsonderlik hanteer sal word:

- Die religieuse terrein bevat voorskrifte in die hantering van die verhouding met die goddelike sowel as interpersoonlike verhoudings. So byvoorbeeld dui sommige deelnemers aan dat voorvadergeeste nog vereer word:

*“I believe in ancestor worship.”*

*“I do not do ancestor worship, but my mother does.”*

Daar is dus ‘n spesifieke houding, oortuiging en behoefte om die ‘verhouding’ met die voorvaders in ere te hou. Hierdie spesifieke religieuse optrede kan geïnspireer word deur vrees, bygelowe ten opsigte van voor- of teenspoed en kulturele verpligtinge eerder as die belangrikheid van verhoudings.

- In aansluiting by die outoriteitsterrein, kan die volgende voorbeeld genoem word. Die oortuiging dat die vader as hoof van die gesin (patriarg), die reg het om sy vrou te oorheers, bestaan tot ‘n mate nog onder die deelnemers, maar beperkte gesag word daaraan gegee. Vroeër sou dit ‘aanvaar’ word as ‘n man sy vrou slaan, maar die hedendaagse jong volwassenes aanvaar hierdie optrede nie meer nie. ‘n Kleurlingvrou het die volgende opmerking gemaak:  
*“Nou se dae lat ons nie meer aan ons slat nie.”* "Slat" verwys na slaan en verder verwys sy na die optrede van die mans teenoor die vrouens.

## WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

- Die waardeterreine van die self, liggaamlike en intellektuele kan ook die verhoudingslewe van die jong volwassene insluit. Die jong volwassene evalueer haarself op genoemde drie terreine aan die opinies van ‘ander persone’ (Foster, 1993:779). Die persepsie en denke (kognitiewe) van die jong volwassene oor hierdie drie gesinsekologiese waardeterreine is dus afhanklik van ‘ander persone’ se opinies. Hierdie evaluering kan positief of negatief wees en kan verhoudings op die volgende wyse beïnvloed. Persepsies lei tot emosionele (affektiewe) ervarings en tot houdings wat weer tot bepaalde optrede (konatiewe) in interpersoonlike verhoudings kan lei.
- Die ontspanningsterrein kan ‘n terrein wees waar interpersoonlike verhoudings ontwikkel of versterk kan word. Volgens Codrington (1999; 2001a) se studie het die jong volwasse deelnemers in sy studies aangedui dat interpersoonlike verhoudings ‘n belangrike komponent van ontspanning is.
- Interpersoonlike verhoudings kan die gemoed van die jong volwassene positief of negatief beïnvloed (Eshleman, 1993:77). Deelnemers het genoem dat hulle eie kinders en gesinne vreugde bring. Die negatiewe optrede in interpersoonlike verhoudings kan ook tot ongelukkigheid lei. Die volgende aanhalings bevestig bogenoemde stellings:  
***“My children and family makes me happy.”***  
***“Dit maak my ongelukkig as mense baklei en skinder.”***
- Estetiese aspekte soos musiek en die kunste kan aanleiding tot interpersoonlike verhoudings gee omdat daar ‘n gemeenskaplike belangstelling kan wees.
- Die natuur as gesinsekologiese terrein kan interpersoonlike verhoudings impliseer wanneer persone saamwerk vir byvoorbeeld die behoud van en waardering vir die natuur. Soos sommige deelnemers aangedui het, moes die meisies saamgaan om water te gaan haal of veldvrugte te pluk. Verhoudings het dan in die uitvoering van hulle plig ontstaan.

Uit bostaande is dit duidelik dat samewerking op verskillende terreine tot interpersoonlike verhoudings kan lei. Hierdie verhoudings kan aspekte soos produktiwiteit, lojaliteit, vaardigheid en kreatiwiteit onderling bevorder of benadeel. Uit goeie menseverhoudings kan die individue, die betrokke groepe en die gemeenskap baat. Hierdie siening bevestig die interafhanklikheid van die verskillende waardeterreine van die gesinsekologiese perspektief.

### 6.2.2 Groepe en verhoudings

Wat groepe betref word daar na drie groepe verwys naamlik die primêre-, sekondêre- en tersiêre. Om deel van ‘n groep te wees is belangrik vir die individu omdat daar ‘n behoefte aan affiliasie is. Jordaan en Jordaan (1988: 740) verwys na primêre en sekondêre groepe. Primêre groepe is hoofsaaklik die gesin en daar is ‘n behoefte aan onder andere affeksie (liefde), insluiting en beheer (Eshleman, 1993: 77). Die deelnemers rapporteer wel dat hierdie aspekte teenwoordig was, maar wat hulle persoonlik betref, was daar in die meeste gevalle

#### WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

'n gebrek aan demonstratiewe liefde (kyk Hoofstuk 9). Die gesin word egter deur die deelnemers ervaar as die belangrikste komponent van hul verhoudingslewe aangesien die gesin vir verskeie vorme van ondersteuning sorg. Dit is onseker watter aspekte werklik die belangrikste is naamlik die verhouding of die 'ondersteuning' wat daardeur verkry word. Waar die gesin as primêre groep nie in die behoeftes kan voorsien nie, help die familie of gemeenskap (sekondêre groepe) soms (Eshleman, 1993:93-100). Die volgende woorde van 'n deelnemer en moeder onderskeidelik bevestig dit:

***"When there was no food in the house, my mother sent us to her sister to eat."***

***"Ek het nie 'n man nie ... so as my kênners stout is, sal die chieff hulle slaan."*** "Chieff" verwys na die hoofman van die stam of gemeenskap.

Hieruit kan afgelei word dat die gemeenskap waarde heg aan die versorging van die gesin en die individu. Verhoudingswaardes soos medemenslikheid, dienslewering en versorging kom dus hier na vore.

Die verskuiwing van afhanklikheid na onafhanklikheid van die gesin van oorsprong is 'n belangrike kenmerk van die jong volwassene se lewe. Dit sluit ook die soeke na 'n lewensmaat en sodoende nuwe verhoudings in. Volgens Erikson (1959,1969) word die jong volwasse stadium gekenmerk deur die soeke na die intimiteit van 'n lewensmaat. Dit is dus weer 'n ander aspek van die jong volwassene se verhoudingslewe. Baie deelnemers bevestig dat hulle wel in 'n verhouding staan met so 'n moontlike lewensmaat. Sommige van die deelnemers is ook reeds getroud. Die onafhanklikheid van die gesin van oorsprong word dus verruil vir die afhanklikheid van die 'nuwe primêre groep'. Die 'nuwe primêre groep' is dus die romantiese verhoudingslewe van die jong volwassene.

Duvall en Miller (1985:94) verwys na spesifieke faktore wat in die soeke van 'n lewensmaat 'n rol speel. Eenstemmigheid ten opsigte van houdings en waardes op die gesinsekologiese terreine sowel as byvoorbeeld agtergrond, persoonlikheid, etniese agtergrond, opvoeding en sosio-ekonomiese status is belangrik. Sommige deelnemers het ook bepaalde houdings oor etniese agtergrond gehad: Volgens 'n informant uit die swart inheemse groepe het die man op straat nie juis 'n probleem met sogenaamde etnies gemengde huwelike nie, maar die stamhoof en ander persone in soortgelyke gesagsposisies soos die koning behoort binne sy etniese groep te trou. Sommige van die deelnemers stem egter nie saam nie en noem dat etniese of ras gemengde huwelike nie juis aanvaarbaar is nie. Verder is dit veral vir die Indiërs, maar ook vir die ander etniese groepe, belangrik dat hulle binne hul sosiale klas trou. Om met 'n persoon van 'n hoër sosio-ekonomiese klas te trou is wel aanvaarbaar.

In sekondêre groepe, soos byvoorbeeld die beroepe, bestaan daar 'n kwaliteitsverskil in die verhoudingsdimensie (Jordaan & Jordaan, 1988:740). In hierdie groepe gaan dit meer oor taakgerigtheid (Eshleman, 1994:77) naamlik die samewerking van die groep (Foster, 1993: 791; Cronjé, Du Toit & Motlatla, 2000:166) in 'n bepaalde taak soos byvoorbeeld die bevordering van die openbare beeld van verpleegsters. Persone wat nie aan die verwagtings voldoen nie kan verwerp word op grond van die feit dat hulle skade aan die groep doen (Cronjé *et al*, 2000:166).



## WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

Wanneer die sekondêre groep verder uitkring, kan daar van 'n tersiêre groep (byvoorbeeld 'n nasie) gepraat word. By geleentheid toe die navorser data by die deelnemers se kollege ingesamel het, het die deelnemers op 'n studentevergadering die netelige saak van rasseverhoudings en die belange van 'n groep of nasie bespreek. Die volgende belangrike opmerkings is deur verteenwoordigers (deelnemers) van verskeie Swart inheemse etniese groepe gemaak:

*“Some of the white nurses do not support our meetings. They leave before the meeting is over.”*

*“It seems to me there is a personality problem between you (verwys na klaagster) and one of the white nurses. Don't make all your problems racial problems.”*

*“We are sick and tired that every problem must be a race problem. A black and white thing. I am a Ndebele and proud of it. Why is it that this problem is not a Ndebele versus Zulu or Sotho? Why must it always be a black white problem. I think you are unfair.”*

*“We are all South Africans, we are all nurses even if we are Zulus, Sotho's English or Afrikaans. Let us all have a good relationship and work together.”*

Dit was duidelik dat daar 'n behoefte bestaan om benewens die sekondêre groepe soos beroepsgroepe en etniese groepe ook ander groepe soos 'n nasie te vorm. Verder is dit duidelik dat hierdie groep gebaseer is op taakgerigtheid maar ook op goeie verhoudinge. Swak verhoudinge binne die primêre, sekondêre en tersiêre groepe kan taakgerigtheid nadelig beïnvloed.

Die volgende gevolgtrekkings ten opsigte van die groepe en interpersoonlike verhoudings kan gemaak word:

- Die gemeenskap en samelewing bestaan uit individue en verskeie groepe, naamlik primêre, sekondêre en tersiêre groepe.
- By hierdie groepe is verhoudings 'n belangrike komponent.
- Daar is gedeelde betekenisse of simbole/meestersimbole (byvoorbeeld beroepsbeeld en nasionalisme) in verhoudings.
- Hierdie betekenisse of simbole kry beslag in reëls, daaropvolgende optredes en uiteindelik geïnstitutionaliseerde gedrag, waarde-oriëntasies en waardes.
- Geïnstitutionaliseerde gedrag is die werkbare praktyke en gebeure wat deur die groep gesanksioneer word (Jordaan & Jordaan, 1988:751) en weerspieël bepaalde waarde-oriëntasies en waardes.

### 6.2.3 Uniekheid van die individu

Die individu (jong volwassene) se verhoudingswaardes word deur haar unieke samestelling beïnvloed. Hierdie samestelling is opgebou uit komponente soos onder andere persoonlikheid, ervarings, die wyse waarop sy sin maak van haar eie gedrag sowel as die van ander, doelwitte en verklaarde waardes (Louw *et al*, 1993: 511-582) en in hierdie geval verhoudingswaardes. Hierdie komponente werk saam om 'n persoonlike styl ten opsigte van objekte, mense en situasies in gedrag te konkretiseer. Die individu is uniek ten opsigte van onder andere die volgende dimensies wat op verhoudingswaardes dui:

## WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

- Individualisties teenoor kommunalisties.
- Taakgeoriënteerd teenoor mensgeoriënteerd.
- Geïsoleerd teenoor sosiaal.
- Selfgerig teenoor andergerig.
- Afhanklik teenoor onafhanklik.

Die taakgeoriënteerde verpleegkundige kan byvoorbeeld die uitoefening van haar beroepslewe belangriker ag as haar verhoudings met byvoorbeeld gesinslede en kollegas. Die mensgeoriënteerde verpleegkundige kan geleenthede gunstig oorweeg wat vir haar gesinslewe en verhoudingslewe voordelig is.

Die mensgeoriënteerde verpleegkundige sal geneig wees om moeite in haar beroep te doen om met die pasiënt en/of die familie van pasiënte te gesels en op hierdie wyse ondersteuning te gee. Daar kan dus 'n betekenisvolle verhouding met die pasiënt ontstaan. Benewens haar werk sal die mensgeoriënteerde verpleegkundige geneig wees om ook na goeie verhoudinge, binne en buite haar beroep, te soek.

Andergerigte verpleegkundiges sal moontlik ingestel wees om mense gelukkig te maak terwyl die selfgerigte verpleegkundige moontlik nie maklik opofferings en moeite sal doen nie. Die volgende opmerkings van deelnemers en informante bevestig hierdie stellings:

**“Jy help die pasiënte se familie ook.”**

**“Soms moet ek langer werk, want hulle (pasiënte) het my nodig.”**

***“I do not want to work overtime. I have a life ...”***

Die afhanklike verpleegkundige sal moontlik moeite doen om kontak met haar gesin van oorsprong en met ander verpleegkundiges te hê. Op hierdie wyse kan sy hulp en ondersteuning kry. Die onafhanklike verpleegster sal heelwaarskynlik makliker self besluite neem en moontlik verkies om alleen 'n bepaalde werk te verrig.

Volgens Chia *et al*, (1994) lei sogenaamde selfgerigte waardes tot onder andere min kontak met die gesin van oorsprong, individualisme en onafhanklikheid. Dit gaan egter van die individu self afhang tot watter mate hierdie sogenaamde moderne waardes gevolg gaan word.

## 7 LEWENSWAARDES

Die resultate ten opsigte van die belangrikheid van lewenswaardes soos gemeet met die Vraelys wat belangrike/onbelangrike waardes deur geslote vrae bepaal en die Likert-tipe skaal word in Tabelle 8.11 en 8.12 weergegee.

Tabel 8.11 wys die verskille en ooreenkomste tussen etniese groepe se evaluering ten opsigte van lewenswaardes aan.

WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

**TABEL 8.11: LEWENSWAARDEPRIORITEITE VAN DIE ETNIESE GROEPE**

n	Etniese groep	Vraelys om die belangrikste/onbelangrikste waardes te bepaal		Skaal vir waardes
		Belangrikste	Onbelangrikste	
25	Afrikaans	5	2	6.4
6	Engels	2	0	5.8
11	Indiër	1	0	5.5
15	Kleurling	4	1	6.0
31	Sotho	9	0	6.0
21	Tswana	7	0	5.6
9	Xhosa	2	0	5.6
36	Zoeloe	18	1	5.8

Uit Tabel 8.11 kan die volgende waarnemings en afleidings gemaak word. Sommige deelnemers het in die vraelys aangedui dat lewenswaardes nie een van die belangrikste waardes is nie, terwyl die response op die skaal aandui dat lewenswaardes wel belangrik is. Dit is moontlik 'n indikatie dat wanneer die deelnemers in 'n bepaalde situasie (konteks) geplaas word, die belangrikheid van die lewenswaardes duideliker na vore kom. Hierdie aspek blyk veral waar te wees ten opsigte van die Kleurlinge, Sotho's en Afrikaanssprekende Blankes.

**TABEL 8.12: ETNIESE GROEPE SE EVALUERINGS VAN DIE LEWENSWAARDES OP DIE LIKERT-TIPE SKAAL VIR WAARDES**

n=154

Skaalwaardes: 1-7

Item	Spesifieke waardes	Verband	Etniese groepe se gemiddelde skaalwaardes							
			A	E	I	K	S	T	X	Z
V127	Hulpvaardig Beskermend Andergerig	Samelewing	6.5	6.7	6.7	6.6	6.2	6.3	6.6	6.1
V129	Selfgerig Selfbeskermend	Vriendin	6.5	7.0	3.0	5.7	5.3	5.2	5.0	5.0
V130	Andergerig Beskermend Hulpvaardig Monetêr	Gemeenskap Self	6.6	5.2	6.7	6.5	6.5	6.0	6.3	6.4
V131	Seksualiteit Opvoeding Ingeligtheid	Samelewing	6.6	6.0	6.7	6.6	6.5	5.5	7	6.1
V133	Hulpvaardig Beskerming Andergerig	Samelewing	5.7	4.2	4.3	4.5	5.6	5.0	3.4	5.4



## WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

Die volgende afleidings kan uit Tabel 8.12 gemaak word:

- Volgens die response op V127 voel al die etniese groepe dat dit baie belangrik is dat in geboue voorsiening vir gestremdes gemaak moet word.
- V129 verwys na aborsie en die deelnemers se gevoel oor waardes rondom dië aangeleentheid is uiteenlopend. Al die Engelssprekende Blankes is teen aborsie, ongeag die omstandighede, terwyl die Indiërs die teenoorgestelde voel. By verdere navraag het jong volwasse Indiërs aangedui dat in sekere omstandighede soos byvoorbeeld ekonomiese probleme en as 'n loopbaan bedreig word, aborsie geregtig is. Hierdie opinie van die Indiërs openbaar aspekte van selfgerigheid.
- In die respons op V130 meen al die etniese groepe dat hulle sal bydra om die nood van straatkinders te verlig. Die Afrikaanssprekende Blankes en die Indiërs voel die sterkste hieroor. Broekmann en Duncan (1993:505) noem dat emosies (dit wil sê 'n jammerhartige gevoel vir straatkinders) 'n sosiale impak kan hê. Wanneer iemand emosioneel oor 'n saak voel, is die kans redelik goed dat so 'n persoon hulp sal verleen en gevolglik kan 'n negatiewe sosiale probleem verander word. Verdere redes waarom individue moontlik betrokke by maatskaplike probleme raak, is die behoefte om hulp te verleen, diens te lewer of te beskerm. Behoeftes om te beskerm en te vertroetel speel dus hier 'n rol (Weiten, 1992:343). Hierdie aspek hou moontlik verband met die aard van die vrou en die van die verpleegkundige naamlik om hulpvaardig teenoor ander te wees.
- Die response op V131 dui aan dat daar 'n positiewe houding teenoor seksopvoeding is. Dit is veral die Xhosas wat baie sterk hieroor voel. Louw, Louw en Schoeman (1993:563) dui aan dat met verstedeliking sekere aspekte van seksuele opvoeding deur die familie en gemeenskapsleiers by die Swart inheemse groepe verlore gegaan het. Hieruit kan afgelei word dat daar 'n behoefte aan seksuele opvoeding is.
- Volgens die response op V133, voel al die etniese groepe nie ewe positief oor verpligte noodhulp vir motorbestuurders nie. 'n Rede hiervoor kan moontlik wees dat noodhulp nie noodwendig met die bestuur van 'n motor in verband gebring word nie.

### 7.1 Die belangrikheid van lewenswaardes

Hier gaan dit oor die belangrikheid van onder andere die lewe as sodanig, lewenskwaliteit en seksuele aspekte. Lewenswaardes en liggaamlike waardes kan verwant aan mekaar wees aangesien beide met liggaamlike versorging in verband gebring kan word.

In hierdie studie is die volgende ten opsigte van die prioriteit van lewenswaardes gevind. Volgens die betrokke vraelys is lewenswaardes redelik belangrik. Hierdie belangrikheid word weerspieël in die skaalwaardes. Die skaal en die verwysings van die vraelys toon aan dat lewenswaardes belangrike waardes is wanneer dit met ander waardes vergelyk word.

### 7.2 Faktore wat die belangrikheid van lewenswaardes beïnvloed

Benewens die etnisiteit en die konteks (situasie) kan verskeie ander faktore die belangrikheid van lewenswaardes beïnvloed. Hierdie faktore sal vervolgens bespreek word.



## WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

### 7.2.1 Sosio-kulturele en sosio-ekonomiese agtergrond

Die sosio-kulturele en sosio-ekonomiese agtergrond van die jong volwassene kan 'n belangrike rol speel in persepsies, denke en die emosies rondom lewenswaardes. In hierdie studie is gevind dat sommige van die deelnemers uit 'n laer sosio-ekonomiese agtergrond (gesin van oorsprong) nie altyd die middele het vir genoeg kleding en voeding vir hulle kinders nie. Van die deelnemers uit die Swart inheemse etniese groepe het dan ook gerapporteer dat hulle soms sonder kos skool toe moes gaan (omdat daar nie meer kos in die huis was nie). Hulle klere was gewoonlik tweedehands, min en soms verslete. Die navorser het ook dieselfde waarnemings gemaak tydens haar besoek aan die landelike gebiede van onder andere KwaZulu-Natal. Genoemde toestande het daartoe gelei dat nuwe maniere van oorlewing na vore gekom het. Vrugte uit die veld en hulp van bure het gehelp in voedselvoorsiening. Hierdie omstandighede kan daartoe lei dat oorlewing een van die belangrikste fokusse en gevolglik waardes geword het.

Wat die sosio-kulturele aspekte betref is dit belangrik hoe die gesin, gemeenskap en die kultuur waartoe 'n persoon behoort, die jong volwassene kan beïnvloed. Die volgende voorbeeld kan genoem word. Volgens 'n informant kom sogenaamde 'agterstraat aborsies' dikwels onder die Kleurlinge en Swart inheemse etniese groepe voor. (Dit wil nie sê dat dit nie onder die ander etniese groepe voorkom nie.)

Hierdie praktyke word gelate deur die betrokke gemeenskappe aanvaar as onvermydelik aangesien daar nie altyd vir die ongebore kinders gesorg kan word nie of omdat die ongebore baba nie 'inpas' by die planne en ideale van die jong volwassene nie. Onder sulke omstandighede blyk dit dat lewenswaardes ondergeskik aan selfwaardes is. Informante uit die Indiërgemeenskap bevestig ook dat aborsie aanvaarbaar is wanneer ander waardes soos die ekonomiese en die selfwaardes swaarder weeg.

Vrugbaarheid is vir sommige etniese groepe baie belangrik (Trollip, 1991:213). Die Tswana en Zoeloe deelnemers het dan ook die volgende gerapporteer:

***"We live with our boyfriends and have children."***

***"It is much more acceptable in our culture to have a baby without being married."***

Een van die meer verwesterse Tswanas het egter die volgende opmerking gemaak:

***"My family will not be impressed if I get pregnant before being married."***

Hierdie laaste stelling is moontlik 'n morele waarde-oriëntasie en dui daarop dat die houding teenoor ongehude moeders meer die van die Blankes se siening weerspieël. In hierdie geval is morele waardes belangriker as vrugbaarheid. So gesien kan die uitwerking van akkulturasie op hierdie gebied gesien word.

Tswanas en Zoeloes en in sommige gevalle Afrikaanssprekende Blankes, rapporteer dat seksvoorligting 'n 'verbode' onderwerp tussen ouers en kinders is. Sommige deelnemers was ontnugter en kwaad vir hulle ouers omdat dit nie met hulle as kinders bespreek is nie. Hierdie 'woede' kan 'n aanduiding wees dat die deelnemers op hierdie stadium ervaar dat seks (lewenswaardes) 'n belangrike terrein is en in die verlede meer aandag moes gekry het. Hierdie saak word verder in Hoofstuk 9 bespreek.

WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

**7.2.2 Die huidige beroepsituasie**

Die verpleegberoep waarin die deelnemers hulle tans bevind, kan bydra tot die erkenning en ervaring van die belangrikheid van die lewe. Een van die Afrikaanssprekende Blankes het die volgende opmerking gemaak:

**“Hier (verwys na die hospitaal) veg ons vir mense se lewens.”**  
**“Waar daar lewe is, is daar hoop.”**

**7.2.3 Die belangrikheid van opwaartse sosiale mobiliteit**

Individuele motivering en geleenthede in die samelewing kan bydra tot opwaartse sosiale motivering (Eshleman, 1994: 277). Individuele behoeftes, motivering en doelwitte kan daartoe bydra om die belangrikheid van die lewe en lewenskwaliteit (opwaartse sosiale mobiliteit) raak te sien, te ervaar en daarvoor te veg. Die volgende word deur sommige van die deelnemers genoem:

**“Ek werk hard om vir my kind te gee wat sy nodig het.”**  
**“I want to give my child a good life.”**

Wanneer die deelnemers self swaargekry het om te oorleef kan hierdie waardes vir hulle belangrik raak. Volgens Broekmann en Duncan (1993:502) kan negatiewe ervarings (soos armoede) daartoe lei dat meer pogings aangewend word om dit te vermy.

Die finansiële voordele wat verpleging inhou, het ‘n geleentheid tot opwaartse sosiale mobiliteit vir sommige individue gebied. Die volgende stellings van deelnemers bevestig hierdie siening:

**“I choose nursing because I am earning money while I study.”**  
**“... nursing is a professional job.”**  
**“My education will help me have a better life (sosiale posisie) than my parents.”**

**8 VEILIGHEIDSWAARDES**

Die resultate ten opsigte van die belangrikheid van veiligheidswaardes soos gemeet met die Vraelys wat belangrike/onbelangrike waardes deur geslote vrae bepaal en die Likert-tipe skaal word in Tabelle 8.13 en 8.14 weergegee.

**TABEL 8.13: VEILIGHEIDSWAARDEPRIORITEITE VAN DIE ETNIESE GROEPE**

n	Etniese groep	Vraelys om die belangrikste/onbelangrikste waardes deur geslote vrae te bepaal.		Skaal vir waardes
		Belangrikste	Onbelangrikste	
25	Afrikaans	4	1	6.1
6	Engels	1	0	6.1
11	Indiër	1	0	6.1
15	Kleurling	3	1	5.8
31	Sotho	9	1	6.0
21	Tswana	7	2	5.7
9	Xhosa	3	0	5.5
36	Zoeloe	15	1	5.9

WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

Uit Tabel 8.13 kan die volgende waarnemings en afleidings gemaak word:

- Die vraelys wat deur geslote vrae die belangrikste/onbelangrikste waardes bepaal, toon aan dat die Swart inheemse etniese groepe almal dieselfde hoë mate van belangrikheid aan veiligheid heg. Hierdie tendens kan verband hou met die feit dat hierdie deelnemers se woonarea as hoë veiligheidsrisiko gebiede ervaar word.
- Die evaluering ten opsigte van die skaal toon dat veiligheidswaardes 'n hoë prioriteit by al die etniese groepe is. Wanneer die deelnemers binne 'n bepaalde situasie geplaas word met 'n bepaalde skaal item en die deelnemers hulle met 'n situasie kan identifiseer, word veiligheidswaardes belangriker.

Die Likert-tipe skaal vir waardes meet spesifieke situasies. Die evaluering wat die deelnemers op die skaal gemaak het, dui ook die belangrikheid van veiligheidswaardes in bepaalde situasies aan.

**TABEL 8.14: ETNIESE GROEPE SE EVALUERINGS VAN DIE VEILIGHEIDSWAARDES OP DIE LIKERT-TIPE SKAAL VIR WAARDES**

n=154 Skaalwaardes:1-7

Item	Spesifieke waardes	Verband	Etniese groepe se gemiddelde skaalwaardes							
			A	E	I	K	S	T	X	Z
V97	Dienslewering, Beveiliging	Samelewing	6.6	6.1	6.3	6	6.5	6.0	6.8	6.2
V99	Beveiliging Sekuriteit Samewerking Beskerming Verantwoordelik	Gemeenskap Self	6.6	6.5	6.6	6.8	6.3	5.9	5.0	6.4
V101	Behulpzaam Dienslewering Beveiliging	Gemeenskap Self	6.0	6.0	6.5	5.8	6.1	5.6	4.7	5.6
V102	Beskerming Wetstoepassing Verantwoordelik	Samelewing	5.9	6.1	5.7	6	5.4	5.8	5.8	6.1
V106	Offervaardig Beveiliging Samewerking	Samelewing Self	5.3	5.6	5.3	4.4	5.6	5.1	4.8	5.3

Die volgende tendense kan uit die skaal vir waardes waargeneem word:

- Al die etniese groepe is in die evaluering van V97 eenstemmig ten opsigte van die belangrikheid om dienste te verbeter om sodoende 'n veiliger land te hê. Codrington (2001b) noem dat die hedendaase jongmense bekommerd is oor die onveilige toestand in die land.
- Volgens die respons op V99, voel die etniese groepe sterk dat hulle woonbuurtes beveilig moet word en sal selfs finansiële daartoe bydra. Hierdie siening word nie in dieselfde mate deur die Xhosas gedeel nie.



## WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

- Behalwe die Xhosas voel al die etniese groepe sterk dat hulle behulpsaam met 'n buurtwagstelsel sal wees. Hierdie evaluering word in V101 gemaak.
- In die respons op V102 is daar 'n redelike mate van eenstemmigheid tussen die etniese groepe dat onverskillige bestuurders se lisensies van hulle weggeneem moet word.
- Behalwe vir die Kleurlinge en Xhosas, voel al die ander etniese groepe in die evaluering van V106 dat ter wille van veiligheid dit belangrik is om by winkelsentrums deursoek te word.

Uit bogenoemde blyk dit dat veiligheidswaardes vir die Xhosas nie dieselfde prioriteit het as vir die ander etniese groepe nie. 'n Moontlike rede hiervoor is dat hulle nie ervaar dat hulle veiligheid bedreig word nie.

### 8.1 Die belangrikheid van veiligheidswaardes

Behalwe om fisies veilig te wees, is veiligheidsaspekte soos 'n gevoel van sekuriteit en geborgenheid ook belangrik. Dit impliseer 'n fisiese en 'n psigiese ervaring van veiligheid. So gesien sluit veiligheidswaardes veral aan by verhoudings-, liggaamlike- en lewenswaardes. Veiligheidswaardes is dus verbind aan ander waardeterreine wat ook deur die deelnemers as belangrik beskou word.

Die behoefte aan veiligheid is volgens Maslow (Weiten, 1992:344) een van die mens se basiese behoeftes. Die deelnemers meen dat veiligheidswaardes belangrik is. Dit word aangetoon deur die tellings in Figuur 8.1 asook Tabele 8.1 en 8.2. Dit is veral die Likert-tipe skaal vir waardes wat aantoon dat veiligheidswaardes belangrik is. Alhoewel Tabel 8.2 aandui dat deelnemers min na veiligheid verwys, het antwoorde in onderhoude met deelnemers aangedui dat veiligheid wel 'n faktor in hulle daaglikse lewe is.

### 8.2 Faktore wat die belangrikheid van veiligheidswaardes beïnvloed

Benewens die etnisiteit en situasies waarna in Tabel 8.14 verwys word, kan die volgende faktore die belangrikheid van veiligheidswaardes beïnvloed.

#### 8.2.1 Huidige situasie in Suid-Afrika

Suid-Afrika het die gevolge van 'n ideologie van geweld beleef (De Wet, 1990) en is 'n land met 'n hoë misdaadsyfer (Sake Beeld, 1995, Rapport, 2001). Hierdie misdaad dra daartoe by dat onder andere die veiligheid van mense bedreig word. 'n Kleurlingvrou (informant) het die opmerking gemaak:

**“Mevrou ons lewe in vrees.”**

'n Algemene vrees en persepsie van die onveilige toestande in die land kan maak dat veiligheidswaardes 'n prioriteit word (Codrington, 2001a). Al die deelnemers wat in die onderhoude ondervra is, is bewus van hierdie toestand aangesien hulle kennis en/of vriende alreeds die slagoffers van misdaad was. Volgens Haralambos en Holborn (1995:426) affekteer misdaad persone se leefwyse. Al die deelnemers wat hieroor ondervra is het aangetoon dat hulle nie graag uitgaan as dit donker is nie. Indien hulle wel uitgaan doen hulle dit nie alleen nie. As kinders het hierdie deelnemers dieselfde vrees nie so intens ervaar nie. Deelnemers het aangedui dat sedert hulle groter is, hulle meer bewus is van veiligheid en die liggaamlike



## WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

leed wat aan vrouens gedoen kan word. Hierdie ervaring bring mee dat huise beveilig word en vreemdelinge met agterdog bejeën word.

Sommige deelnemers het in onderhoude aangetoon dat hulle onveilige situasies in hulle kinderjare beleef het en het die volgende genoem:

**“Ons mag nie alleen in die donker geloop het nie.”**

**“Ek het die deur gesluit.”**

**“When I was scared I got into my sister’s bed.”**

**“My Ouma het gewerk ... ek was net by myself ... soms was ek bang.”**

Die trekarbeidbeleid het bygedra tot gesinsverbokkeling (Wilson, 1992). Dit kon daartoe lei dat kinders van een of beide ouers geskei was en gevolglik 'n gebrek aan geborgenheid (veiligheid) ervaar het.

### 8.2.2 Unieke samestelling van die persoon

Persoonlikheid kan ook 'n belangrike rol ten opsigte van die ervaring van veiligheid speel. Sommige persone is van nature geneig om banger te wees as ander (Hurlock, 1978: 198) en kan dus meer veiligheidsbewus wees. Verder kan ervarings bydra tot vrees. Die negatiewe ervarings van die kinderjare kan daartoe lei dat die veiligheidswaardes belangrik geag word.

## 9 INTELLEKTUELE WAARDES

Die resultate ten opsigte van die belangrikheid van intellektuele waardes soos gemeet met die Vraelys wat belangrike/onbelangrike waardes deur geslote vrae bepaal en die Likert-tipe skaal word in Tabelle 8.15 en 8.16 weergegee.

TABEL 8.15: INTELLEKTUELE WAARDEPRIORITEITE VAN DIE ETNIESE GROEPE

n	Etniese groep	Vraelys om die belangrikste/onbelangrikste waardes deur geslote vrae te bepaal		Skaal vir waardes
		Belangrikste	Onbelangrikste	
25	Afrikaans	8	3	5.1
6	Engels	2	1	5.3
11	Indiër	2	0	4.8
15	Kleurling	3	0	5.0
31	Sotho	6	0	5.3
21	Tswana	5	4	5.1
9	Xhosa	4	1	5.5
36	Zoeloe	15	2	5.4

Uit Tabel 8.15 kan die volgende afleidings gemaak word. Al die verskillende etniese groepe meen dat intellektuele waardes redelik belangrik is. Zoeloe en Xhosa deelnemers verteenwoordig die etniese groepe wat intellektuele waardes as die belangrikste ag.

WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

In Tabel 8.16 word die invloed van bepaalde situasies (kontekste) op waardes aangedui.

**TABEL 8.16: ETNIESE GROEPE SE EVALUERINGS VAN DIE INTELLEKTUELE WAARDES OP DIE LIKERT-TIPE SKAAL VIR WAARDES**

n=154			Skaalwaardes: 1-7							
Item	Spesifieke waardes	Verband	Etniese groepe se gemiddelde skaalwaardes							
			A	E	I	K	S	T	X	Z
V75	Geletterdheid Vooruitgang	Samelewing	6.7	6.0	6.7	6.0	6.6	6.3	6.6	6.5
V78	Bekwaamheid Vaardigheid Ambisie	Samelewing	6.3	6.0	5.3	6.6	6.0	6.1	4.6	6.2
V80	Prestasie Respek Geletterdheid	Vriende	3.2	4.0	1.7	2.5	3.0	3.0	4.8	3.3
V82	Vermoë Geletterdheid	Beroep	5.9	4.5	3.4	3.0	4.3	3.8	4.7	4.6
V83	Ambisie Geletterdheid Offervaardig	Gesin	6.2	6.0	7.0	6.5	6.5	6.4	6.4	6.5

Die volgende tendense kan uit die skaalwaardes afgelei word:

- Volgens die respons op V75 meen al die verskillende etniese groepe dat die land se omstandighede sal verbeter met 'n hoër geletterdheidsyfer.
- V78 handel oor die bywoning van kleuterskole. Die evaluering van V78 het aangetoon dat almal behalwe Indiërs en Xhosas, baie sterk voel dat indien kleuterskole die intellektuele vermoëns van kinders verbeter, die bywoning van kleuterskole verpligtend gemaak kan word. Dit is veral die Xhosas wat van die ander etniese groepe verskil. Moontlike redes vir die verskil is dat daar geglo word dat oumas nog steeds kleinkinders moet grootmaak, moontlik as gevolg van die finansiële implikasies of bloot omdat die stelling ten opsigte van kleuterskole nie geglo word nie.
- Volgens die evaluering van V80 is daar 'n redelike negatiewe ten opsigte van die graad van respek wat mense verdien. Kleurlinge en Indiërs is die meeste teen 'spesiale behandeling' vir geleerde vriende terwyl die Xhosas 'spesiale behandeling' vir geleerdheid meer geredelik aanvaar. Hierdie siening is in ooreenstemming met die Swart etniese groepe se begrip van respekbetoning aan onder andere geleerde persone (Trollip: 1991:212).
- Volgens die respons op V82 meen veral Afrikaanssprekende Blankes dat kwalifikasies belangriker is as ondervinding. Die ander etniese groepe het nie tot dieselfde mate hierdie siening nie.
- Die respons op V83 toon aan dat al die etniese groepe alles in hulle vermoë sal doen om hulle kinders geleerdheid te gee.

## WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

## 9.1 Die belangrikheid van intellektuele waardes

Intellektuele waardes sluit aspekte soos geleerdheid, prestasie en skrandigheid in. Die skool is 'n verlengstuk van die huisgesin op hierdie terrein en saam met die aanleer van kognitiewe vaardighede word ander morele waardes en sosiale reëls aangeleer/versterk (Eshleman, 1994:109). Haralambos en Holborn (1995: 805) meen dat die samelewing oor die algemeen dink dat intellektuele waardes belangrik is. Indien 'n gemeenskap of samelewing meen dat intellektuele waardes belangrik is, kan dit die individu en haar gesin beïnvloed. Hierdie aspek kan binne die gesinsekologiese perspektief geakkomodeer word.

## 9.2 Faktore wat die belangrikheid van intellektuele waardes beïnvloed

Benewens die invloed van etnisiteit (Tabel 8.15) en die kontekste (situasies) wat in Tabel 8.16 vervat is, is daar ander faktore wat 'n rol in die belangrikheid van intellektuele waardes speel. Hierdie faktore word vervolgens bespreek.

### 9.2.1 Behoeftes, ervarings, waardes en doelwitte

Intellektuele waardes kan deur verskeie ander behoeftes, doelwitte en/of waardes bevorder word. Dit kan moontlik onder andere 'n persoon in die vermoë plaas om beter en makliker werk te kry en meer geld te verdien (Haralambos & Holborn, 1995:729, 733). Sommige deelnemers (en informante) meen hulle ouers is hiervan oortuig en rapporteer byvoorbeeld die volgende stellings van hulle ouers:

***“Be strong, get educated so that you can get a good job and make money.”***

***“Hulle moet leer om 'n goeie werk te kry om te kan sorg.”***

***“My pa was baie gesteld op geleerdheid en dan 'n goeie werk.”***

Die deelnemers steun ook hierdie stellings van hulle ouers. Verder het deelnemers genoem dat hulle ervaar het dat onderwysers en lektrises hulle aangemoedig het om hulle intellektuele vermoëns te verbeter. Intellektuele waardes is deur genoemde persone bevorder.

Intellektuele waardes kan moontlik ongelykhede tussen verskillende sosiale klasse en etniese groepe verminder (Haralambos & Holborn, 1995:730). 'n Deelnemer wat hierdie ervaring gehad het, het die volgende opmerking gemaak wat hierby aansluiting vind.

***“My education will help me to have a better life (sosiale posisie) than my parents.”***

Bostaande stelling impliseer dat die betrokke deelnemer glo dat deur opleiding sy haar sosiale posisie kan verbeter en sy strewe dus na sosiale mobiliteit.

As gevolg van die deelnemers se ervarings bestaan daar dus by hulle behoeftes en doelwitte wat die belangrikheid van intellektuele waardes sou kon bevorder (Ford, 1993).

### 9.2.2 Persepsies, geleenthede en stimulasie

Die algemene opvatting en waardeprioriteite van die gemeenskap sowel as die samelewing kan bepaalde waardes bevorder. Volgens Eshleman (1994:175) is geleerdheid tans 'n belangrike waarde van die samelewing. Die publieke opinie kan dus 'n invloed op die belangrikheid van intellektuele waardes hê.



## WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

Die gesin en die gesinsekologie kan 'n belangrike rol in die intellektuele ontwikkeling (Bee & Bjorklund, 2000:155) en geleerdheid (Jordaan & Jordaan, 1988: 459-463; Haralambos & Holborn, 1995:751,779) van die jong volwassene speel. Daarom is dit belangrik dat ouers inkoop in die belangrikheid van hierdie waarde en daarmee saam hulle kinders die geleentheid gee wat intellektuele ontwikkeling en geleerdheid sal verbeter. Die sosio-ekonomiese status van die gesin kan ook 'n invloed op die belangrikheid van intellektuele waardes hê. Volgens Haralambos en Holborn (1995:749) is daar sommige navorsers wat meen dat geleerdheid en prestasie soms laer ge-evalueer word as gevolg van 'n onvermoë om dit te bereik. In hierdie navorsing kon daar nie tot dieselfde konklusies gekom word nie. 'n Moontlike rede vir hierdie verskil is dat die deelnemers wat uit 'n sosio-ekonomiese lae klas kom wel 'n geleentheid gehad het om hulle posisie te verbeter.

Soos reeds genoem het ouers en onderwysers 'n groot invloed op die bevordering van intellektuele waardes aangesien dit as belangrik beskou word. Redes waarom intellektuele waardes belangrik geag word, is omdat dit met byvoorbeeld ekonomiese vooruitgang, lewenstyl en status in verband gebring kan word.

### 9.2.3 Omgewingstimuli

Stimuli uit die omgewing (gesinsekologie) kan kognitiewe ontwikkeling (intellektuele vermoëns) beïnvloed (Ford, 1993). In die gesinsekologie kan daar faktore wees wat die deelnemers se kinderjare moontlik gestimuleer het tot die ontwikkeling van intellektuele vermoëns. Hierdie stimulasie kan bydra tot die ontwikkeling van intellektuele vermoëns en gevolglik 'n waardering en/of beloning daarvoor. Hierdie positiewe ervaring (waardering en beloning) kan tot die beklemtoning van hierdie waarde lei.

In sekere geografiese areas is daar meer of makliker geleentheid om geleerdheid (intellektuele waardes) te bekom (Haralambos & Holborn, 1995:756). Hierdie feit word ook deur sommige van die deelnemers in die landelike gebiede bevestig. Baie van hulle moes ver stap om by die skool te kom en vir hul hoërskoolopleiding moes hulle na koshuise in groter dorpe en stede gaan. Die volgende aanhalings bevestig dit:

*"I had to go to boarding school ... there was no high school near us."*  
*"Ek moes ver skool toe loop."*

### 9.2.4 Die uniekheid van die individu

Die oorgeërfde vermoë en die ervarings van die deelnemers is veral hier van belang. Indien die deelnemer 'n gebrekkige vermoë ontwikkel het om bepaalde intellektuele waardes te bemeester, kan hierdie onontwikkelde vermoë daartoe lei dat hierdie waardes nie belangrik geag word nie. Moontlike vernederings as gevolg van die onvermoë kan haar emosioneel ontstel en tot negatieweiteit ten opsigte van hierdie bepaalde waarde lei. Die omgekeerde van hierdie situasie kan ook waar wees.

Eshleman (1994:412) is van mening dat opleiding wat intellektuele waardes weerspieël daartoe kan bydra dat opgeleide vroue minder kinders het. Die 'uitgestelde huwelike' wat kleiner gesinne kan meebring en deur die demografiese vraelys aangetoon is, kan moontlik bevestig dat intellektuele waardes as belangrik beskou word.



WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

**10 MORELE WAARDES**

Die resultate ten opsigte van die belangrikheid van morele waardes word in Tabelle 8.17 en 8.18 weergegee.

**TABEL 8.17: MORELE WAARDEPRIORITEITE VAN DIE ETNIESE GROEPE**

n	Etniese groep	Vraelys om die belangrikste/onbelangrikste waardes deur geslote vrae te bepaal		Skaal vir waardes
		Belangrikste	Onbelangrikste	
25	Afrikaans	9	0	5.9
6	Engels	3	0	6.3
11	Indiër	8	0	6.2
15	Kleurling	5	1	5.6
31	Sotho	3	3	5.5
21	Tswana	5	2	5.6
9	Xhosa	2	0	5.5
36	Zoeloe	7	2	5.8

Die volgende waarnemings en tendense kan uit Tabel 8.17 gemaak word:

- Die response van Engelssprekende Blankes en Indiërs toon aan dat morele waardes belangrik is. Kleurlinge en Afrikaanssprekende Blankes meen ook dat morele waardes redelik belangrik is. In die Swart inheemse groepe is daar 'n verskil ten opsigte van die betrokke skaal en vraelys. Dit dui daarop dat wanneer die deelnemer in 'n spesifieke situasie (konteks) geplaas word, hy moontlik anders gaan reageer as wat sy algemene opinie is.
- Morele waardes, soos verhoudingswaardes, is belangrike aspekte van die Christelike en die Hindugeloof. Sterk klem word op die handhaaf van morele waardes gelê en dit kan as redes vir die relatief hoë tellings van beide groepe wees.

**TABEL 8.18: ETNIESE GROEPE SE EVALUERINGS VAN DIE MORELE WAARDES OP DIE LIKERT-TIPE SKAAL VIR WAARDES**

n=154

Item	Spesifieke waardes	Verband	Skaalwaardes: 1-7							
			A	E	I	K	S	T	X	Z
V44	Geregtigheid Betrokkenheid Verantwoordelikheid	On/bekendes	5.6	5.5	5.1	5.2	5.2	5.7	5.5	5.1
V45	Integriteit Konsekwent	Self	6.3	6.3	6.4	6.2	5.7	6.4	6.2	6.3
V47	Integriteit Eerlikheid	Gemeenskap Self	6.4	6.6	6.7	6.4	5.7	5.8	4.8	5.8
V49	Konsekwent Sedelik	Samelewing Gemeenskap	6.3	6.6	6.9	5.0	5.6	5.0	5.1	5.7
V52	Eerlikheid	Self Instansie	4.7	6.3	5.7	4.9	5.4	5.1	5.5	5.8

## WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENE: RESULTATE EN BESPREKING

Uit die waardetellings in Tabel 8.18 is die volgende duidelik:

- Volgens die response op V45 is konstante integriteit belangrik. Codrington (2001a) bevestig dat die hedendaagse jong volwassene integriteit as belangrik beskou.
- In die evaluering van V47 toon die Xhosas as etniese groep aan dat eerlikheid nie altyd hulle verantwoordelikheid is nie. Hierdie oortuiging verskil van die ander etniese groepe. Cronjé *et al*, (2000:288) bevestig dat eerlikheid van die situasie afhang en nie vir alle etniese groepe ewe belangrik is nie.
- Die response op V49 dui verskille in die siening oor pornografie aan. Die Indiërs en die twee Blanke groepe is die sterkste hierteen gekant. Hierdie oortuiging pas in by die hoë morele standaard wat die Indiërs se godsdienstige voorskrifte vereis.
- Volgens response op V52 gee die Afrikaanssprekende Blankes, Kleurlinge en Tswanas toe dat hulle in sommige omstandighede oneerlik kan wees. Die situasie kan dus die toepassing van eerlikheid beïnvloed.

### 10.1 Die belangrikheid van morele waardes

Deur sosialisering raak die kind bewus van reëls ten opsigte van wat die 'regte en verkeerde' optredes is (Logo & Hershey, 1974:471; Foster,1993:554). Op hierdie wyse word morele waardes gevorm. Logo en Hershey (1974:10) meen dat morele waardes belangrik is vir geluk, welsyn en die oorlewing van die mens. Kohlberg (1976:31-53) noem dat moraliteit aan 'n ontwikkelingsproses blootgestel is. In hierdie proses identifiseer hy verskillende vlakke en stadia (kyk 3.1 van Hoofstuk 5). In die prekonvensionele vlak van kognitiewe ontwikkeling is die persoon self die verwysingspunt aangesien daar vergoeding vir aksies (oorsaak en gevolg) ter sprake is. Piaget bevestig dat die kind die verbande tussen oorsaak en gevolg trek. (Louw *et al*, 1993:552). In die konvensionele stadium word die gesin of gemeenskap die verwysingspunt. In die finale stadium wat die postkonvensionele stadium is word die verwysingspunt verder as die gemeenskapsisteme gesoek. Volgens Kohlberg (1976:31-53) volg hierdie vlakke en stadia op mekaar en bereik nie almal die laaste stadium nie. Daar sal weer na hierdie vlakke verwys word wanneer morele waardes verder bespreek word.

In die response in Tabelle 8.17, 8.18 en in die onderhoude (kyk Tabel 8.2) is daar dikwels na moraliteit verwys. Soos aangedui in die bespreking van verhoudingswaardes, is moraliteit belangrik vir al die verskillende gesinsekologiese waardeterreine. Die aanhalings van deelnemers sal hierdie belangrikheid bevestig.

### 10.2 Faktore wat die belangrikheid van morele waardes beïnvloed

Benewens etnisiteit en bepaalde situasies wat waardes kan beïnvloed kan die volgende faktore die belangrikheid van morele waardes beïnvloed.

#### 10.2.1 Hedendaagse bedreiging

Die hedendaagse gesondheidsbedreigings soos die omvang van vigs, misdaad en die toegeeflikheid ten opsigte van sensuur, kan moontlik met moraliteit in verband gebring word en gevolglik kan dit die belangrikheid van morele waardes beïnvloed.

## WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

In die konteks van die hedendaagse vigs-epidemie is moraliteit rondom seksuele verhoudings belangrik. Codrington (2001a) bevestig dat die hedendaagse jong volwassene in 'n sogenaamde 'vigsvrees' leef. Die volgende aanhalings van die deelnemers is opvattinge wat dui op die belangrikheid van morele waardes ten opsigte van gesondheid en ander waardes:

**“Die kinders moet gewaarsku word teen Vigs. Dit is as gevolg van morele verval dat hierdie dinge gebeur. Verhoudings is nie meer reg nie ... ‘n mens moet jou liggaam oppas. Mense besef nie hoe onveilig dit (seks) is nie. Ons sien mense doodgaan.”**

**“Vigs is God se straf vir die immorele lewe van vandag.”**

Die hedendaagse probleme ten opsigte van veiligheid spreek ook immorele optredes aan. Die volgende stellings van 'n Kleurlingvrou bevestig dit:

**“Ons lewe in vrees ... die mense *worry* nie meer nie. Hulle doen net wat hulle wil. Hulle moor en gaan tekere. Hulle steek sommer ‘n kar (aan die) brand. Daar’s nie meer *right* en *wrong* nie.”**

### 10.2.2 Kulturele gebruike

In veral die Swart inheemse etniese groepe word onder andere respek nie net as 'n kulturele- en verhoudingsoptrede gesien nie, maar veral as 'n morele optrede en/of 'n morele waarde (Trollip, 1991:212). Antwoorde van Tswana moeders, Tswana deelnemers, Afrikaanssprekende Blanke deelnemers en kultuurkenners bevestig dat respek korrekte optrede vereis. Die volgende antwoord van 'n Tswana moeder is tipies hiervan:

**“Jy moet respek vir alles hê ... jou liggaam en ander mense en ander mense se goed. Jy mag nie sommer goed rondgooi nie. Mense ouer as jy is ... jy moet respek hê.”**

Dieselfde Tswana moeder brei verder uit ten opsigte van morele verval:

**“Kênners (kinders) van vandag het nie meer respek nie ... hulle maak soos hulle wil.”**

Hierdeur word geïmpliseer dat die kinders se optrede tekens van morele verval toon.

### 10.2.3 Die individu en die hedendaagse samelewingsklimaat in Suid-Afrika

Volgens Prof. Meiring het sommige groepe in Suid-Afrika die volgende oortuiging: Morele waardes in Suid-Afrika is nie meer so belangrik soos vroeër nie (Die Kerkbode, 2000:1) Hierdie benadering impliseer pogings om onder andere die individue en die gesin se morele standaarde te verbeter. Hierdie berig in Die Kerkbode (2001:1) verwys na die morele verval in Suid-Afrika en die rol wat onder andere die gesin kan speel om morele waardes oor te dra.

Jong volwassenes wat besef dat moraliteit nodig is vir die goeie funksionering van die gemeenskap en/of samelewing, is volgens Kohlberg (1985) se teorie reeds op die tweede vlak (konvensionele) en vierde stadium van morele ontwikkeling. Dit is in hierdie stadium dat die jong volwassenes met die morele waardes (reëls) van die gemeenskap/samelewing kan identifiseer. 'n Opmerking van 'n deelnemer bevestig dit met die volgende stelling:

**“... misdad en vigs kom van morele verval ... ons samelewing is siek.”**

Uit die opmerkings van deelnemers (kyk 10.2.1) kan daar moontlik geoordeel word dat sommige deelnemers ook die derde vlak van postkonvensionele moraliteitsontwikkeling bereik het. Op hierdie vlak besef die jong volwassene dat reëls kontraktuele ooreenkomste is wat die regte van die individu beskerm en die algemene welsyn van die gemeenskap of samelewing bevorder. Daarom noem deelnemers uit verskeie etniese groepe dat hulle 'n behoefte gehad het aan seksopvoeding omdat daar bepaalde aspekte (reëls) is wat vigs voorkom en moraliteit



WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

bevorder. Verder het 'n jong volwasse informant genoem dat vigs die Goddelike straf vir immoraliteit is.

**10.2.4 Inkongruensie**

In sommige gevalle stem die individu se oortuigings nie altyd ooreen met haar gedrag nie (Louw, 2000). 'n Aanduiding hiervan is dat bepaalde deelnemers glo dat 'n 'saambly verhouding' en 'buite-egtelike kinders' verkeerd is (morele waardes) maar dit nogtans beoefen. Codrington (2001a) bevestig hierdie situasie. Hier kan dus van inkongruensie tussen oortuiging en gedrag gepraat word.

**11 SELFWAARDES**

Die resultate ten opsigte van die belangrikheid van selfwaardes soos gemeet met die Vraelys wat belangrike/onbelangrike waardes deur geslote vrae bepaal en die Likert-tipe skaal word in Tabelle 8.19 en 8.20 weergegee.

**TABEL 8.19: SELFWAARDEPRIORITEITE VAN DIE ETNIESE GROEPE**

n	Etniese groep	Vraelys om die belangrikste/onbelangrikste waardes deur geslote vrae te bepaal		Skaal 1 tot 7
		Belangrikste	Onbelangrikste	
25	Afrikaans	1	1	6.4
6	Engels	1	0	5.9
11	Indiër	0	2	6.7
15	Kleurling	4	1	6.5
31	Sotho	8	1	6.0
21	Tswana	8	2	6.1
9	Xhosa	1	1	6.0
36	Zoeloe	14	4	6.2

Uit die response in Tabel 8.19 kan die volgende waarnemings en afleidings gemaak word:

- In sommige van die etniese groepe se response is daar 'n teenstrydigheid tussen die indikaturs van die betrokke vraelys en die skaal vir waardes. Dit wil sê dat die response op die skaal aandui dat selfwaardes baie belangrik is, maar die response op die vraelys dui aan dat selfwaardes nie tot dieselfde mate belangrik is nie.
- In die evaluering van die vraelys dui die Indiërs aan dat selfwaardes nie belangrik is nie, maar in die response op die skaal dui hulle aan dat die selfwaardes wel vir hulle belangrik is. Hieruit kan afgelei word dat die situasie waardeprioriteite kan beïnvloed.
- Behalwe vir die Xhosas word selfwaardes deur alle Swart etniese groepe in die response op die vraelys as redelik belangrik beskou.

Tabel 8.20 weerspieël die invloed van bepaalde situasies op die belangrikheid van waardes.



WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

**TABEL 8.20:ETNIESE GROEPE SE EVALUERINGS  
VAN DIE SELFWAARDES OP DIE LIKERT-TIPE SKAAL VIR WAARDES**

n=154			Skaalwaardes:1-7							
Item	Spesifieke waardes	Verband	Etniese groepe se gemiddelde skaalwaardes							
			A	E	I	K	S	T	X	Z
V105	Selfbeheersing Geduld	Vriend	6.6	6.3	6.8	6.2	6.4	6.6	6.0	6.3
V109	Verantwoordelik Selfstandigheid	Self	6.9	6.1	7.0	6.6	6.1	6.6	6.0	6.5
V110	Selfaktualisering Individualiteit	Self	6.6	5.2	6.4	6.5	5.8	5.9	5.6	5.9
V111	Selfbeeld Selfverryking	Self	5.6	6.0	6.5	6.4	5.7	5.7	6.0	6.1
V114	Selfgerig Selfverryking Selfbegrip	Samelewing Self	6.4	5.8	6.6	6.6	6.5	5.9	6.3	6.1

Uit die tellings in Tabel 8.20 kan die volgende waarnemings en afleidings gemaak word:

- Die response op V105 dui daarop dat selfbeheersing in moeilike omstandighede by al die etniese groepe belangrik is.
- V109 handel oor verantwoordelikheid. Al die etniese groepe voel baie sterk daarvoor dat 'n persoon self verantwoordelikheid vir sy keuses moet aanvaar.
- Volgens die respons van die Afrikaanssprekende Blankes, die Kleurlinge en Indiërs op V110, is dit belangrik om van geleenthede (wat tot individualiteit en selfaktualisering sal lei) gebruik te maak. Dieselfde benadering is egter van ietwat minder belang vir die ander etniese groepe.
- In V111 en V114 dui al die etniese groepe aan dat selfkennis belangrik is.

### 11.1 Die belangrikheid van selfwaardes

Die rol van selfwaardes word bepaal deur die mate van belangrikheid wat die deelnemer aan die vervulling van haar eie behoeftes en waarde-oriëntasies toeskryf. Die tellings in Tabel 8.2 dui daarop dat die deelnemers dikwels na die self verwys. In die response soos in Figuur 8.1 blyk dit dat 'die self' nie so baie belangrik geag word nie. 'n Rede hiervoor kan wees dat die deelnemers nie graag openlik wil te kenne gee dat hulle selfgerig is nie. Hierdie siening is deur twee jong volwasse informante bevestig. Die evaluering van die items op die skaal het egter die belangrikheid van selfwaardes beklemtoon. Codrington (1999; 2001b) en Louw (2000) bevestig die belangrikheid van selfwaardes vir die jong volwassene. Hieruit kan afgelei word dat wanneer die deelnemer in 'n spesifieke situasie geplaas word, kan die belangrikheid van 'die self' na vore kom.

## WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

### 11.2 Faktore wat die belangrikheid van selfwaardes beïnvloed

Benewens etnisiteit en kontekste (situasies) soos aangedui in die Likert-tipe skaal vir waardes kan die volgende kontekstuele faktore die belangrikheid van die selfwaardes beïnvloed: etnisiteit, uniekheid van die persoon en sosio-kulturele verskille.

#### 11.2.1 Die uniekheid van die persoon

Die belangrikheid van selfwaardes kan afhang van hoe individualisties of konformisties die individu haarself evalueer. 'n Persoon kan beide konformisties en individualisties wees (Blignault, 1991:98; Trollip, 1991:222), maar is moontlik meer geneig tot een van die twee. 'n Meer individualistiese persoon kan moontlik geneig wees om haar eie belange bo die van die groep te stel wat kan dui op 'n selfgerigtheid (Bigner, 1983:101; Georgas, 1989). Hierteenoor staan die konformistiese persoon wat moontlik meer op ander ingestel is en dus as andergerig beskou kan word. 'n Konformistiese persoon kan moontlik dus haar belange ondergeskik aan die belange van die groep maak. 'n Ander kenmerk is die konformering aan die norme van 'n betekenisvolle groep. Die volgende uitdrukkings is deur 'n jong volwasse Afrikaanssprekende Blanke informant gebruik:

**“ ... almal gaan oorsee na skool daarom gaan ek ook.”**

'n Tswana deelnemer maak die volgende opmerking wat ook konformering met haar gesinslede bevestig:

***“All my brothers and sisters have studied for professions. I think that is why I decided to do the same.”***

Uit bostaande kan afgelei word dat *“brothers and sisters”* betekenisvolle persone is waarmee die betrokke deelnemers wil identifiseer en navolg.

Nie alle deelnemers val in hierdie 'kategorie van konformering' nie. Dit word bevestig deur een Tswana deelnemer wat aangedui het dat sy die eerste lid van haar familie is wat verder studeer. Hierdie dui op 'n persoonlikheidskenmerk wat daarna streef om bo die res van die gesin en familie uit te styg (opwaartse mobiliteit) en kan moontlik individualiteit weerspieël.

Volgens Gould (1975:74-78) asook Bee en Bjorklund (2000:299) kom daar tipiese persoonlikheidskenmerke in elke ouderdomsfase na vore. Die jong volwassene kan kenmerke van onafhanklikheidstrewes en selfgerigtheid vertoon en word in die volgende stellings van sommige deelnemers weerspieël:

***“I want to do my own thing, that is why I am far away from home.”***

**“... ek wil self besluite neem.”**

Die strewes na onafhanklikheid bevestig moontlik die belangrikheid van die eie identiteit- en selfverantwoordelikheidswaardes. Hierdie twee waardes kan die belangrikheid van selfwaardes in (sommige van) die deelnemers bevestig.

#### 11.2.2 Realisme

In die sosiale lewe is 'n realistiese selfbeeld belangrik en dit impliseer dat mens jou goeie en swak eienskappe in perspektief kan sien. Lektore by die kollege ervaar ook dat sommige van hierdie deelnemers onrealisties ten opsigte van hulle vermoëns is in die sin dat hulle hulleself

WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

Hierdie stellings word verder bevestig deurdat daar van kleins af druk op hulle geplaas is om huistake te verrig en om na die versorging van jongeres om te sien. Hierdie verwagtings wat aan die deelnemers gestel is, het hulle moontlik aangemoedig om selfstandig en onafhanklik te wees.

**12 GEMOEDSWAARDES**

Die resultate ten opsigte van die belangrikheid van gemoedswaardes soos gemeet met die Vraelys wat belangrike/onbelangrike waardes deur geslote vrae bepaal en die Likert-tipe skaal word in Tabelle 8.21 en 8.22 weergegee.

**TABEL 8.21: GEMOEDSWAARDEPRIORITEITE VAN DIE ETNIESE GROEPE**

n	Etniese groep	Vraelys om die belangrikste/onbelangrikste waardes deur geslote vrae te bepaal		Skaal vir waardes
		Belangrikste	Onbelangrikste	
25	Afrikaans	9	3	5.8
6	Engels	4	0	5.5
11	Indiër	1	0	6.2
15	Kleurling	0	1	5.7
31	Sotho	5	3	5.6
21	Tswana	9	0	5.7
9	Xhosa	1	3	5.6
36	Zoeloe	11	2	5.4

Uit die response van Tabel 8.21 kan die volgende waarnemings en afleidings gemaak word:

- In die evaluering van die betrokke vraelys is daar 'n groot variasie in opinies van die verskillende etniese groepe, ten opsigte van die belangrikheid van gemoedswaardes. Hierdie verskille kan moontlik aan bepaalde kontekste en/of onnadenkende keuses toegeskryf word.
- By die twee Blanke groepe, Zoeloes en Tswanas blyk daar tog 'n verband tussen die evaluering van die skaal en die response in Tabel 8.2 te wees.
- Die evaluering van die skaal toon aan dat wanneer die deelnemers in 'n bepaalde situasie (konteks) geplaas word, hulle anders oor gemoedswaardes dink. Hieruit kan afgelei word dat die konteks wel 'n invloed het op die belangrikheid van waardes vir sommige deelnemers.

WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENE: RESULTATE EN BESPREKING

**TABEL 8.22: ETNIESE GROEP SE EVALUERINGS  
VAN DIE GEMOEDSWAARDES OP DIE LIKERT-TIPE SKAAL VIR WAARDES**

Item	Spesifieke waardes	Verband	Skaalwaardes: 1-7							
			Etniese groepe se gemiddelde skaalwaardes							
			A	E	I	K	S	T	X	Z
V112	Gemak Gemoedelik	Self Gemeenskap	6.0	6.4	6.8	6.0	5.6	5.7	6.0	5.5
V113	Geluk Selfgerig Lojaliteit	Self Werk	5.5	5.8	6.3	4.8	5.7	6.5	5.6	5.8
V115	Gemoedelik Toegencetheid	Self Werk	6.5	5.6	6.9	6.4	6.2	6.3	6.1	6.3
V116	Vermaak Plesier Opwinding	Self	5.8	5.2	5.9	6.3	5.8	5.6	5.4	5.7
V117	Vriendelikheid Opgeruimd Beheersd	Werk Gemeenskap	6.5	6.2	6.9	5.6	5.8	6.6	6.2	6.3

Uit Tabel 8.22 kan die volgende waarnemings en afleidings gemaak word:

- Uit bostaande is dit duidelik dat gemoed onder alle omstandighede 'n belangrike rol speel. Codrington (2001a) bevestig dat geluk vir die jong volwassene van belang is.
- Die response op V113 dui aan dat die deelnemers selfs van werk sal verwissel as dit meer geluk beteken. Vir die Kleurlinge is hulle werk egter belangriker as persoonlike geluk. 'n Moontlike rede hiervoor is die afhanklikheid van inkomste en die stabiliteit wat 'n vaste werk bied.

### 12.1 Die belangrikheid van gemoedswaardes

Gemoedswaardes is belangrik omdat dit na die emosionele ervarings wat die persoon beleef, verwys. Omdat 'n persoon emosies ten opsigte van enige gesinsekologiese terrein kan beleef, is die emosionele waardes 'n 'dimensie' van al die gesinsekologiese waardes.

Die belangrikheid van gemoedswaardes vir die deelnemers kan afgelei word uit die response in Tabela 8.1 en 8.2. Codrington (2001a) bevestig dat gemoedswaardes vir die jong volwassenes belangrik is.



## WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

### 12.2 Faktore wat die belangrikheid van gemoedswaardes beïnvloed

Die volgende faktore kan ook die belangrikheid van gemoedswaardes beïnvloed.

#### 12.2.1 Gesinsekologiese terreine en etnisiteit

Emosionele ervarings soos, geluk en ongelukkigheid sowel as tevredenheid en ontevredenheid, kan aan die gesinsekologiese terreine gekoppel word. Die deelnemers beskou die volgende gesinsekologiese terreine as relevant en dus belangrik.

Die verhoudingsterrein is vir die deelnemers belangrik (kyk Tabel 8.2). Die deelnemers verwys na verhoudings met vriende, gesinslede, kinders, familie, verloofdes en pasiënte. Volgens die deelnemers is dit veral die gesinslede wat 'n belangrike bron van geluk is. Verder is aspekte soos aanvaarding, ondersteuning en liefde belangrik vir geluk. Dienslewering word as 'n minder belangrike bron van geluk beskou. Hierdie evaluering dui op 'n behoefte aan affiliasie.

Al die etniese groepe het die belangrikheid van verpleging as beroep beklemtoon. Onder die Zoeloes, Xhosas, Sotho's en Indiërs is suksesvolle studies en opleiding baie belangrik. Redes wat hiervoor gegee word, is onder andere die doelwitte wat bereik word, toekomsverbetering, selftrots en die status wat daarmee gepaard gaan.

Enkele deelnemers uit die verskillende etniese groepe het aangedui dat hulle vreugde in kos en ontspanning vind. Hierdie benadering kan moontlik ook op selfgesentreerdheid dui.

Een Sotho deelnemer het aangedui dat sy vreugde vind in moraliteitswaardes soos eerlikheid. Hierdie benadering dui daarop dat die navolg van 'goeie' reëls of riglyne vreugde verskaf ook op haar vlak van morele ontwikkeling.

Slegs die Engelssprekende en Afrikaanssprekende Blankes sowel as sommige Kleurlinge noem dat hulle vreugde en vervulling vind in die beoefening van hulle godsdienst. 'n Verhouding met God verskaf dus vreugde.

Negatiewe gemoedstoestande onder deelnemers is hoofsaaklik gekoppel aan swak verhoudings, immorele optredes, outoriteit en politici. Redes vir hierdie siening sal hanteer word wanneer hierdie gesinsekologiese waardes bespreek word.

'n Belangrike faktor wat na vore kom is die houding van ouers teenoor kinders wanneer hulle byvoorbeeld negatiewe situasies en pyn beleef. Die Swart inheemse bevolkingsgroepe het opmerkings soos die volgende gemaak:

***“My parents just told me stop crying and get your act together.”***

***“When I had pain they told me to be strong. This is part of life.”***

Hierdie houding word bevestig deur informante uit die tradisionele Zoeloe kultuur wat noem dat indien 'n hoofman of koning sterf sy vertrouelinge saam met hom moet sterf. Hierdie optrede word blykbaar gelate aanvaar. Die navorser kon egter nie bevestiging kry of hierdie gebruik vandag nog voortgesit word nie. Verder het 'n Zoeloe vrou wat as baie liefdevol beskryf word, na die dae toe baie Swartmense met die sogenaamde halssnoer moorde gesterf het, verwys. Haar mening was dat onnodige sterftes aanvaar behoort te word as doelwitte

WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

bereik moet word. Dit blyk dat daar aanvaar word dat hartseer en swaarkry deel van die lewe is.

**12.2.2 Persoonlikheid**

Persoonlikheidsverskille kan bepaal watter houding teenoor negatiewe gebeure ingeneem word en of 'n persoon 'geneig is tot gelukkigheid of ongelukkigheid'. Ten spyte van baie moeilike omstandighede soos armoede en hongersnood in die gesinne van oorsprong het die betrokke deelnemers 'n positiewe gesindheid van aanvaarding teenoor hierdie omstandighede. Ander deelnemers is egter meer negatief of het neutrale of geen opmerkings ten opsigte van gemoed gemaak nie.

**13 EKONOMIESE WAARDES**

Die resultate ten opsigte van die belangrikheid van ekonomiese waardes soos gemeet met die Vraelys wat belangrike/onbelangrike waardes deur geslote vrae bepaal en die Likert-tipe skaal word in Tabelle 8.23 en 8.24 weergegee.

**TABEL 8.23: EKONOMIESE WAARDEPRIORITEITE VAN DIE ETNIESE GROEPE**

n	Etniese groep	Vraelys om die belangrikste/onbelangrikste waardes deur geslote vrae te bepaal		Skaal vir waardes
		Belangrikste	Onbelangrikste	
25	Afrikaans	2	13	5.9
6	Engels	2	1	6.2
11	Indiër	5	2	6.5
15	Kleurling	2	5	6.4
31	Sotho	7	5	6.5
21	Tswana	6	10	6.5
9	Xhosa	4	1	6.4
36	Zoeloe	5	6	6.4

Uit die response soos weergegee in Tabel 8.23 is die volgende tendense duidelik:

- Die Xhosa-spreekende deelnemers meen dat ekonomiese waardes belangrik is. Die gesin van oorsprong kan verantwoordelik wees vir die belangrikheid van hierdie waarde. Meer as die helfte van die Xhosa deelnemers kom uit gebroke gesinne en die helfte van die gesinshoofde het nie goeie opleiding gehad nie. Behalwe vir die vraelys vergelyk die houding teenoor ekonomiese waardes op die skaal, goed met die van ander Swart inheemse etniese groepe.
- Ekonomiese waardes is vir Indiërs belangrik en word veral in die skaalwaarde weerspieël. 'n Verdere moontlike rede vir die belangrikheid van hierdie waarde is dat al hierdie deelnemers ongetroud is en dat hulle tot 'n groot mate finansieël vir hulle self moet sorg.
- Die Afrikaansspreekende Blankes gee oor die algemeen minder voorkeur aan ekonomiese waardes. Beide die vraelys en die skaal vertoon hierdie laer prioriteit. Dit kan moontlik aansluit by die houding van 'n deelnemer wat sê "... geld is nie alles nie." Daarmee word geïmpliseer dat ander dinge behalwe geld geluk bring.



WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

Die evaluering van die bepaalde kontekste in die Likert-tipe skaal vir waardes dui die verskille en ooreenkomste tussen die verskillende etniese groepe in spesifieke situasies aan.

**TABEL 8.24: ETNIESE GROEPE SE EVALUERINGS  
VAN DIE EKONOMIESE WAARDES OP DIE LIKERT-TIPE SKAAL VIR WAARDES**

n=154

Skaalwaardes:1-7

Item	Spesifieke waardes	Verband	Etniese groepe se gemiddelde skaalwaardes							
			A	E	I	K	S	T	X	Z
V51	Vooruitgang Ekonomiese groei	Samelewing	6.1	6.3	6.7	6.5	6.5	6.7	6.3	6.6
V57	Produktiwiteit Verantwoordelik	Samelewing Gemeenskap	6.1	6.6	6.1	6.6	6.4	6.6	6.8	6.6
V58	Planmatig Verantwoordelik Ongerief Vernuftigheid	Self	5.3	6.3	6.2	5.8	6.1	6.2	5.5	5.9
V59	Verantwoordelik Opvoeding	Self Samelewing	5.5	5.6	6.3	6.2	6.3	6.3	6.3	6.2
V60	Vaardigheid Verantwoordelik	Self	6.1	5.6	6.8	6.6	6.8	6.6	6.8	6.7

Uit die skaalwaardes soos aangedui in Tabel 8.24 kan die volgende afleidings gemaak word:

- Al die etniese groepe meen ekonomiese groei en produktiwiteit is belangrik. Hierdie afleiding blyk uit die response op V51 en V57.
- Volgens die response op V58 meen al die etniese groepe dat dit redelik belangrik is om te koop waar hulle die beste pryse kry.
- Die evaluering van V59 en V60 dui daarop dat persoonlike begrotings en kennis daarvan belangrik is. Dit bevestig die behoefte aan meer kennis oor die hantering van finansies. Twee van die deelnemers het tydens die onderhoud ook klem gelê op die belang van kennis en die hantering van 'n mens se persoonlike finansies.

### 13.1 Die belangrikheid van ekonomiese waardes

Die deelnemers het aangedui dat ekonomiese waardes belangrik is. Codrington (2001a; 2001b) bevestig hierdie stelling. Dit geld veral ten opsigte van die response op die spesifieke situasies in die skaal. Die implementering van ekonomiese waardes is dus ook belangrik. Die deelnemers verwys ook dikwels na ekonomiese aspekte (kyk Tabel 8.2).

Ekonomiese waardes verwys na aspekte van materiële gewin. Die mees algemene opvatting is egter dat geld of finansiële gewin daarby betrokke is. Arbeid en verwante konsepte soos produktiwiteit is ook hierby betrek. Dit sluit ook objekte en handeling wat voordelig en bruikbaar is, tot diens kan wees en tot gerief kan lei.

## WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

Eshleman (1994:110) se siening oor die ekonomie bevestig die gesinsekologiese perspektief en noem dat die ekonomie een van die gemeenskaps- en samelewingsisteme is wat die gesin die meeste beïnvloed. Indien ekonomiese faktore soos werkloosheid, swak betaling en inflasie 'n landwye probleem is, word talle gesinne daardeur geaffekteer. Hierdie aspekte raak ook die jong volwassene op verskeie gesinsekologiese terreine. Die volgende stellings van deelnemers wys hoe verskillende terreine deur die ekonomie geaffekteer word:

**“Ek help my ma omdat sy swaar kry. Sy verdien min geld en is nie altyd seker van haar werk nie. Daarom werk ek hard om meriete toekennings vir my studies te kry.”**

**“Ek moes eers twee jaar gaan werk om geld te kry vir my studies.”**

**“Sometimes I had to go to school without food because there was no money.”**

**“I walked to school, because the bus was too expensive.”**

**“We had to look for food in the bushes or look for marog (wilde groente van die spinasie familie) to eat. There was no food at home. My father worked in the city and only sometimes we got money from him.”**

**“If we had no food in the home my mother sent us to my granny or aunty to eat with them.”**

**“The only food we had was pap and marog. Now I know that it is not so healthy.”**

**“We were poor. We all slept in one hut. There was no privacy.”**

**“I studied nursing because they pay you while you study. I could not afford anything else.”**

Uit die bogenoemde stellings blyk dit dat as gevolg van armoede (ekonomiese terrein) opofferings soos onder andere privaatheid, beroepskeuse en hulpverlening gemaak moes word. Gesinsekologiese terreine word soms deur die realiteite van armoede (ekonomiese terrein) oorheers/beïnvloed. Die volgende gesinsekologiese terreine wat beïnvloed word, kan geïdentifiseer word: self, verhoudings, beroepe, intellektueel, omgewing (natuur), liggaamlik, tyd-ruimtelik.

Verskeie van die deelnemers het genoem dat hulle ouers (veral vaders) werkloos is. Die meeste van die deelnemers kom uit arm huishoudings. Redes is onder andere gebroke gesinne soos afwesige vaders, enkelouergesinne, werkloosheid, swak opleiding en laagbesoldigde beroepe.

### 13.2 Faktore wat die belangrikheid van ekonomiese waardes beïnvloed

Benewens etnisiteit (kyk Tabel 8.23) en verskillende kontekste (kyk Tabel 8.24) is daar ander faktore wat die belangrikheid van ekonomiese waardes kan beïnvloed.

#### 13.2.1 Die eienskappe van die gesin van oorsprong

Sommige deelnemers se gesinne van oorsprong is armoedig. Faktore wat tot hierdie armoede bydra is onder andere die swak opleiding van die hoof van die gesin en enkelouerskap. Duvall en Miller (1985:373-377) toon aan hoe armoede en rykdom verskeie gesinsekologiese terreine van kinders kan beïnvloed. Waar armoede heers, is kinders altyd bewus van min geld en tekorte. Hierdie ervarings kan daartoe lei dat daar op die ekonomiese behoeftes gefikseer word. Daarom is dit belangrik om ekonomiese waardes teen die agtergrond van die gesin van oorsprong te evalueer.



## WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

### 13.2.2 Persoonlike ervarings en die heersende ekonomiese klimaat

In Suid-Afrika word die twee uiterste pole van armoede en ekonomiese welvaart (materialisme) beleef (Cronjé *et al*, 2000:19). Hierdie heersende ekonomiese klimaat kan ook bydra tot persepsies oor ekonomiese waardes en waarde-oriëntasies (Lategan, 1990). Materialisme kan veroorsaak dat ekonomiese waarde-oriëntasies op geld en besittings gefikseer word. Dit kan gebeur wanneer die individu ekonomiese voorspoed of teenspoed geniet. Die ontnugtering dat materialisme nie altyd geluk bring nie en verganklik is, is ook die ervaring van sommige Suid-Afrikaners (Louw, 2000). Dit gebeur soms met materialistiese persone, wat hul werk verloor het. Nuwe persepsies ontwikkel en daarom vorm geld nie meer die spil van hierdie persone se leefwyse nie. In hierdie geval kan die belangrikheid van ekonomiese waardes verminder. Ander waardes soos die religieuse-, beroeps- en verhoudingswaardes kan dan weer belangriker word (Louw, 2000).

'n Dalende landseconomie waarin armoede en werkloosheid heers, kan aanleiding gee dat oorlewingswaardes 'n groter prioriteit word. Op hierdie wyse kan ekonomiese waardes dan oorlewingswaardes word. So kan die jong volwassene wat in armoede grootgeword het en swaar gekry het alles in die stryd werp om nie weer in dieselfde posisie te verval nie. Sommige van die deelnemers bevestig dit en die volgende stelling is tipies hiervan:

***“My mother told me to work hard, to have an education so that I must not live in poverty again.”***

Verder noem sommige deelnemers dat hulle die verantwoordelikheid het om vir hulle self en vir hulle hulpbehoewende en werklose gesinslede te sorg. Die volgende stellings word genoem:

***“I sent some of my money to my mother.”***

***“We must help the poor that is why I send them money.”***

### 13.2.3 Lewensfase

Die jong volwassene betree 'n lewensfase waarin sy haar ekonomiese onafhanklikheid moet vestig (Louw, 2000) en haar eie tuiste moet kry asook haar eie besittings bymekaar moet maak. Dit lei daartoe dat ekonomiese waardes 'n belangrike faktor in haar lewe word en die volgende stellings deur 'n deelnemer en informant bevestig dit:

***“Ek moet nou vir my eie finansies sorg.”***

***“Die kënners (kinders) is groot hulle moet nou self agter hulle kyk (na hulle self omsien).”***

Binne hierdie konteks moet die jong volwassene nou besluite oor die belangrikheid van ekonomiese waardes neem.

## 14 TYD-RUIMTELIKE WAARDES

Die resultate ten opsigte van die belangrikheid van tyd-ruimtelike waardes, soos gemeet met die Vraelys wat belangrike/onbelangrike waardes deur geslote vrae bepaal en die Likert-tipe skaal, word onderskeidelik in Tabelle 8.25 en 8.26 weergegee.

Etnisiteit is 'n belangrike faktor wat die belangrikheid van tyd-ruimtelike waardes kan beïnvloed (Van der Walt, 1991:211; McAndrew, 1993:114-117). Tabel 8.25 dui die ooreenkomste en die verskille tussen die evaluerings van die etniese groepe aan.

WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

**TABEL 8.25 : TYD-RUIMTELIKE WAARDES AS WAARDEPRIORITEITE VAN DIE ETNIESE GROEPE**

n	Etniese groep	Vraelys om die belangrikste/onbelangrikste waardes deur geslote vrae te bepaal		Skaal vir waardes
		Belangrikste	Onbelangrikste	
25	Afrikaans	2	8	5.6
6	Engels	0	2	5.3
11	Indiër	0	1	5.8
15	Kleurling	2	6	5.5
31	Sotho	3	2	5.3
21	Tswana	2	5	5.7
9	Xhosa	0	3	5.6
36	Zoeloe	7	6	5.3

Uit Tabel 8.25 kan die volgende waarnemings en afleidings gemaak word:

- Tyd en ruimte word deur al die deelnemers in die response op die vraelys tot 'n meerdere of mindere mate as redelik onbelangrik beskou.
- Die response op die skaal dui aan dat al die etniese groepe van oordeel is dat tyd en ruimte in sekere situasies belangrik is. Hierdie tendens bevestig dat die belangrikheid van waardes deur bepaalde kontekste beïnvloed kan word.

Tabel 8.26 dui die evaluering van deelnemers ten opsigte van tyd-ruimtelike waardes in sekere kontekste aan.

**TABEL 8.26: ETNIESE GROEPE SE EVALUERINGS VAN DIE TYD-RUIMTELIKE WAARDES OP DIE LIKERT-TIPE SKAAL VIR WAARDES**

n=154

Skaalwaardes:1-7

Item	Spesifieke waardes	Verband	Etniese groepe se gemiddelde skaalwaardes							
			A	E	I	K	S	T	X	Z
V132	Tydsbenutting Planmatig Konsidererend Verantwoordelik	Gemeenskap	5.8	4.7	6.1	5.0	6.0	5.8	6.1	5.7
V134	Nuttigheid Planmatig Tydsbenutting	Self	5.8	5.7	6.9	5.9	5.9	6.7	5.0	6.0
V135	Persoonlike ruimte Selfbeskerming Privaatheid	Self	6.3	5.5	6.7	6.3	5.4	5.8	6.2	4.6
V136	Ruimte Nabyheid	Self	6.3	6.2	6.3	6.5	5.9	6.0	6.0	5.9
V137	Oortyd Hardwerkend Voordeel	Self	3.4	4.5	2.9	3.6	4.1	4.4	5.0	3.9

## WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

Uit die bostaande evaluering kan die volgende waarnemings en afleidings gemaak word:

- Behalwe vir die Engelssprekende Blankes raak die ander etniese groepe maklik ontsteld as ander persone nie betyds opdaag nie. Hierdie menings word in die respons op V132 weerspieël.
- Al die deelnemers en veral die Indiërs dui in die evaluering van V134 aan dat tydsgebruik belangrik is.
- In die response op V135 is al die etniese groepe, maar tot 'n mindere mate die Zoeloes oortuig dat persoonlike ruimte belangrik is tussen vreemdes.
- Volgens die evaluering op V136 wil al die etniese groepe genoegsame huislike ruimte hê.
- Volgens die response op V137 het die etniese groepe nie juis 'n probleem met oortyd werk nie, veral as daar voordele aan verbonde is. Die navorser het gevind dat verpleegkundiges se werksure nie rigied is nie en baie keer aangepas moet word. Indien nodig word daar soms oortyd gewerk.

### 14.1 Die belangrikheid van tyd-ruimtelike waardes

Tyd en ruimte is twee tipiese waardes wat saam gebruik word en soms saam funksioneer. Hierdie waardes wys na aspekte soos tydsbenutting en ruimtegebruik. Laasgenoemde sluit ook aspekte soos naby plekke (byvoorbeeld afstand tussen werk en huis), privaatheid en territoriale gebied sowel as die teorie van Deacon en Firebaugh (1983:28-51) in. Tyd-ruimtelike waardes is onder andere belangrik omdat verskillende ander gesinsekologiese waardeterreine ook by die gebruik van tyd en ruimte betrek word. So byvoorbeeld kan tydsbenutting en tydstoekenning 'n aspek van verhoudings wees. Ruimte kan ook as deel van verhoudingswaardes gesien word en kan onder andere van toepassing wees in aspekte soos nabyheid (persoonlike ruimte).

Die belangrikheid van tyd-ruimtelike waardes word onder andere in die response in Figuur 8.1, Tabela 8.1 en 8.2 aangetoon. Die response van die deelnemers soos weergegee in Tabel 8.2 dui aan dat daar wel na aspekte soos tyd en ruimte verwys word en daarom kan daar aanvaar word dat hierdie waardes deel van die deelnemers se daaglikse lewe vorm. Die evaluering in Tabel 8.26 toon dat in spesifieke situasies tyd en ruimte belangrike aspekte is.

### 14.2 Faktore wat die belangrikheid van tyd-ruimtelike waardes beïnvloed

Die belangrikheid van tyd en ruimte as waardes word deur verskillende kontekste/faktore beïnvloed (Viljoen *et al*, 1987). Hierdie kontekste is onder andere etnisiteit en spesifieke situasies (kyk Tabel 8.25 en 8.26). Ander faktore wat van belang is sal vervolgens bespreek word.

#### 14.2.1 Sosio-ekonomiese faktore

Die gebruik van tyd kan deur sosio-ekonomiese faktore beïnvloed word. Dit word deur 'n Tswana deelnemer se stellings bevestig:

*"I had to get up early in the morning and clean the house first and then I had to walk miles to the school. I could not afford to take the bus."*

*"I had to clean and cook after school. There was very little time to play."*



## WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

Sosio-ekonomiese faktore kan ook 'n rol speel in die toepassing van ruimte. In die onderhoude met twee Tswana en een Afrikaanssprekende Blanke deelnemer het die volgende na vore gekom:

***“We were very poor. We (gesin) all slept in one hut.”***

***“I did not have my own room.”***

***“Ek en my suster moes 'n kamer deel.”***

Ten spyte van die klein ruimtes in huise is daar tog somtyds gepoog om privaatheid en 'n eie territoriale gebied te skep. 'n Afrikaanssprekende Blanke en Tswana deelnemer het die volgende gerapporteer:

***“My suster het haar deel van die kamer gehad en ek het myne gehad.”***

***“All our children had our own place to hang our clothes.”***

### 14.2.2 Behoeftes en doelwitte

Uit bogenoemde is dit duidelik dat ten spyte van armoede daar 'n behoefte is aan 'n eie 'territoriale' gebied en privaatheid. 'n Tswana deelnemer noem dat sy van haar privaatheid in haar kamer hou en nie daarvan hou as daar nie aan haar kamerdeur geklop word nie.

Ten spyte van die afbakening van die 'territoriale' gebiede en die vestiging van privaatheid is daar tog 'n behoefte aan intimiteit. 'n Tswana deelnemer noem dat sy haar eie kamer het, maar dat sy graag in die nag by haar suster in die bed klim. Dit gee 'n gevoel van sekuriteit aan haar en vervul so in 'n belangrike behoefte. Ten spyte van die meer goeie Westerse leefstyl van aparte kamers, het hierdie deelnemer nog steeds 'n behoefte aan nabyheid gehad.

Dit was vir al die deelnemers wat aan die onderhoude deelgeneem het 'n belangrike doelwit om eendag 'n eie huis te besit. Behoeftes bepaal egter hoe die ruimte in die huis ingerig word. Sommige deelnemers was eksplisiet in die onderhoud ten opsigte van die behoeftes en gevolglike vereistes van 'n huis. Hierdie aspek word ook deur 'n Tswana moeder bevestig:

***“Ek het nou die steen. As ek bou is dit die spens ... ek soek nie die badkamer by die huis nie. Ek soek die spens. Ek laaik (hou van) hom. Ek sal die goed daar sit.”***

Tyd word ook deur behoeftes geaffekteer. Een van die senior susters (informant) rapporteer dat die Swart inheemse etniese verpleegster soms probleme ondervind om by die Westerse vinnige leefwyse in te val, maar met verloop van tyd kry hulle dit tog reg. Deur akkulturasie word daar dus by die Westerse vereistes aangepas.

## 15 REGSWAARDES

Die resultate ten opsigte van die belangrikheid van regswaardes soos gemeet met die Vraelys wat belangrike/onbelangrike waardes deur geslote vrae bepaal en die Likert-tipe skaal word in Tabelle 8.27 en 8.28 weergegee.

WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

**TABEL 8.27: REGSWAARDEPRIORITEITE VAN DIE ETNIESE GROEPE**

n	Etniese groep	Vraelys om die belangrikste/onbelangrikste waardes deur geslote vrae te bepaal		Skaal ir waardes
		Belangrikste	Onbelangrikste	
21	Afrikaans	2	4	5.8
6	Engels	1	2	5.5
11	Indiër	0	2	6.2
15	Kleurling	1	2	5.7
31	Sotho	5	3	5.6
21	Tswana	4	4	5.7
9	Xhosa	0	2	5.6
36	Zoeloe	2	5	5.4

Die volgende waarnemings en afleidings kan ten opsigte van die Tabel 8.27 gemaak word:

- In die betrokke vraelys is daar 'n algemene negatiewiteit ten opsigte van die belangrikheid van regswaardes. Slegs die Sotho's is redelik positief teenoor regswaardes.
- Daar is oënskynlik nie 'n groot verskil tussen die etniese groepe se opinies op die skaalantwoorde nie.

Spesifieke situasies kan die belangrikheid van waardes beïnvloed. Tabel 8.28 verwys na die evaluering van die deelnemers van spesifieke situasies.

**TABEL 8.28: ETNIESE GROEPE SE EVALUERINGS VAN DIE REGSWAARDES OP DIE LIKERT-TIPE SKAAL VIR WAARDES**

n=154

Skaalwaardes:1-7

Item	Spesifieke waardes	Verband	Etniese groepe se gemiddelde skaalwaardes							
			A	E	I	K	S	T	X	Z
V76	Wetsgehoorsaam Eerlikheid	Self	6.3	6.0	6.7	4.3	5.0	5.5	6.2	5.7
V81	Wetsgehoorsaam Straf	Samelewing	5.9	5.1	6.0	5.3	5.5	5.1	5.1	5.6
V84	Wetsgehoorsaam Konsekwent	Self	5.8	6.1	6.0	6.0	6.2	5.9	6.1	5.9
V85	Wetsgehoorsaam Pligsgetrou Verantwoordelik	Self Gemeenskap	5.6	5.5	5.9	5.3	5.4	5.2	5.3	5.4
V87	Regverdigheid Billikheid Gelykheid	Self	6.3	6.0	6.4	5.6	6.1	6.6	6.2	6.2

Uit die bostaande evaluering kan die volgende tendense afgelei word:

## WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

- Die response op V76 toon aan dat Indiërs, Xhosas, Afrikaanssprekende en Engelssprekende Blankes nie gesteelde goedere sal neem nie. Die Kleurlinge het egter nie dieselfde gevoel hieroor nie. Behalwe vir Indiërs wat sterk teen die oortreding van inkomstebelasting is, toon die ander etniese groepe 'n meer buigsame houding. Die response op V81 weerspieël hierdie gevoel teenoor eerlikheid ten opsigte van inkomstebelasting. Cronjé *et al.*, (2000:288) dui aan dat oneerlikheid en die betrokkenheid daarby relatief tot die situasie is.
- Wat die response op V84 betref blyk dit dat die deelnemers meen dat alle padreëls belangrik is.
- In die evaluering van V85 toon sommige deelnemers aan dat hulle onwettighede aan die polisie sal rapporteer.
- Regverdigheid en billikheid is belangrike aspekte volgens die response op V87. Hier gaan dit oor die gelyke behandeling deur bedieners wanneer daar in lang toue gestaan word.

Uit bostaande is dit duidelik dat die sosiale agtergrond die siening van 'die reg' kan beïnvloed (Murphy-Berman, Levesque & Berman, 1996).

### 15.1 Die belangrikheid van regswaardes

Regswaardes verwys na regverdigheid, wettiese aspekte en die toepassing van die reg. Daarom kan daar ook na verwys word as wettiese waardes. Hierdie gesinsekologiese waardeterrein kan van toepassing gemaak word op 'n wye aantal waardeterreine en daarom is dit van belang.

Die prioriteit wat deelnemers aan regswaardes gee word gevind in die response soos weergegee in Figuur 8.1 asook Tabelle 8.1 en 8.2. Die evaluering van die Likert-tipe skaal vir waardes (kyk Tabelle 8.27 & 8.28) dui aan dat die betrokke waardes redelik belangrik is. Dit wil sê in bepaalde situasies (spesifieke omstandighede) word die belangrikheid van regswaardes erken.

### 15.2 Faktore wat die belangrikheid van regswaardes beïnvloed

Benewens etnisiëit en spesifieke situasies is daar verskeie ander kontekste/faktore wat die belangrikheid van regswaardes kan beïnvloed. Hierdie kontekste sal vervolgens bespreek word.

#### 15.2.1 Hedendaagse persepsies

Volgens sommige deelnemers kan swak wetstoepassing tot die onbelangrikheid van regswaardes lei. Uit onderhoud met jong volwasse nes (informante) en deelnemers het dit geblyk dat daar 'n verwardheid en wantroue heers ten opsigte van die volgende aspekte van die reg/wet.

- Swak wetstoepassing
- Onaanvaarbare bevoordeling en benadeling as gevolg van die wet
- 'n Wantroue in die integriteit van die gesagspersone.

Die volgende stellings van die deelnemers bevestig bogenoemde persepsies:

**“Who can you trust today?”**

**“There are too many wrong things going on.”**

**“n Mens gaan kla maar dit help nie regtig nie. Mense kom met baie dinge weg.”**



## WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

Verder is daar 'n opvatting dat jy nie betrokke moet raak by ander persone se probleme nie aangesien dit net moeite en moontlik skade vir jou kan beteken. Daarom noem sommige deelnemers dat hulle verkies om nie eintlik oor regswaardes te dink nie want hierdie gedagtes lei net tot frustrasies. Hierdie negatiewe situasies word dus vermy (Jordaan & Jordaan, 1988:618).

### 15.2.2 Ervarings en die uniekheid van die individu

Sommige persone se gedrag (Moghaddam, Taylor & Wright, 1993:154-155) kan op ordelikheid dui en op 'n behoefte om reëls en regulasies noukeurig uit te voer. Hier teenoor staan die gedrag van traak-my-nie-agtige persone wat nie wetties ingestel is nie. Laasgenoemdes ervaar dat wette nie so belangrik is nie en dit nie juis saak maak as jy dit oortree nie.

Negatiewe ervarings ten opsigte van die reg en wetstoepassing kan veroorsaak dat denke oor waarde-oriëntasies wat met enige vorm van die reg te doen het, eerder vermy word.

## 16 OMGEWINGS-/NATUURWAARDES

Omgewing/natuurwaardes verwys na die fisies-biologiese omgewing (natuur) en staan ook bekend as natuurwaardes.

Die resultate ten opsigte van die belangrikheid van omgewing/natuurwaardes soos gemeet met die Vraelys wat belangrike/onbelangrike waardes deur geslote vrae bepaal en die Likert-tipe skaal word in Tabelle 8.29 en 8.30 weergegee.

**TABEL 8.29: OMGEWINGS-/NATUURWAARDEPRIORITEITE VAN DIE ETNIESE GROEPE**

n	Etniese groep	Vraelys om die belangrikste/onbelangrikste waardes deur geslote vrae te bepaal		Skaal vir waardes
		Belangrikste	Onbelangrikste	
25	Afrikaans	2	2	5.5
6	Engels	0	3	4.3
11	Indiër	1	2	4.9
15	Kleurling	0	3	4.5
31	Sotho	1	10	4.5
21	Tswana	3	2	4.7
9	Xhosa	1	3	4.2
36	Zoeloe	0	6	4.7

Die volgende waarnemings en tendense kan uit Tabel 8.29 gemaak word:

- Afrikaanssprekende Blankes en Tswanas is die twee groepe wat die hoogste waardetoekenning op vraelys A, aan omgewings-/natuurwaardes gee.
- Afrikaanssprekende Blankes toon 'n heelwat hoër telling vir omgewings-/natuurwaardes op die skaal as enige van die ander etniese groepe.
- Die waardetoekenning op die skaal toon aan dat die Swart inheemse etniese groepe se onderlinge metings redelik dieselfde is.

WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

Die Liket-tipe skaal vir waardes het spesifieke omgewings-/natuurwaardes gemeet. Die resultate word in Tabel 8.30 weergegee.

**TABEL 8.30: ETNIESE GROEPE SE EVALUERINGS  
VAN DIE OMGEWING/NATUURWAARDES OP DIE LIKERT-TIPE SKAAL VIR WAARDES**

Item	Spesifieke waardes	Verband	Etniese groepe se gemiddelde skaalwaardes							
			A	E	I	K	S	T	X	Z
V121	Vooruitgang Bewaring Billikheid Balans Verantwoordelik	Samelewing	6.4	5.0	4.7	4.7	4.4	5.3	3.3	4.9
V123	Dienslewering Betrokke Beskerm	Self	6.5	4.2	6.4	4.7	5.2	5.5	5.1	5.2
V125	Dienslewering Hulpvaardig Offervvaardig	Self	2.8	3.7	2.8	3.1	2.5	3.8	2.2	2.9
V126	Beskerm Diereliewend	Gemeenskap Samelewing	6.1	4.5	5.8	5.8	5.3	5.4	5.7	6.0
V128	Offervvaardig Geld	Self	6.5	5.5	5.9	5.6	5.9	5.8	5.2	5.9

Uit die bostaande resultate kan die volgende afleidings gemaak word:

- In die evaluering op V121 toon die deelnemers tot 'n mindere en meerdere mate aan dat vooruitgang belangriker as die natuur is. Die belangrikheid van die natuur word dus relatief verskillend deur die etniese groepe beleef.
- Afrikaanssprekende Blankes en Indiërs toon in hulle evaluering van V123 aan dat hulle by natuurbewaring betrokke sal raak terwyl die ander etniese groepe nie dieselfde oortuiging het nie.
- In antwoorde op V125 voel die deelnemers dat hulle nie betrokke sal raak om parke skoon te maak nie. Moontlike redes hiervoor kan wees dat hulle meen dit is nie hulle werk nie, dat dit 'n vernederende werk is, dat vuil parke hulle bloot nie affekteer nie, dat die park reeds vuil is en daarom sal nog rommel nie juis 'n verskil maak nie en/of dat hulle dit nie as hulle verantwoordelikheid beskou nie omdat dit nie hulle grond is nie. Lubbe en Putch (1994:122) noem dat navorsing in Suid-Afrika gevind het dat rommel meer gestrooi word op ander persone se perseel as op die eie perseel. Daar is moontlik 'n verband tussen eienaarskap en rommelstrooi.
- Behalwe vir die Engelssprekende Blankes, is vuurwerke volgens die respons op V126 vir die deelnemers 'n probleem omdat dit diere verskrik. 'n Rede vir die Engelssprekendes se houding kan moontlik wees omdat Guy Fawkes (wat met vuurwerke geassosieer word) van Engelse oorsprong is. Die Engelssprekende Blankes kan dus moontlik meer bevooroordeel in hul evaluering wees.

## WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

- Die response op V128 toon aan dat veral Afrikaanssprekende Blankes die bewaring van dierespesies as baie belangrik beskou. Die ander etniese groepe beskou dit slegs as redelik belangrik. Moontlike redes hiervoor kan wees dat die Afrikaanssprekende Blankes deur die skole en die media dalk meer blootgestel was aan die natuur en natuurbewaring propaganda.

### 16.1 Die belangrikheid van omgewing/natuurwaardes

Volgens Mc Andrews (1993:30) word daar bepaalde oortuigings oor die omgewing (natuur) gevorm en kan tot toekomstige gedrag lei. Verder noem Mc Andrews (1993:31) dat hierdie oortuigings onder andere deur waarneming gevorm word en dat daar simboliese betekenis aan geheg word. Hierdie simboliese betekenis dui die funksie of bruikbaarheid vir die mens aan. So sal sekere bome byvoorbeeld gesien word as 'n bron van kos, beskerming of slegs vir die estetiese waarde daarvan. Hierdie simboliese betekenis kan die belangrikheid van hierdie waardeterrein beïnvloed.

Die belangrikheid wat omgewings-/natuurwaardes onder die deelnemers geniet word in Figuur 8.1 asook Tabele 8.1 en 8.2 weerspieël. Die deelnemers se response dui aan dat omgewing (natuur) waardes nie juis een van die belangrikste waardes is nie. Moontlike redes hiervoor sal genoem word wanneer die konteks van hierdie waarde bespreek word.

### 16.2 Faktore wat die belangrikheid van omgewings-/natuurwaardes beïnvloed

Benewens etnisiteit en spesifieke situasies is daar die volgende faktore wat die belangrikheid van omgewings-/natuurwaardes kan beïnvloed.

#### 16.2.1 Bewustheid en betrokkenheid

Die bewustheid van en die betrokkenheid by die natuurlike omgewing (natuur) kan 'n belangrike rol speel in die evaluering van omgewing/natuurwaardes (Viljoen *et al*, 1985). Dit is dus belangrik dat mense bewus gemaak word van die belangrikheid van natuurbronne (Dahl, 1998). Verder moet die kinders van jongs af betrokke by die natuurlike omgewing raak. Sodoende leer hulle 'n liefde vir die natuur aan en word omgewing/natuurwaardes belangrik.

In die vraelyste wat handel oor die oordra van waardes (kyk Hoofstuk 9), het deelnemers aangedui dat die belangrikheid van omgewing/natuurwaardes nie deur hulle ouers aan hulle oorgedra is nie. Dit is veral die televisie en die skool wat die belangrikheid van die natuur beklemtoon. Sommige deelnemers is dus nie van jongs af, deur hulle ouers, bewus gemaak van die belangrikheid van die natuur nie.

McAndrews (1993:289) toon aan dat die Blanke en Swart bevolkings verskil ten opsigte van hulle siening oor die belangrikheid van natuurbewaring. Die volgende twee redes word deur McAndrews (1993:289) aangevoer vir hierdie etniese groepe se oortuigings. Eerstens is gevind dat die Blankes meestal betrokke is by natuurbewaring en tweedens dat Swart bevolkings vervreemd is van die sogenaamde witboordjie Blankes wat natuurbewaring



## WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

bevorder. Betrokkenheid is dus ook hier 'n faktor wat die belangrikheid van gesinsekologiese waardes beïnvloed.

### 16.2.2 Afhanklikheid en bestuur

Die volgende voorbeeld weerspieël die aanname ten opsigte van die bestuur van die gesinsekologiese perspektief. 'n Tswana moeder het aangedui dat sy haar huisafval sorteer. Sy noem die volgende:

**“... dan daar is kos vir die varke. Ons brand die anner vuilgoed. Dan is dit weer min en weer plek vir ander vuilgoed.”**

Sy noem verder dat sy haar kinders leer om nie die water te mors nie. Volgens haar is sy van mening dat die water **“... kan opraak en dan is daar nie kos vir mense en diere nie.”** Sy ervaar dus dat noodsaaklike bronne vir oorlewing bedreig kan word. Hierdie optredes van die Tswana moeder dui op die afhanklikheid van die natuur vir oorlewing.

'n Blanke jong volwasse vrou (informant) wat 'n marinebioloog is, meen dat omgewing/natuurwaardes een van die belangrikste waardes is, aangesien die mens se voortbestaan daarvan afhang. Hierdie jong volwassene is bewus van en betrokke by omgewing/natuurwaardering en daarom besef sy die belangrikheid daarvan.

## 17 KULTURELE WAARDES

Die resultate ten opsigte van die belangrikheid van kulturele waardes soos gemeet met die Vraelys wat belangrike/onbelangrike waardes deur geslote vrae bepaal en die Likert-tipe skaal word in Tabelle 8.31 en 8.32 weergegee.

**TABEL 8.31 : KULTURELE WAARDEPRIORITEITE VAN DIE ETNIESE GROEPE**

n	Etniese groep	Vraelys om die belangrikste/onbelangrikste waardes deur geslote vrae te bepaal		Skaal vir waardes
		Belangrikste	Onbelangrikste	
25	Afrikaans	1	5	5
6	Engels	0	2	5.5
11	Indiër	3	3	5.7
15	Kleurling	1	5	4.5
31	Sotho	3	8	5.5
21	Tswana	4	10	5.4
9	Xhosa	2	0	5.5
36	Zoeloe	5	10	5.4

Uit Tabel 8.31 kan die volgende afleidings gemaak word:

In die toepassing van kulturele waardes (skaal) meen Indiër deelnemers dat kulturele waardes belangrik is. Volgens 'n kultuurkenner maak die Hindugeloof baie gebruik van tradisies en dit kan die rede wees vir die belangrikheid van kulturele gebruike.

WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

Die spesifieke konteks word voorgestel met situasies wat in die Likert-tipe skaal vir waardes gestel is en kan die belangrikheid van waardes beïnvloed. Die deelnemers het die volgende skaalwaardes aan spesifieke situasies gegee.

**TABEL 8.32: ETNIESE GROEPE SE EVALUERINGS  
VAN DIE KULTURELE WAARDES OP DIE LIKERT-TIPE SKAAL VIR WAARDES**

n=154

Skaalwaardes: 1-7

Item	Spesifieke waardes	Verband	Etniese groepe se gemiddelde skaalwaardes							
			A	E	I	K	S	T	X	Z
V61	Tradisie Kollektivisme	Gemeenskap Self	4.9	5.3	6.2	5.3	5.9	5.3	6.3	5.6
V62	Tradisie Erkentlikheid Verhoudings	Gemeenskap	5.3	5.5	5.2	3	5.1	5.2	5.0	5.3
V64	Taal Menseregte Demokrasie	Samelewing	4.9	5.5	4.9	5.4	5.7	5.5	5.7	6.1
V66	Tradisie Bewaring	Samelewing	5.3	5.8	6.0	4.9	5.7	4.3	6.2	5.4
V68	Taal Menseregte Prakties	Samelewing	4.5	5.3	6.0	4.0	4.8	5.2	4.2	4.5

Uit die bostaande skaaltellings van Tabel 8.32 kan die volgende afleidings gemaak word:

- Die respons op V61 toon aan dat Afrikaanssprekende Blankes die etniese groep is wat die minste belangstelling toon om by kultuurorganisasies aan te sluit. By verdere navraag het jong volwassenes (informante) aangedui, dat hulle ervaring was, dat 'n kultuurorganisasie soos die Voortrekkers te ingestel was op die verlede en nie rekening met die hedendaagse veranderinge en behoeftes gehou het nie. Die Indiërs en Xhosas is die groepe wat die meeste belangstel in organisasies wat hulle kultuur sal bevorder.
- In die respons op V62 toon die Kleurlinge 'n besondere swak belangstelling in helledag. Dit kan moontlik wees dat hulle nie met spesifieke helde kan identifiseer nie.
- Volgens die respons op V64 toon Indiërs en Afrikaanssprekende Blankes die minste belangstelling om in hulle eie taal in howe verhoor te word. Redes hiervoor is moontlik dat hulle nie juis te doen het met die hof nie en/of dat hulle nie 'n probleem het met 'n tweede taal nie.
- Die respons op V66 toon aan dat kulturele vakansiedae nie juis belangrik vir Tswanas en Kleurlinge is nie. Hierdie tendens stem ooreen met die Kleurlinge se houding teenoor helledag. Xhosas meen dat dit belangrik is om kulturele vakansiedae te hê. Hierdie tendens stem ooreen met die Xhosas se siening van kultuur (kyk Tabel 8.26).

## WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

- Behalwe die Indiërs en tot 'n minder mate die Tswanas en Engelssprekendes meen die ander deelnemers dat hulle nie juis daarvan hou dat televisie taaldiskriminasie toon nie. Hierdie menings word uit die response op V68 afgelei.

### 17.1 Die belangrikheid van kulturele waardes

Kulturele waardes verwys na verskillende kultuurvorme (Kaiser, 1990:49-54). Mensgemaakte objekte, simbole, houdings, oortuigings, taal, gedragspatrone, tradisionele gebruike en geskiedkundige gebeure is onder andere deel van kulturele waardes. Kulturele waardes kan op al die gesinsekologiese terreine van toepassing wees en daarom is dit van belang. Die wyse waarop die verskillende gesinsekologiese terreine 'hanteer' word, kan ook as kultuur gesien word. So byvoorbeeld kan sekere religieuse gebruike 'n weerspieëling van 'n bepaalde kulturele gebruik wees. Die sing en dans van die Swart inheemse etniese groepe by kerklike byeenkomste is 'n voorbeeld hiervan.

Kulturele waardes is volgens die response van die deelnemers soos in Tabel 8.1 en Figuur 8.1 aangetoon, nie juis belangrik nie, maar volgens response in Tabel 8.2 word die belangrikheid as gemiddeld geag. Dit impliseer dat gebruike en bepaalde situasies tog belangrik is wanneer besluite gemaak moet word. Deel van hierdie probleem word gevind in die onderhoude met Tswana deelnemers. Die volgende opmerkings is gemaak:

*“There are things we do in our culture but we do not know why.”*

*“My mother just told me to do these things. She does not know why.”*

*“The old people put a leaf on the ground. This means you must not enter the house. I do not know why they do this.”*

Hieruit is dit duidelik dat sekere kulturele gebruike deur veral die ouer generasie nog gevolg word, maar dat hulle dit slaafs kan navolg en nie altyd begryp waarom hulle dit doen nie. Outeurs noem dat hierdie tendens op kulturele gebied gesien kan word as die groot generasie gaping. Soms word kulturele gebruike na die kinders oorgedra maar nie die betekenis daarvan nie. Soms probeer sommige deelnemers die tradisionele gebruike in stand hou maar volg ook die Westerse gebruike. 'n Tswana deelnemer het die volgende weergawe van hul toekomstige troue gegee.

*“If I get married I will have two weddings. One with a white dress, in a church and I will invite only the people that are my friends. I must also have a wedding for the people of my village. I will dance for them because that is what they like.”*

Kulturele waardes en gebruike is dus belangrik ter wille van goeie verhoudings met persone wat nog die tradisionele gebruike handhaaf.

### 17.2 Faktore wat die belangrikheid van kulturele waardes beïnvloed

Benewens bepaalde situasies (kyk Tabel 8.32) kan ander faktore ook die belangrikheid van kulturele waardes beïnvloed. Die eerste van die faktore wat bespreek word, is etnisiteit.



## WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

### 17.2.1 Etnisiteit

In Tabel 8.31 is die verskille in etnisiteit reeds aangdui. Dat daar verskille ervaar word, word deur die volgende stellings wat uit onderhoude na vore gekom het, bevestig.

**“Hulle is nie olraait nie ... ons laaik nie die dinge wat hulle doen nie.”** Dit is die mening van ‘n Tswanasprekende vrou (informant) ten opsigte van die verhoudingswaardes van Zoeloesprekendes.

**“ ... die mense is nie onse mense nie. Hulle baklei maklik.”** (Kommentaar van ‘n Kleurlingvrou (informant) ten opsigte van die Swart inheemse etniese groepe.)

### 17.2.2 Die hedendaagse samelewing as konteks

Die volgende redes kan moontlik die oorsaak wees waarom kulturele waardes en gebruike nie so belangrik geag word nie. Hier gaan dit dus oor die vinnig ontwikkelende wêreld, veral op tegnologiese gebied, wat onder andere deur tradisionele denke ingeperk word. Op die mediese gebied soos die geval is met alle natuurwetenskaplike gebiede is dit belangrik om nuut te dink en by die nuwe idees aan te pas en dit te implementeer. Sekere tradisionele gebruike en oortuigings is dus nie meer relevant vir vandag se lewenstyl nie (Friedman, 2000: ix).

Opleiding het vandag se jong volwassene geleer om nuut te dink en om bestaande (of tradisionele) denke en gebruike te bevraagteken. In ‘n individualistiese postmoderne wêreld is die eie ek belangriker as die konformistiese en kollektivistiese denke van die tradisionele groep (Codrington, 2001a).

Op die sosiale (verhoudings) terrein is dit ook nodig om aanpassings te maak sodat daar goeie verhoudings tussen die verskillende etniese groepe in Suid-Afrika kan wees. ‘n Opmerking van ‘n deelnemer bevestig dit en sy noem dat daar saamgewerk moet word en dat elkeen nie net aan sy eie kultuur moet dink nie.

‘n Ander moontlikheid is die ontnugtering ten opsigte van leiers wat tradisies ten koste van vernuwing en vooruitgang, wil afdwing. Hierdie saak sal verder gevoer word wanneer outoriteit as gesinsekologiese terrein bespreek word.

As gevolg van werkloosheid en armoede moes baie mense stede toe trek op soek na werk. Dit het meegebring dat tradisionele bande verswak en nuwe gebruike en idees van ander kulture aangeleer is (Pitso-Matlabane, 1993:12,19-36). Daar het dus ‘n akkulturasieproses plaasgevind onder veral die verstedelike Swart inheemse etniese groepe. Hierdie aanpassings kan in die akkulturasie modelle in Hoofstuk 3 gesien word. Sommige deelnemers dui aan dat hulle waarde-oriëntasies tot ‘n groot mate verwesters het, maar dat kulturele waarde-oriëntasies en gebruike ook soms gehandhaaf word. Bi-kulturasie (Taylor, 1991) blyk ook ‘n verskynsel onder sommige deelnemers te wees aangesien beide die Swart inheemse en die Westerse kultuurgebruike aanvaar en toegepas word (kyk ook Hoofstuk 3).

Oor die algemeen gesien is die deelnemers uit die verskillende etniese groepe nie juis begaan oor tradisies nie. ‘n Afrikaanssprekende Blanke deelnemer bied die verklaring hiervoor:

WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

**“Daar is vinnige ontwikkeling in die wêreld aan die gang. Tradisie is soms baie outyds en keer die ontwikkeling.”**

**“Ons is ‘n multi-kulturele land en ons moet by mekaar aanpas. Ons kan nie dat tradisies ons terug hou nie.”**

Codrington (2001a) bevestig dat die verlede nie juis vir die hedendaagse jong volwassene belangrik is nie. By verdere navraag het ander jong volwassenes buite die ondersoekgroep ook hierdie houding bevestig.

## 18 ONTSPANNINGSWAARDES

Die resultate ten opsigte van die belangrikheid van ontspanningswaardes soos gemeet met die Vraelys wat belangrike/onbelangrike waardes deur geslote vrae bepaal en die Likert-tipe skaal word in Tabelle 8.33 en 8.34 weergegee.

**TABEL 8.33 : ONTSPANNINGSWAARDEPRIORITEITE VAN DIE ETNIESE GROEPE**

n	Etniese groep	Vraelys om die belangrikste/onbelangrikste waardes deur geslote vrae te bepaal		Skaal vir waardes
		Belangrikste	Onbelangrikste	
25	Afrikaans	3	1	5.9
6	Engels	0	2	5.2
11	Indiër	0	5	5.5
15	Kleurling	0	4	5.3
31	Sotho	2	11	5.1
21	Tswana	0	3	5.4
9	Xhosa	0	4	4.8
36	Zoeloe	3	7	5.3

Uit die gegewens in Tabel 8.33 kan die volgende waarnemings en afleidings gemaak word:

- Die skaalwaardes toon aan dat daar nie ‘n groot verskil tussen die verskillende etniese groepe se mening ten opsigte van ontspanningswaardes is nie.
- Die skaalwaardes toon ‘n meer positiewe houding as die response op die betrokke vraelys teenoor ontspanningswaardes. Die konteks beïnvloed dus die houding teenoor die waardes.
- Afrikaanssprekende Blankes beskou ontspanningswaardes belangriker as die ander etniese groepe.

Die items op die Likert-tipe skaal vir waardes dui spesifieke ontspanningswaardes en bepaalde situasies aan. Hoe die deelnemers hierop reageer bepaal dus of daardie tipe ontspanningswaardes in die betrokke omstandighede as belangrik beskou word.

WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

**TABEL 8.34: ETNIESE GROEPE SE EVALUERINGS  
VAN DIE ONTSPANNINGSWAARDES OP DIE LIKERT-TIPE SKAAL VIR WAARDES**

n=154

Skaalwaardes: 1-7

Item	Spesifieke waardes	Verband	Etniese groepe se gemiddelde skaalwaardes							
			A	E	I	K	S	T	X	Z
V93	Tydsbesteding Gebalanseerdheid	Samelewing Gemeenskap	6.2	6.0	5.7	5.8	5.5	6.1	5.1	6.2
V94	Tydsbesteding Gebalanseerdheid	Samelewing Gemeenskap	5.8	4.5	3.9	5.0	4.6	5.0	4.5	5.2
V95	Tydsbesteding Vermaak Media	Samelewing Gemeenskap	5.4	5.0	6.0	4.1	3.7	4.1	3.5	4.2
V96	Geriewe Natuur	Gemeenskap Self	5.9	5.0	6.0	5.0	5.5	5.8	5.3	5.2
V98	Gemak Verhoudings Beroep	Samelewing Gemeenskap	6.3	5.5	5.6	6.1	6.3	6.0	5.6	5.8

Uit die gegewens in Tabel 8.34 kan die volgende waarnemings en tendense afgelei word:

- In die evaluering van V93 dui al die etniese groepe aan dat 'n gebalanseerde leefstyl ontspanning insluit.
- Sotho's, Indiërs, Engelssprekende Blankes en Xhosas is volgens die response op V94 van oortuiging dat meer tyd aan ontspanning bestee behoort te word.
- In die evaluering van V95 blyk dit dat die Blankes en Indiërs verkies dat daar wel meer rolprente in televisieprogramme ingesluit moet word. Die ander etniese groepe is nie van dieselfde oortuiging nie.
- Die respons op V96 weerspieël 'n redelike belangstelling in sportaktiwiteite. Hierdie oortuiging word ook deur die response op V98 bevestig.

### 18.1 Die belangrikheid van ontspanningswaardes

Ontspanningswaardes sluit aspekte soos vermaak, sport en rus in. Soos ander waardes moet hierdie waarde nie geïsoleerd hanteer word nie en is dus ook belangrik vir ander gesinsekologiese waardeterreine. Ontspanningswaardes is onder andere verbind aan: beroepswaardes (omdat dit die werkstres kan verlig), gemoedswaardes en verhoudingswaardes. Die gebrek aan ontspanning kan tot 'n negatiewe gemoedstoestand lei. In ontspanningsaktiwiteite kan verhoudings met ander persone ontwikkel en bevorder word.

Die response op die Likert-tipe skaal vir waardes (kyk Tabel 8.1) dui aan dat ontspanningswaardes as redelik belangrik beskou word, maar volgens die response wat in Figuur 8.1 en Tabel 8.2 weergegee is, meen die deelnemers dat hierdie waarde nie juis baie belangrik is nie. Daarom sorteer ontspanningswaardes, volgens die deelnemers, onder die



## WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

minder belangrike waardes. Verskeie faktore kan tot hierdie tendens lei en sal vervolgens bespreek word.

### **18.2 Faktore wat die belangrikheid van ontspanningswaardes beïnvloed**

Ontspanningswaardes funksioneer binne verskeie kontekste wat die belangrikheid of onbelangrikheid van hierdie waarde kan beïnvloed. In Tabel 8.33 is daar na etnisiteit as konteks verwys, terwyl Tabel 8.34 na spesifieke situasies (kontekste) verwys. Vervolgens sal ander faktore wat die belangrikheid van ontspanningswaardes beïnvloed bespreek word.

#### **18.2.1 Verskillende vorms van ontspanning**

Ontspanning kan verskeie vorms aanneem aan die hand waarvan bepaal kan word watter tipe ontspanningswaardes betrokke is. So sal ontspanning wat in 'n groep beoefen word aspekte van verhoudingswaardes insluit, terwyl fisiese rus verband hou met die liggaamlike waardes. Op hulle beurt kan ontspanning by 'n gesondheidsentrum weer ekonomiese implikasies hê. Vakansies (as 'n vorm van ontspanning) in die wildtuin, by die see of êrens in die natuur kan 'n persoon met die natuur in kontak bring en sodoende kan die natuurwaardes moontlik versterk word. Persoonlike voorkeur kan dus die belangrikheid van ontspanningswaardes en die verwante waardes bepaal.

#### **18.2.2 Sosio-ekonomiese en kulturele agtergrond**

Studies onder stedelike en plattelandse Xhosas en Zoeloes het aangetoon dat hipertensie meer onder stedelinge voorkom (Seedat, Seedat & Hackland, 1982) en dat die gebrek aan ontspanning een van die faktore is wat hipertensie veroorsaak (Touyz, 1888; Norton, 1993:704-715). Verdere studies het ook aangetoon dat hipertensie verband hou met sosio-ekonomiese status en etnisiteit (Seedat, 1983; Seftel, 1988). Daar blyk dus 'n verband tussen sosio-ekonomiese status, etnisiteit en moontlik 'n gebrek aan ontspanning te wees. Dit lyk inderdaad of die genoemde faktore die belangrikheid van ontspanningswaardes kan beïnvloed.

Die verskillende vorms van ontspanning kan ook aan sosio-ekonomiese faktore gekoppel word (Spink, 1994:16). Verskeie van die deelnemers het genoem dat hulle graag met vakansie wil gaan, maar weens finansiële redes dit nie kan bekostig nie. Ontspanning kan dus hier aan ekonomiese waardes gekoppel word.

Die navorser het waargeneem dat baie Zoeloes in die landelike gebiede arm is en nie juis 'n keuse het van ontspanningsmoontlikhede nie. In gebiede wat deur die navorser besoek is, word daar gekuier en spelletjies met klippies, grond en sand gespeel. Geen gekoopte speelgoed is opgemerk nie omdat dit onbekostigbaar is. Sommige van die Tswana deelnemers het aangedui dat hulle so grootgeword het dat hulle tot 'n groot mate hulself moes vermaak. Verder was daar nie veel tyd vir speel nie aangesien hulle met die huistake moes help.

WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

**18.2.3 Uniekheid van die individu**

Die persoonlikheid van 'n persoon kan bepaal aan watter tipe ontspanning sy 'n voorkeur sal gee. So sal een persoon daarvan hou om alleen te sit en lees terwyl 'n ander persoon partytjies sal hou. Die sportiewe persoon sal weer voorkeur aan sport gee.

Die tipe ontspanning kan tot die manifestering van sekere persoonlikheidseienskappe lei. 'n Afrikaanssprekende Blanke deelnemer het aangedui dat hulle kompeterende speletjies gespeel het wat haar 'n kompeterende styl laat ontwikkel het. Op hierdie wyse kan ontspanningswaardes bydra tot die versterking van die persoonlikheidstrekke.

**19 ESTETIESE WAARDES**

Die resultate ten opsigte van die belangrikheid van estetiese waardes soos gemeet met die Vraelys wat belangrike/onbelangrike waardes deur geslote vrae bepaal en die Likert-tipe skaal word in Tabelle 8.35 en 8.36 weergegee.

**TABEL 8.35: ESTETIESE WAARDEPRIORITEITE VAN DIE ETNIESE GROEPE**

n	Etniese groep	Vraelys om die belangrikste/onbelangrikste waardes deur geslote vrae te bepaal		Skaal vir waardes
		Belangrikste	Onbelangrikste	
25	Afrikaans	5	2	4.5
6	Engels	0	4	4.4
11	Indiër	1	5	3.9
15	Kleurling	1	6	3.9
31	Sotho	0	14	4.5
21	Tswana	1	11	4.4
9	Xhosa	1	5	3.9
36	Zoeloe	0	16	4.7

Uit Tabel 8.35 kan die volgende waarnemings en afleidings gemaak word:

- Die Afrikaanssprekende Blanke deelnemers is die groep wat estetiese waardes van groter belang as die ander etniese groepe ag aangesien meer deelnemers dit as belangrik beskou.
- Die Engelssprekende Blankes en Zoeloes se menings in die betrokke vraelys verskil sterk van dié wat hulle in die betrokke skaal aandui. Dit bevestig dat situasies (kontekste) die belangrikheid van waardes, kan beïnvloed.
- In beide die vraelys en die skaal heg die Swart inheemse groepe dieselfde mate van belangrikheid aan estetiese waardes. Genoemde vlak van belangrikheid is egter laag.

In Tabel 8.36 kan waargeneem word hoe die belangrikheid van estetiese waardes deur etniese groepe en situasies beïnvloed word.

WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

**TABEL 8.36: ETNIESE GROEPE SE EVALUERINGS  
VAN DIE ESTETIESE WAARDES OP DIE LIKERT-TIPE SKAAL VIR WAARDES**

n=154 Skaalwaardes: 1-7

Item	Spesifieke waardes	Verband	Etniese groepe se gemiddelde skaalwaardes							
			A	E	I	K	S	T	X	Z
V46	Betrokkenheid Akkomoderend Beeldende kunste Hulpvaardig Geld	Self Gemeenskap	4.5	5.0	3.9	3.9	5.0	5.4	3.8	5.0
V48	Akkomoderend Musiek	Samelewing	4.1	5.0	3.4	3.4	3.6	4.1	4.4	4.3
V53	Verdraagsaam Liggaamlik Akkomoderend Geld	Samelewing	3.6	2.6	2.5	2.1	3.8	2.8	1.2	3.7
V54	Betrokkenheid Vooruitgang	Samelewing	5.0	4.6	5.5	4.9	4.4	4.2	4.5	5.1
V55	Akkomoderend Geld	Gemeenskap	5.1	4.8	3.8	4.9	5.1	5.2	5.7	5.4

Uit Tabel 8.36 kan die volgende afleidings gemaak word:

- Uit V46 se evaluering kan daar afgelei word dat daar uiteenlopende opinies ten opsigte van finansiële hulp is om kunswerke vir die gemeenskap aan te koop.
- Die respons op V48 dui aan dat daar nie juis 'n behoefte aan 'n nasionale musiekorkes is nie.
- Volgens die respons op V53 is daar eenstemmigheid dat skoonheidsmodelle te veel geld aan hulle voorkoms spandeer. Persoonlike voorkoms is dus nie 'n prioriteit vir hierdie deelnemers nie. 'n Afrikaanssprekende Blanke deelnemer het genoem dat haar ouers haar geleer het dat persoonlike voorkoms nie so belangrik is nie.
- Die respons op V54 toon aan dat die verskillende etniese groepe nie juis waarde heg aan die estetika van geboue nie.
- V55 se respons dui aan dat uiteenlopende prioriteite aan die verfraaiing van die eie dorp geheg word. Dit is veral die Indiërs wat nie waarde aan die verfraaiing van hulle dorp heg nie. Die Swart inheemse groepe heg egter groter waarde aan hierdie aspek.
- Die finansiële koste aspek (V46 en V55) blyk nie 'n noemenswaardige invloed op die belangrikheid van estetiese waardes te hê nie.

### 19.1 Die belangrikheid van estetiese waardes

Estetiese waardes verwys na dit wat mooi is. Dit sluit ook aspekte van kuns en musiek in. Die estetiese kan as 'n dimensie op verskeie gesinsekologiese waardeterreine figureer en op hierdie wyse kan dit 'n belangrike aspek van verskillende gesinsekologiese waardeterreine wees. So



## WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

kan die natuur, liggaam en kulturele handeling as esteties beskryf word. Musikaliteit en kuns word onder andere as 'n vorm van intelligensie gesien (Shuttleworth-Jordan, 1993:344; Lauer & Pentak, 2000:5). Daarom kan estetiese waardes ook aan intellektuele waardes gekoppel word.

Die deelnemers toon aan dat die estetiese waardes nie een van die belangrike waardes is nie. Die resultate soos weerspieël in Figuur 8.1 en Tabelle 8.2 en 8.2 bevestig hierdie tendens.

### 19.2 Faktore wat die belangrikheid van estetiese waardes beïnvloed

Benewens etnisiteit en die bepaalde situasies is daar ander faktore wat die belangrikheid van waardes beïnvloed. Die volgende faktore is belangrik.

#### 19.2.1 Bewustheid, belangstelling en betrokkenheid

Bewustheid van, belangstelling in en die betrokkenheid by estetiese waardes kan die belangrikheid daarvan verhoog. Die persoonlikheidseienskappe en ervarings van die individu is aspekte wat genoemde bewustheid, belangstelling en betrokkenheid kan beïnvloed (Edwards, 1993: 653). Hierdie stelling kan op die volgende wyses verklaar word. 'n Persoon met 'n persoonlikheidseienskap soos kunssinnigheid toon 'n besondere sensitiwiteit (bewustheid) vir die estetiese. Hierdie sensitiwiteit lei tot 'n belangstelling, 'n groter bemoeienis en 'n groter waardering vir die estetiese. As gevolg van die belangstelling in die estetiese raak die individu betrokke by die estetiese dimensie van die terreine waarop sy beweeg. So 'n persoon behoort dan die estetiese as een van die belangrike waardes te beskou.

Sommige persone word deur hulle ouers, media, portuurgroep of ander belangrike persone, in hulle lewe, meer bewus gemaak van aspekte soos die natuurskoon, musiek en ander vorms van kuns. Indien dit nie gedoen word nie sal persone minder bewus wees van die estetiese.

#### 19.2.2 Kultuurverbondenheid

Die estetiese word aan kulturele objekte soos musiek en dans verbind. Indien kuns, musiek en dans nie as belangrike kultuurvorme erken word nie, kan dit moontlik as onbelangrik geag word. Waar hierdie kunsvorme wel 'n sentrale plek in die kultuuraktiwiteite van die etniese groepe inneem, kan die belangrikheid van die estetiese dimensie toeneem. Hierdie stelling is bevestig in die waarneming van die kunswerke en die bespreking met informante oor die estetiese vermoëns van die Sotho's en die Zoeloes.

#### 19.2.3 Noodsaaklikheid

Die estetiese kan as 'n 'nie-noodsaaklike' beskou word. Hierdie aspek kan waar wees ten opsigte van die beroepsomgewing van die verpleegkundige. Hier gaan dit dalk meer oor klinies korrekte optrede en funksionaliteit asook aspekte soos oorlewing ('noodsaaklike'). In hierdie perspektief word die estetiese waarde as 'n luukse en nie 'n noodsaaklike beskou nie. Daarom sal funksionaliteit nie noodwendig die estetiese aspek insluit nie.

WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

**20 NASIONALE WAARDES**

Die resultate ten opsigte van die belangrikheid van nasionale waardes soos gemeet deur die Vraelys wat belangrike/onbelangrike waardes deur geslote vrae bepaal en die Likert-tipe skaal word in Tabelle 8.37 en 8.38 weergegee.

**TABEL 8.37 : NASIONALE WAARDEPRIORITEITE VAN DIE ETNIESE GROEPE**

n	Etniese groep	Vraelys om die belangrikste/onbelangrikste waardes deur geslote vrae te bepaal		Skaal vir waardes
		Belangrikste	Onbelangrikste	
25	Afrikaans	0	23	4.6
6	Engels	0	4	5.3
11	Indiër	0	7	5.0
15	Kleurling	0	6	5.2
31	Sotho	0	16	5.5
21	Tswana	0	14	5.4
9	Xhosa	0	4	5.7
36	Zoeloe	0	25	5.9

Uit Tabel 8.37 kan die volgende waarnemings en afleidings gemaak word:

- In die respons op die betrokke vraelys het geen van die deelnemers uit enige van die etniese groepe aangedui dat nasionale waardes belangrik is nie. Daar is nie beduidende verskille tussen die etniese groepe se houdings teenoor nasionale waardes nie.
- Die evaluering van die items op die skaal vir waardes dui aan dat nasionale waardes vir die Zoeloes die belangrikste is terwyl die Afrikaanssprekende Blankes nasionale waardes as die onbelangrikste beskou.
- Die algemene negatiewe houding ten opsigte van nasionale waardes by die deelnemers en jong mense is opvallend.

Die Likert-tipe skaal vir waardes meet spesifieke nasionale waardes binne 'n bepaalde situasie (konteks). Die volgende evaluering is deur die deelnemers gedoen.



**TABEL 8.38: ETNIESE GROEPE SE EVALUERINGS  
VAN DIE NASIONALE WAARDES OP DIE LIKERT-TIPE SKAAL VIR WAARDES**

n=154

Skaalwaardes: 1-7

Item	Spesifieke waardes	Verband	Etniese groepe se gemiddelde skaalwaardes							
			A	E	I	K	S	T	X	Z
V71	Patriotisme Offervaardig Diensbaar	Nasie Self Samelewing	4.5	4.3	4.9	4.9	4.4	5.1	5.6	4.8
V74	Patriotisme Simboliek	Vriende	4.5	6.1	5.3	5.5	6.0	5.2	5.7	6.2
V77	Selfbelang Burgerskap	Kennisse	4.7	5.5	5.2	4.8	5.4	5.3	6.3	6.3
V79	Offervaardig Patriotisme	Samelewing	4.5	4.6	4.3	5	4.9	5.1	5.4	5.7
V86	Diensbaar Patriotisme Offervaardig	Self	4.9	6.0	5.0	5.4	6.4	6.0	5.5	6.3

Uit die gegewens in Tabel 8.38 kan die volgende waarnemings en afleidings gemaak word:

- Volgens die evaluering uit V71 is die deelnemers uit al die etniese groepe nie baie bereid om hulle land teen aanvalle te verdedig nie. Hierdie houding dui onder andere op selfgerigtheid en 'n moontlike traak-my-nie-agtige houding. Codrington (2001a) bevestig hierdie houding onder jong volwasse nes en verwys daarna as 'n traak-my-nie-agtige houding.
- V74 se response dui aan dat die verskillende etniese groepe geneë is om landsimbole te dra. Die Afrikaanssprekende Blankes is egter die minste hiertoe geneë.
- Die response op V77 toon dat Afrikaanssprekende Blankes en Kleurlinge die minste lojaliteit teenoor die land het en maklik dubbele burgerskap sal aanvaar.
- In V79 word die kwessie van emigrasie van geleerdes geopper. Die meeste van die etniese groepe is oortuig dat hulle eie belange belangriker is as die van die land. Hierdie oortuiging bevestig die response op V71. Die Afrikaanssprekende Blankes en die Indiërs is die minste gemotiveerd om die land op te bou. Selfbelang is hier belangrik en 'n Tswana deelnemer het aangedui dat sy vir 'n baie beter salaris in die buiteland gaan werk.
- Volgens die respons op V86 is die Indiërs en die Afrikaanssprekende Blankes die minste gemotiveer om gemeenskapsdiens in landsbelang te verrig. Die ander etniese groepe is redelik bereid om gemeenskapsdiens te verrig.

Uit die response op die Likert-tipe skaal vir waardes is dit duidelik dat die belangrikheid van nasionale waardes in sommige gevalle deur situasies beïnvloed word. Sommige etniese groepe toon deurgaans 'n meer positiewe evaluering van nasionale waardes terwyl ander etniese groepe deurgaans 'n negatiewe evaluering van nasionale waardes toon.



## WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

### 20.1 Die belangrikheid van nasionale waardes

Nasionale waardes verteenwoordig verskeie waardes. Nasionalisme is 'n belangrike nasionale waarde en het bepaalde eienskappe soos vaderlandstrou en –liefde wat ook as verskillende nasionale waardes gesien word. Die volgende word onder andere van nasionalisme gesê:

- Nasionalisme sluit sommige persone in en ander uit (Weiten, 1992:615-617) en daarom hou nasionalisme (en nasionale waardes) verband met groepsidentiteit.
- Nasionalisme is gerig op soewereiniteit omdat onafhanklikheid belangrik vir 'n nasie is.

Nasionale waardes is dus waardes wat die samelewing en spesifiek die land waarin daar gewoon word, betrek. Ander aspekte soos burgerskap, demokrasie en landsbelang kan ook as nasionale waardes gesien word.

Verder noem Wallerstein (1991) dat mense nie net onderskei word deur die nasie nie maar ook op grond van ras en etnisiteit. In 'n nasie kan daar verskillende rasse en etniese groepe wees soos in Suid-Afrika. Nasionalisme moet ook nie polities gesien word nie aangesien dit nie noodwendig 'n spesifieke politieke party voorhou nie.

Die deelnemers het nasionale waardes as redelik onbelangrik beskou. Die response in Figuur 8.1 het aangetoon dat nasionale waardes onder die drie onbelangrikste waardes geklassifiseer kan word. In die response wat in Tabel 8.2 genoem word, word daar slegs vyf keer na nasionale waardes verwys. Dit is 'n aanduiding dat nasionale waardes nie 'n belangrike deel van die deelnemers se daaglikse lewe uitmaak nie. Die evaluering van die items op die Likert-tipe skaal vir waardes het egter aangetoon dat gegewe sekere situasies (kontekste) nasionale waardes tog belangrik geag word (kyk Tabel 8.1).

### 20.2 Faktore wat die belangrikheid van nasionale waardes kan beïnvloed

Benewens etnisiteit en bepaalde situasies is daar verskeie faktore wat die belangrikheid van nasionale waardes kan beïnvloed. Hierdie faktore sal vervolgens bespreek word.

#### 20.2.1 Identifikasie en ervaring van nasionalisme

Identifisering met 'n land of nasie kan tot lojaliteit en betrokkenheid lei en moontlik beteken dat nasionale waardes as belangrik beskou word. Ander moontlikhede is nasietrots wat ervaar word. Dit kan wees dat die Zoeloes hulle met 'n bepaalde gebied in Suid-Afrika naamlik KwaZulu-Natal identifiseer en daarom kan hulle moontlik 'n gevoel van nasionalisme (nasietrots) ervaar. Die dra van die sogenaamde tradisionele wapens by optogte kan 'n bevestiging van nasietrots wees.

Wanneer daar spesifieke gebeure is wat verskillende groepe in 'n land 'n eenheidsgevoel laat ervaar kan die landsburgers nasionale waardes as belangrik beskou. Hierdie gebeure waarna verwys word kan of positief of negatief van aard wees. Negatiewe gebeure ontstaan wanneer al die etniese groepe in die land deur 'n ander land bedreig word en hierdie gesamentlike vyand word dan die stimuli tot 'n eenheidsgevoel. Positiewe gebeure kan ontstaan wanneer landsburgers op internasionale gebiede presteer. Een van hierdie gebeure was toe die nasionale

## WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

rugbyspan die wêreldbeker gewen het. Die nasionale leier het ook sy erkenning teenoor hierdie optrede uitgespreek. Verder het sommige deelnemers rapporteer dat gedurende genoemde oorwinning die verskillende etniese groepe en baie individue bewus was dat hulle deel van 'n oorwinnende nasie is. So gesien kan ervarings van nasionalisme aan bepaalde tydperke/geleenthede/gebeurtenisse gekoppel wees.

### 20.2.2 Persepsies

Die individu en groep se persepsies oor wat nasionalisme is kan die belangrikheid van nasionale waardes beïnvloed. Indien dit verwant is aan aspekte wat vir die jong volwassenes onbelangrik is, sal nasionale waardes negatief beleef word. Negatiewe aspekte vir die jong volwassene is politiek, rassisme, outoritêre gesag en verouderde tradisies (Codrington, 2001a). Die response op die vraelyste en die onderhoude het aangetoon dat genoemde aspekte wel negatief ervaar word. Hierdie negatiewe ervarings kan moontlik die rede wees waarom nasionale waardes nie juis belangrik geag word nie.

### 20.2.3 Behoeftes

Die jong volwassene se behoeftes is vir haar belangrik. Indien hierdie behoeftes aan nasionalisme gekoppel word kan nasionale waardes belangrik word. Voorbeelde hiervan is wanneer die jong volwassene in ander lande gaan werk en sy vreemd en alleen voel. Sy kan dan 'n behoefte aan 'n bekende omgewing en mense ontwikkel. Wanneer so 'n jong volwassene haar eie inheemse taal en ander nasionale simbole sien kan hierdie bekende simbole vir haar bekende 'ankers' word en haar behoeftes aanspreek. Hierdie ervarings kan op daardie tydstip tot die verhoging van die belangrikheid van nasionale waardes lei.

### 20.2.4 Uniekheid van die individu

Hier gaan dit om unieke eienskappe wat nasionalisme kan bevorder en dus is aspekte soos selfgerigtheid teenoor andergerigtheid sowel as individualisme op die spel. Die individu wat onder andere selfgerig en individualisties is, kan haar 'eie klein private wêreld' skep waar sy haar afsonder van die groep (nasie) se probleme, eise en behoeftes (Jordaan & Jordaan, 1988:758). Wanneer die individu of groep (soos verpleegkundiges of etniese groepe) hierdie eienskap openbaar, kan dit moontlik daartoe lei dat nasionalisme nie 'n belangrike waardeterrein is nie.

### 20.2.5 Hedendaagse tendense

Volgens Jordaan en Jordaan (1988: 649) is die hedendaagse tendens egosentriese (selfgerigte) lewensplanne ten koste van heterosentriese (andergerigte) lewensplanne. Die oorbeklemtoning van selfgerigtheid en vryheid kan moontlik die blaam hiervoor dra. Van die deelnemers het in die onderhoude aangetoon dat hulle onafhanklikheid en vryheid deur hulle loopbane kan bereik. Verder het die deelnemers ook aangetoon dat hulle nie aan die kulturele verwagtings van die rol van die vrou wil voldoen nie omdat dit hulle vryheid inperk. Hier is dus moontlik selfgerigte lewensplanne ter sprake wat nie juis ruimte laat vir andergerigte verwagtings soos nasionale waardes nie.

WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

**21 OUTORITEITSWAARDES**

Die resultate ten opsigte van die belangrikheid van outoriteitswaardes soos gemeet met die Vraelys wat belangrike/onbelangrike waardes deur geslote vrae bepaal en die Likert-tipe skaal word in Tabelle 8.39 en 8.40 weergegee.

**TABEL 8.39 : OUTORITEITSWAARDEPRIORITEITE VAN DIE ETNIESE GROEPE**

n	Etniese groep	Vraelys om die belangrikste/onbelangrikste waardes deur geslote vrae te bepaal		Skaal vir waardes
		Belangrikste	Onbelangrikste	
21	Afrikaans	1	17	3.9
6	Engels	0	2	4.0
11	Indiër	0	7	4.3
15	Kleurling	1	6	4.5
31	Sotho	0	19	4.0
21	Tswana	0	14	4.7
9	Xhosa	0	8	4.2
36	Zoeloe	0	26	4.5

Uit Tabel 8.39 kan die volgende waarnemings en afleidings gemaak word:

- Al die etniese groepe ervaar outoriteitswaardes negatief. (Uit die totale groep van 154 deelnemers het slegs twee persone aangedui dat outoriteitswaardes belangrik is).
- Die Likert-tipe skaal vir waardes se evaluering toon aan dat outoriteitswaardes meer negatief beleef word deur die Afrikaanssprekende Blankes.

Deur die response op die Likert-tipe skaal vir waardes kon die deelnemers se gevoel oor sekere aspekte van outoriteitswaardes bepaal word. Die response word in Tabel 8.40 weergegee.



## WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

**TABEL 8.40: ETNIESE GROEPE SE EVALUERINGS  
 VAN DIE OUTORITEITSWAARDES OP DIE LIKERT-TIPE SKAAL VIR WAARDES**

n=154 Skaalwaardes: 1-7

Item	Spesifieke waardes	Verband	Etniese groepe se gemiddelde skaalwaardes							
			A	E	I	K	S	T	X	Z
V100	Beheer Leierskap Manipuleer	Self	4.6	4.6	3.9	4.6	4.2	4.1	4.4	4.1
V103	Mag Ondergeskik Ondemokraties	Gemeenskap	3.3	4.8	3.2	4.6	3.4	4.4	4.2	4.0
V104	Beroemdheid Eise	Vriend	3.3	2.8	3.3	4.8	4.1	4.5	3.5	3.6
V107	Mag Prestige	Self	2.8	2.8	4.0	3.6	4.4	4.3	3.6	4.8
V108	Mag Billikheid Regte	Self	5.1	5.1	6.8	4.7	5.5	6.2	5.5	5.8

Die volgende waarneming en afleidings kan uit die bostaande evaluering van die etniese groepe gemaak word:

- In die evaluering van V100 is die deelnemers van die verskillende etniese groepe van oordeel dat manipulerings en beheer nie baie aanvaarbaar is nie.
- Die respons op V103 toon aan dat die deelnemers van die etniese groepe oortuig is dat ondemokratiese tipe gedrag en mag nie aanvaarbaar is nie.
- Al die etniese groepe toon in hulle response op V104 aan dat beroemdheid nie vir hulle baie belangrik is nie.
- Uit die response op V107 word aangedui dat sommige van die etniese groepe van mening is dat hulle beroepskeuse nie baie gemik was op prestige en mag nie.
- Deelnemers wil graag meer mag hê as dit by eksamenevaluering kom. Dit word aangedui deur die response op V108. Hier word outoriteit teenoor billikheid en die regte van studente bevraagteken.

In die bespreking is dit duidelik dat outoriteit bevraagteken word en dat deelnemers te veel mag en aansien in die teenoorgestelde party as negatiewe tendense ervaar. Codrington (2001a) bevestig hierdie opinie van die hedendaagse jong volwassene en ook dat dit 'n stadium is waartydens outoriteit en die mag en gesag van die gemeenskap bevraagteken word.

### 21.1 Die belangrikheid van outoriteitswaardes

Outoriteitswaardes sluit aspekte soos gesag, mag en beheer in. Outoriteit kan positief of negatief beleef word en hierdie aspek sal verder bespreek word wanneer die faktore wat hierdie waardes beïnvloed, hanteer word.

## WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

Die belangrikheid wat deelnemers aan outoriteitswaardes heg, kan uit die gegewens in Figuur 8.1 asook Tabele 8.1 en 8.2 sowel as die individuele onderhoude met deelnemers bepaal word. Volgens die gegewens in Figuur 8.1 en Tabel 8.1 word outoriteit as een van die minder belangrike waardeterreine geklassifiseer.

### 21.2 Faktore wat die belangrikheid van outoriteitswaardes beïnvloed

Etnisiteit en bepaalde situasies kan die belangrikheid van outoriteit beïnvloed. Verdere faktore sal vervolgens bespreek word.

#### 21.2.1 Style

Outoriteit kan verskeie style aanneem soos byvoorbeeld taakgeoriënteerd of mensgeoriënteerd. Volgens Jordaan en Jordaan (1988:737) werk sekere outoriteitstyle beter in bepaalde situasies. So kan 'n mensgeoriënteerde outoriteitstyl meer aanvaarbaar in 'n verhoudingsituasie wees en beter resultate oplewer. 'n Taakgerigte outoriteitstyl kan minder aanvaarbaar in verhoudingsituasies wees en negatieweit kan teenoor outoriteit en outoriteitswaardes ontstaan. Soos voorheen aangedui is verpleging 'n beroep wat 'n mensgeoriënteerde styl vereis.

#### 21.2.2 Voordele en behoeftes

In sommige gevalle kan daar 'n behoefte aan outoritêre leierskap ontstaan. In sekere omstandighede kan genoemde leiers verkies word omdat dit moontlike voordele vir die individu en die gemeenskap kan inhou (Cronjé et al, 2000). Outoriteitswaardes sal dus nagestreef word as daar spesifieke behoeftes en voordele is. Hierdie denkrigting word bevestig deur die deelnemers se gevoel oor die toepassing van mag en gesag. Die volgende stelling en variasies daarop was deur verskeie Tswana deelnemers genoem:

**“Wat het hulle (politieke leiers) vir my gedoen?”**

'n Afrikaanssprekende Blanke deelnemer se stelling bevestig ook genoemde denkrigting:

**“Ons het sterk leiers nodig wat die probleme kan vasvat.”**

Die feit dat daar moontlik nie aan bogenoemde behoeftes aandag gegee is nie en geen voordele ontvang is nie, kan lei tot ontnugtering en dus 'n rede waarom hierdie waardes as minder belangrik beskou word.

#### 21.2.3 Vrees

Die vrees vir oorheersing as gevolg van die misbruik van outoritêre magte bestaan ook by sommige deelnemers. Die navorser het waargeneem dat van die deelnemers baie sensitief is vir iemand wat sy/haar gesag misbruik. In 'n klasbespreking het 'n Swart studenteier opgestaan en sommige Blanke verpleegkundiges van rassisme beskuldig. Die betrokke studenteier se mede-rasgenote het haar onmiddellik aangespreek en die volgende stellings is genoem:

**“My sister, you must not make this a racial issue.”**

**“You are complaining about the use of time. You have asked for ten minutes and now you are taking much longer with this matter.”**

Die deelnemers het aangedui dat die studenteier haar regte en magte oorskry het aangesien sy op meer tyd as wat sy toegelaat was, gebruik het.

WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

**21.2.4 Uniekheid van die individu**

Daar is reeds dikwels verwys na die unieke samestelling van die individu en dat dit aspekte soos persoonlikheidstipes insluit. Hierdie aspek is ook van toepassing wanneer dit by outoriteitswaardes kom. Sommige persoonlikhede het self 'n groter behoefte aan mag, oorheersing en prestige as ander en sommige verkies die sekuriteit wat 'n outoriteitsfiguur bied. Hierdie persone kan dus geneig wees om outoriteitswaardes as belangrik te beskou en dit na te streef.

**22 POLITIEKE WAARDES**

Die resultate ten opsigte van die belangrikheid van politieke waardes soos gemeet met die Vraelys wat belangrike/onbelangrike waardes deur geslote vrae bepaal en die Likert-tipe skaal word in Tabelle 8.41 en 8.42 weergegee.

**TABEL 8.41: POLITIEKE WAARDEPRIORITEITE VAN DIE ETNIESE GROEPE**

N	Etniese groep	Vraelys om die belangrikste/onbelangrikste waardes deur geslote vrae te bepaal		Skaal vir waardes
		Belangrikste	Onbelangrikste	
25	Afrikaans	0	24	2.4
6	Engels	0	6	4.0
11	Indiër	0	9	4.1
15	Kleurling	0	12	4.2
31	Sotho	1	24	4.2
21	Tswana	0	21	4.6
9	Xhosa	0	8	4.9
36	Zoeloe	0	31	4.2

Uit Tabel 8.41 kan die volgende waarnemings en afleidings gemaak word:

- Al die etniese groepe dui in die betrokke vraelys aan dat politieke waardes nie belangrik is nie. Feitlik al die deelnemers het aangedui dat politieke waardes onder die belangrike waardes val nie. Prins (2001) bevestig hierdie tendens.
- Die Tswanas en die Engelssprekende Blankes was dit eens dat politieke waardes nie juis belangrik is nie.
- Wanneer dit by bepaalde situasies kom is sommige deelnemers ook oortuig daarvan dat politieke waardes nie belangrik is nie. Dit is veral die Afrikaanssprekende Blankes wat hiervan oortuig is.

Die Likert-tipe skaal vir waardes skets verskillende situasies wat politieke waardes weerspieël. Die reaksie van die verskillende etniese groepe op die situasies (kontekste) kan as volg in Tabel 8.42 weergegee word.



WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

**TABEL 8.42: ETNIESE GROEPE SE EVALUERINGS  
VAN DIE POLITIEKE WAARDES OP DIE LIKERT-TIPE SKAAL VIR WAARDES**

n=154 Skaalwaardes: 1-7

Item	Spesifieke waardes	Verband	Etniese groepe se gemiddelde skaalwaardes							
			A	E	I	K	S	T	X	Z
V65	Samewerking Kollektivisme	Samelewing	2.0	4.0	3.7	4	4.1	4.3	4.4	3.9
V67	Bekwaamheid Mag	Samelewing	3.6	4.5	4.9	4.4	4.6	5.1	5.2	4.2
V69	Regverdigheid Vryheid	Gemeenskap	1.9	4.1	3.5	4.1	3.4	4.6	4.7	3.5
V70	Regverdigheid Vryheid	Gemeenskap	1.3	3.3	3.2	3.2	3.8	4.0	4.8	3.9
V72	Regverdigheid Vryheid Menseregte	Self	3.1	3.8	5.1	5	5.1	5.1	5.1	5.6

Uit die bostaande gegewens kan die volgende waarnemings en afleidings gemaak word.

- Die verskillende etniese groepe verskil in hulle evaluering van politieke waardes in bepaalde situasies.
- Volgens die response op V65 dui die deelnemers aan dat om die land op te bou belangriker is as politieke waardes.
- V67 verwys na die herstrukturering van politieke aanstellings sodat bekwame persone die werk kan doen. Dit is veral die Afrikaanssprekende Blankes wat meen dat politieke amptenare met bekwame persone vervang moet word. Bekwaamheid is dus belangriker as politieke mag.
- Volgens die respons op V69 is dit die Afrikaanssprekende Blankes wat sterk voel dat universiteitskampusse nie vir politieke doeleindes gebruik moet word nie.
- In V70 word daar na die gebruik van skoolsale as bymekaarkomplekke vir politieke partye verwys. Die gebruik van die skoolfasiliteite vir hierdie doeleindes word afgekeur.
- Die response op V72 dui aan dat al die etniese groepe behalwe die Blankes wel party-politieke aktiwiteite by die werk sal toelaat.

## 22.1 Die belangrikheid van politieke waardes

Politieke waardes hou verband met die beleid en beleidmakers in 'n staatkundige opset. Politieke aspekte soos vryheid, stemreg, mag en landsake sorteer onder hierdie waardes.

Soos baie ander waardes verbind is aan mekaar, is politieke waardes ook verbind aan waardes soos onder andere outoriteits- en nasionale waardes. Outoriteitswaardes en politieke waardes sluit albei aspekte van leierskap, beheer en mag in (Scupin,1998:57). Nasionale waardes sluit ook aan by politieke waardes in die sin dat nasionale belange deur die politieke partye hanteer word. Ekonomiese waardes kan een van die belangrike maatstawwe wees waaraan die sukses van die politici gemeet word. So sal die politieke party ook gemeet word aan sy sukses op die opvoedkundige en gesondheidsaspekte. Ander gesinsekologiese waardeterreine waarop die staat as politieke instelling beweeg kan dus aan politieke waardes verbind word. Hierdie verbintenis word deur die gesinsekologiese perspektief ondervang.

Die deelnemers het bepaalde oortuigings ten opsigte van die belangrikheid van politieke waardes en word in Figuur 8.1 en Tabel 8.1 weergegee. Politieke waardes word in die genoemde figuur en tabel deur die deelnemers aangedui as die onbelangrikste van al die gesinsekologiese waardes. Die gegewens in Tabel 8.2 toon aan dat die politieke waardes nie voorop in hulle gedagte-wêreld is nie omdat die deelnemers nie na enige politiese saak verwys het nie.

## **22.2 Faktore wat die belangrikheid van politieke waardes beïnvloed**

Benewens etnisiteit en spesifieke situasies is daar verskeie faktore wat die belangrikheid van politieke waardes kan beïnvloed. Hierdie kontekste sal vervolgens bespreek word.

### **22.2.1 Voordele en behoeftes**

Die belangrikheid van politieke waardes kan bepaal word deur faktore soos behoeftes en voordele. Volgens Haralambos en Holborn (1995:78, 505-507) word politieke partye ondersteun aangesien ondersteuners glo dat hulle iets in ruil daarvoor gaan kry. Daar word ook aangetoon dat sekere sosio-ekonomiese klasse sekere partye ondersteun en ook in hierdie geval verwag die ondersteuners iets terug. Op navraag van die navorser aan Tswana deelnemers het hulle aangedui dat jong volwassenes nie in politiek belangstel nie omdat hulle niks daaruit kry nie.

Die deelnemers ervaar dat persone wat betrokke is by politiek nie aandag aan hulle en die daaglikse behoeftes van die gewone persoon op straat gee nie. Behoeftes soos onder andere werkloosheid, behuisingsnood, armoede en gesondheidsprobleme word volgens die deelnemers en informante nie genoegsaam deur die politici aangespreek nie.

In die vorige dekades was politieke waardes belangrike waardes aangesien daar 'n behoefte aan magsdeling en stemreg was. Nadat hierdie behoeftes tot 'n groter mate bevredig is, het die belangstelling en die gepaardgaande belangrikheid van politieke waardes skynbaar verminder.

### **22.2.2 Waardesistiem**

Waardes kom nie geïsoleerd voor nie, maar vorm deel van 'n sisteem van waardes wat aan mekaar verbind is. Op die vorige bladsy is daar aangetoon dat politieke waardes aan ander waardes verbind word. Indien hierdie waardes (waaraan politieke waardes verbind is) as onbelangrik beskou word, kan dit die belangrikheid van politieke waardes negatief affekteer.

## WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

Nasionale en outoriteitswaardes is verbind aan politieke waardes en word deur die deelnemers as minder belangrike waardes beskou (Scupin, 1998:137). As gevolg van hierdie oortuiging word politieke waardes moontlik ook negatief geëvalueer.

### 22.2.3 Hedendaagse tendense en onbetrokkenheid

In die politiek moet daar onderskei word tussen leiers en ondersteuners en hierdie twee kampe word deur die heersende tendense beïnvloed. Dit kan op die volgende wyse na vore kom. Tans heers daar 'n wêreldwye tendens van globalisasie (Lubbers, 1999, Friedman, 2000). Deur globalisasie word die dominerende mag van die staat as politieke instelling verswak omdat wêreldmoonthede oor die doen en late van politieke leiers 'waghou' (Haralambos & Holborn, 1995:541). Hierdie persepsie dat iemand anders sal toesien dat die staat en die regering nie te onverantwoordelik sal optree nie kan ondersteuners gerus maak. Hierdie gerustheid kan tot onbetrokkenheid en verlaagde belangstelling in die politieke waardes lei. Die persentasie van jong volwassenes wat tydens algemene verkiesings vir 'n bepaalde politieke party stem is baie laag (Godrington, 1999, Prins, 2001). 'n Rede wat aangevoer word vir die onbetrokkenheid is dat die belangrike aspekte waarvoor gestem moet word, nie op die tafel is nie (SABC, 2001; Prins, 2001).

'n Beleving van magteloosheid kan ook tot onbetrokkenheid lei. Sommige van die deelnemers het aangetoon dat hulle nie stem nie omdat dit in elk geval niks aan die situasie sal verander nie. Daarom vermy hulle ook politieke aangeleenthede.

## 23 SLOTOPMERKING

In hierdie hoofstuk is daar aandag aan die verskillende waardeprioriteite van die ondersoekgroep gegee. Die uitsprake ten opsigte van waardeprioriteite word tot 'n groot mate deur kruisvalidasie onderskryf. Die volgende tendense vir die bepaalde ondersoekgroep is waargeneem:

- Gesinsekologiese waardes kan van belangrik tot minder belangrik gerangskik word en dit toon dat die ondersoekgroep sekere waardeprioriteite het.
- Die bewusmaking van die belangrikheid van 'n waarde kan die waardeprioriteit beïnvloed.
- Die betrokkenheid by waardes kan die belangrikheid van 'n waarde beïnvloed.
- Tussen dié agt etniese groepe is daar nie groot meningsverskille ten opsigte van die belangrikheid van die gesinsekologiese waardes waargeneem nie. Daar kom wel graadverskille voor.
- Situasies (kontekste) kan verder ook die graad van belangrikheid van die gesinsekologiese waardes beïnvloed.
- Aspekte soos selfgerigtheid, wat eie voordeel en behoeftebevrediging insluit, kan in die beoordeling van gesinsekologiese waardes 'n rol speel.
- Persoonlikheidseienskappe en ervarings kan die belangrikheid van waardes beïnvloed.
- Eweneens kan sosio-ekonomiese en sosio-kulturele kontekste die belangrikheid van waardes beïnvloed.
- Hedendaagse denkrigtings kan die individu en die groep se beoordeling van waardeprioriteite beïnvloed.





## WAARDEPRIORITEITE VAN DIE JONG VOLWASSENES: RESULTATE EN BESPREKING

- Uit die onmiddelijke voorafgaande punte lyk dit asof die belangrikheid van waardes vloeibaar is aangesien dit onderwerp is aan bepaalde omstandighede.
- Gesinsekologiese waardes kan mekaar onderling beïnvloed.
- Waardeterreine funksioneer nie afsonderlik nie en dit dui op die vorming van verskillende waardesisteme.
- Daar blyk 'n sterk verband tussen waardes wat met 'n beroep geassosieer word en die belangrikheid van die betrokke waardes te wees.

Die implikasies vir die waardeprioriteite word in Hoofstuk 10 verder bespreek.



## **HOOFSTUK 9**

### **DIE OORDRA VAN WAARDES: RESULTATE EN BESPREKING**

- 1. INLEIDING**
- 2. BESPREKING VAN TABELLE**
- 3. BESPREKING VAN INDIVIDUELE  
ONDERHOUDE**
- 4. GEVOLGTREKKING EN SLOTOPMERKING**

## HOOFSTUK 9

### DIE OORDRA VAN WAARDES: RESULTATE EN BESPREKING

#### 1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die data ten opsigte van die oordra van waardes weergegee en bespreek. Die data is verkry uit:

- Geslote end vrae: Die invloed wat ander uitoefen in die oordra van waardes.
- Oop-end vrae: Die invloed wat die gesin en moontlik ander uitoefen in die oordra van waardes.
- Individuele onderhoude met drie Tswana- en drie Blanke Afrikaanssprekendes is na aanleiding van gesinstake, soos die oordra van waardes, gevoer.
- Onderhoude met kundiges, informante en deelnemers.

Al agt etniese groepe het die geslote end vraelys en die oop-end vraelys oor die invloed van die gesin en moontlik ander, in die oordra van waardes voltooi. Nadat die data gesuiwer is, kon 154 antwoordstelle gebruik word. Die data van die genoemde geslote end vraelys oor die invloed van ander in die vorming van waardes word in Tabel 9.1 weergegee en die data van die genoemde oop-end vraelys word in Figuur 9.1 en Tabel 9.2 weergegee. Om 'n meer betroubare vergelyking tussen die verskillende etniese groepe ten opsigte van die oop-end vrae te tref, is vyf antwoordstelle uit elke etniese groep geselekteer op grond van die volledigheid en omvattendheid van die antwoordstelle. Die resultate van die geselekteerde antwoordstelle word in Tabel 9.3 weergegee. Die data van die individuele onderhoude met die drie Tswanas en drie Afrikaanssprekende Blankes word in Tabelle 9.4 tot 9.21 weergegee. 'n Kort bespreking van die vernaamste gedragpatrone soos in elke tabel/grafiese voorstelling waargeneem is, word ook weergegee. Verdere bespreking van die resultate word in Hoofstuk 10 gedoen.

Die resultate (stellings) wat tydens die individuele onderhoude verkry is van, drie Afrikaanssprekende Blanke en drie Tswanasprekende deelnemers, is na gesinsekologiese waardeterreine en individuele ontwikkelingstake herlei. In 'n stelling is 'n veelheid van betekenis opgesluit en kan op meer as een wyse geïnterpreteer word. Daarom is nie al die moontlike gesinsekologiese waardeterreine en ontwikkelingstake waarop 'n stelling betrekking kon hê, genoem nie. Slegs die voor die handliggende gesinsekologiese waardeterreine en ontwikkelingstake word genoem. Omdat die ontleding ook van tegnieke van die *grounded theory* gebruik maak, is bykomende ontwikkelingstake (tot die van Duvall en Miller (1985:54-59)) en bykomende gesinsekologiese waardeterreine (tot die van Hattingh (1991)), geïdentifiseer. 'n Kort bespreking en motivering vir die bykomende ontwikkelingstake en gesinsekologiese waardeterreine word ook gegee. Verder word daar gevolgtrekkings ten opsigte van die deelnemers se stellings gemaak. Afleidings ten opsigte van die Tswanas en Blanke Afrikaanssprekendes se antwoorde word ook gemaak wat vergelykings tussen hierdie twee etniese groepe moontlik maak.

Vervolgens word die tabelle en grafiese voorstellings wat die oordra van waardes weerspieël, weergegee. Die resultate wat bespreek en verklaar word het slegs betrekking op die deelnemers en hulle gesinne binne hierdie studie.



DIE OORDRA VAN WAARDES: RESULTATE EN BESPREKING

**TABEL 9.1: DIE DRAERS VAN WAARDES SOOS AANGEDUI DEUR DIE AGT ETNIESE GROEPE IN DIE GESLOTE END VRAELYS**

n=154

Waarde-terreine	Moeder	Vader	Ouers	Ouma	Gesin/ Familie	Vriende	Leiers/ Kerk/ Onderwyser	Media/ Persoon	Self	Totaal
Verhoudings	49	5	28	1	30	32	6	5	34	190
Religieus	44	20	48	21	15	9	38	0	7	202
Esteties	33	3	15	4	23	32	8	9	47	174
Tyd en ruimte	24	17	13	9	11	10	65	1	34	184
Intellektueel	23	11	24	4	17	9	77	3	19	187
Polities	2	15	4	1	18	41	7	49	18	155
Kultuur	28	13	53	40	22	7	11	4	8	186
Ekonomies	33	19	28	6	19	13	13	12	45	188
Ontspanning	10	3	9	3	17	52	27	8	42	171
Moreel	55	7	60	8	17	5	9	3	27	191
Nasionaal	2	12	7	1	22	15	9	73	21	162
Die reg/wet	13	21	25	7	18	18	21	35	13	171
Liggaamlik	42	4	20	6	9	26	30	9	46	192
Veiligheid	31	23	41	6	19	9	9	11	31	180
Outoriteit	13	23	21	5	6	16	36	13	25	158
Self	47	5	24	1	13	9	11	5	78	193
Gemoed	25	2	19	2	17	28	7	4	87	191
Beroep	20	7	21	3	22	16	34	6	64	193
Omgewing (natuur)	15	6	13	7	7	11	55	31	24	169
Lewe	44	7	35	9	20	11	16	5	40	187
<b>Totaal</b>	<b>553</b>	<b>223</b>	<b>508</b>	<b>144</b>	<b>342</b>	<b>369</b>	<b>489</b>	<b>286</b>	<b>710</b>	

Die twintig waardeterreine is aan die deelnemers voorgehou en hulle het die geleentheid gehad om aan te dui wie of wat die waardes oorgedra het. Dit impliseer dat die deelnemers 'gestimuleer' was en moontlik geforseer was om na elke gesinsekologiese waardeterrein te kyk en dit aan persone en /of invloede te koppel. Hierdie aspek is ingedagte gehou en daarom is die gebruik van die data eerder as bevestiging van en begrip vir ander data in hierdie studie, gebruik.

DIE OORDRA VAN WAARDES: RESULTATE EN BESPREKING


In Tabel 9.2 word die resultate, van al die 154 deelnemers, in die oop-end vrae oor die oordra van waardes, aangedui. Die stellings van die deelnemers in die oop-end vraelys is na waardeterreine herlei. Slegs die verhoudings-, self, morele, intellektuele, beroeps-, religieuse, gemoeds- en kulturele waardeterreine kon uit die deelnemers se stellings afgelei word.

**TABEL 9.2: DIE DRAERS VAN WAARDES SOOS AANGEDUI DEUR DIE AGT ETNIESE GROEPE IN DIE OOP-END VRAELYS**

n=154

Waardeterreine	Moeder	Vader	Gesin/ Broer/ Suster	Familie/ Ouma/ Tante	Vriende	Leiers/ Kerk/ Onderwyser	Media/ Rolmodel	Self	Totaal
Verhoudings	136	46	97	82	80	24	9	5	479
Self	85	66	34	50	41	54	50	0	380
Moreel	124	63	0	65	0	24	7	5	288
Intellektueel/ Beroep	25	38	9	14	0	25	0	0	111
Religieus	14	11	0	13	5	51	4	2	100
Gemoed	10	8	16	0	21	0	0	0	55
Kultuur	0	0	0	9	0	0	0	0	9
<b>Totaal</b>	<b>394</b>	<b>232</b>	<b>156</b>	<b>233</b>	<b>147</b>	<b>178</b>	<b>70</b>	<b>12</b>	<b>1422</b>

Die resultate soos in Tabel 9.2 vervat, word grafies in Figuur 9.1 voorgestel. In Figuur 9.1 word die inhoud van die groeperings van die draers van waardes beperk, alhoewel dit al die draers, soos vervat in Tabel 9.2, impliseer (kyk familie, leiers, gesin en media).



**FIGUUR 9.1:  
DIE OORDRA VAN WAARDES SOOS AANGEDUI DEUR  
DIE AGT ETNIESE GROEPE IN DIE OOP-END VRAELYS**





## DIE OORDRA VAN WAARDES: RESULTATE EN BESPREKING

### 2 **BESPREKING VAN TABELLE**

Die bespreking van die resultate van Tabel 9.1 tot 9.3 word onder drie hoofde gedoen naamlik die draers van waardes, wat die resultate van Tabel 9.1 bespreek, die prominente waardeterreine, wat die resultate van Tabel 9.2 bespreek, en etniese verskille wat die resultate van Tabel 9.3 bespreek.

#### 2.1 **Tabel 9.1: draers van waardes**

Die resultate van Tabel 9.1 reflekteer die reaksie van die deelnemers ten opsigte van die twintig gesinsekologiese waardeterreine. Uit Tabel 9.1 kan ook afgelei word wie verantwoordelik was vir die oordra van waardes op die verskillende waardeterreine. Die volgende draers van waardes word genoem.

##### 2.1.1 **Moeders**

Die deelnemers meen dat die moeder die belangrikste draer van waardes is.

Dit bevestig ander sienings dat die moeder die belangrikste rol in die opvoeding van kinders speel (Caldwell, 1973: 47; Nortjé, 1993:99). Die moeder is veral betrokke by gesinsekologiese waardes wat moraliteit, verhoudings, die religieuse en selfbeeld bevorder. Hierdie waardes is veral gerig op die verskillende verhoudings en gedragkodes binne verhoudings.

##### 2.1.2 **Vaders**

Volgens die deelnemers lewer hulle vaders die belangrikste bydrae ten opsigte van die oordra van outoriteits- en regswaardes binne hulle gesinne.

Volgens Nortjé (1993:268) is die vader tradisioneel die beskermer en die gesagsfiguur. Die rol wat vaders in die oordra van waardes speel, is egter heelwat minder as dié van die moeder. 'n Afleiding wat gemaak kan word is dat die vader nie so betrokke by die opvoeding van kinders as die moeder is nie. Redes hiervoor kan moontlik kulturele gebruike, die afwesigheid van die vader of 'n gebrek aan belangstelling wees. Volgens Browning (1999) is hierdie verskynsel 'n wêreldwye tendens. Volgens Barber en Eccles (1992) sowel as Coetzee (1997) lei die sogenaamde 'vaderlose gesinne' tot wanaanpassing en sosiale probleme onder kinders aangesien die vaders nie juis rolmodelle in die oordra van waardes kan of wil wees nie. Coetzee (1997) bevestig die belangrike rol wat die vader kan speel by die oordra van waardes. Lamb en Frodi (1980:50) het egter waargeneem dat in Westerse situasies, waar beide ouers werk, die vader 'n groter rol as voorheen in die versorging en sosialisering begin speel.

##### 2.1.3 **Gesin**

Die deelnemers se gesin speel 'n belangrike rol in die oordra van waardes.

Dit sluit aan by die teorie wat meen dat die huisgesin die primêre draers van waardes is. Weeks (1988:2-58) noem dat die gesin die primêre leefwêreld van die kind is en daarom daaglik betrokke is by die oordra van waardes. Brzozowski (1988) bevestig dat die gesin belangrike rolspelers in die oordra van waardes is. Horowitz (1995:46) bevestig dat waardes rondom self en die selfbeeld ook in die gesin oorgedra word. Volgens Hauser, Jacobson, Wertlied en Brink (1985) sowel as Doer-Zegers, Petrasic en Morales (1988) het die ouers en gesinslede 'n belangrike rol te speel in kinders se gesondheid en gesondheidswaardes.

## DIE OORDRA VAN WAARDES: RESULTATE EN BESPREKING

### 2.1.4 Ouma

Die deelnemers meen dat die ouma ook 'n belangrike rol in die oordra van waardes speel.

Dit is veral die deelnemers uit die Swart inheemse etniese groepe wat aangetoon het dat die ouma deel van hulle gesinne is. Nkuna (1996:25) meen dat die ouma 'n groter rol in die lewe van die Swart inheemse groepe as ander etniese groepe in Suid-Afrika speel. Alhoewel die ouma nie altyd deel van die gesin is nie, dui die resultate nogtans aan dat hulle 'n belangrike rol in die oordra van waardes speel. Codrington (2001b) noem dat grootouers 'n behoefte het om waardes oor te dra. Uit die resultate in Tabel 9.1 is dit duidelik dat die ouma 'n belangrike rol in die oordra van die kulturele en religieuse waardeterreine speel. Overbey en Pollina (1996:609) wys ook daarop dat grootouers graag hulle kultuur aan kleinkinders oordra aangesien dit as 'n 'verlengstuk in die toekoms' beleef word.

### 2.1.5 Familie

Die deelnemers meen dat familielede soos tantes en gesinslede soos broers en susters 'n belangrike rol in die oordra van gemoeds- en verhoudingswaardes speel.

Nortjé (1993: 112) bevestig hierdie siening. Dit is juis in interpersoonlike verhoudings binne die gesin en familie dat aanvaarbare en onaanvaarbare gedrag (naamlik waarde-oriëntasies) aangeleer word.

### 2.1.6 Skool en kerk

Die deelnemers meen dat die skool en die kerk belangrike draers van intellektuele, outoriteits-, tyd-ruimtelike, religieuse en beroepswaardes is.

Navorsers bevestig hierdie rol van die kerk en skool (Codrington, 1999). Nkuna (1996:30) bevestig hierdie resultate en noem dat die skool en kerk soms as plaasvervanger van ouers moet optree. Volgens Derbyshire (1989) het die skool 'n belangrike bydrae om te lewer om die kind gereed vir die lewe te maak. Daarom is dit van belang dat hierdie navorsing en ander navorsing soos die van Burton, Hunt en Wildman (1980), Hawkins (1988) sowel as Higgs en Smith (1991) bevestig dat die skool betrokke is by die oordra van waardes.

### 2.1.7 Vriende, media en rolmodelle

Die deelnemers meen dat rolmodelle en vriende 'n belangrike rol speel in die oordra van waardes.

Genoemde persone dra ook veral ontspannings-, politieke, gemoeds-, verhoudings- en estetiese waardes oor. Tourville en Bowen (1994:259) asook Codrington (1999) bevestig die belangrike rol wat vriende in verhoudings, ontspanning en die gemoed van die jongmens speel. Kitchler, Pombeni en Palmoner (1991) noem dat vriende van dieselfde ouderdom 'n belangrike ondersteuningsrol vervul.

Volgens die deelnemers speel die media 'n belangrike rol in die oordra van waardes.

Volgens die statistiese gegewens is die radio en televisie belangrike kommunikasie mediums (Central statistics, 1997). De Beer (1987) en Groenewald (1987) meen ook dat die media soos onder andere die radio en televisie belangrike rolle in die oordra van waardes vervul. Nortjé, (1993: 37) en Wilson (1993:24) bevestig die belangrikheid van die media in die vorming van kinders se waardes. Omdat aspekte rondom die nasionale, die politieke, die reg en die

## DIE OORDRA VAN WAARDES: RESULTATE EN BESPREKING

natuurlike omgewing dikwels deur die media bespreek word, kan dit tot die oordra en die vorming van hierdie gesinsekologiese waardes lei. Gevolglik kan die invloed van die gesin verminder ten voordeel van die invloed van onder andere die media (Wilson, 1993).

### 2.1.8 Self

Die deelnemers meen dat hulle self baie waardes aangeleer het.

Dit is veral spesifieke situasies sowel as moontlike eksperimentering en selfontdekking wat volgens die deelnemers tot die aanleer van gemoeds- en selfwaardes lei. Frankl (1986: 43-54) verwys na waardes wat deur ervaring en op 'n kreatiewe wyse aangeleer word. Dit is dus moontlik dat die jong volwassenes self- en gemoedswaardes op hierdie wyses aanleer. Operante kondisionering en sosiale leer soos Spangenberg (1993:226-227) dit uiteensit, is ook moontlik hier van toepassing.

### 2.1.9 Onsekerhede

In hierdie studie is daar ook soms onsekerhede ten opsigte van wie watter waardes oordra.

Hierdie onsekerheid kan moontlik wees omdat die draers van waardes die waardes indirek oordra en daar nie altyd doelgerig gewerk word aan die oordra van spesifieke waardes en waarde-oriëntasies nie. Bell en Vogel (1966:19) noem dat waardes soms implisiet oorgedra word. 'n Verdere moontlikheid is dat die deelnemers se geheue hulle in die steek laat.

## 2.2 Tabel 9.2: prominente waardeterreine

Die antwoorde op die oop-end vraelys dui op persone wat waardes oordra en is aan die volgende waardeterreine gekoppel: Verhoudings-, morele-, intellektuele/beroeps-, religieuse-, gemoeds-, kultuur en selfwaardes. Hierdie resultate is in Tabel 9.2 en 9.3 verwerk. Tabel 9.2 bevat die resultate van 154 deelnemers, terwyl Tabel 9.3 die resultate van 40 geselekteerde deelnemers bevat (kyk p.214) wat die ooreenkomste tussen die etniese groepe meer vergelykbaar maak. Die volgende afleidings kan veral uit Tabel 9.2 gemaak word:

### 2.2.1 Verhoudingswaardes

Die feit dat die moeder die belangrikste draer van verhoudingswaardes is, kan moontlik toegeskryf word aan die volgende redes:

- Die biologiese verbintenis met die kind en die moeder bring die moeder in 'n spesiale verhouding met die kind (Bell & Vogel, 1966:22) en gevolglik is sy in 'n posisie waar sy verhoudingswaardes deur haar gesindheid en ander optredes oordra.
- Verhoudingswaardes spruit voort uit sosiale interaksie. Wanneer die moeder die primêre versorger en huisvrou is, is sy moontlik die persoon wat die meeste tyd saam met haar kind deurbring en gevolglik ook die meeste sosiale interaksie met haar kinders beleef. Sy kry waarskynlik die meeste geleentheid om verhoudingswaardes oor te dra (Eshleman, 1994: 105-133).
- Dit is moontlik eie aan die vrou om meer 'n versorgende rol, wat op sosiale verhoudings gebou is, te vertolk (Morgan, 1996:102) (kyk 3.3.2, Hoofstuk 6).

Die gesin en familie speel ook 'n belangrike rol in die oordra van verhoudingswaardes en die volgende redes kan hiervoor aangevoer word:



## DIE OORDRA VAN WAARDES: RESULTATE EN BESPREKING

- Volgens Eshleman (1994:76) is die gesin die primêre groep waarbinne sosialisering plaasvind. Deur sosialisering word verhoudingswaardes oorgedra.
- Eshleman (1994:77) noem ook dat mensgeoriënteerde optrede 'n belangrike kenmerk van die gesin is. Hierdie kenmerk van die gesin lei noodwendig tot die oordra van verhoudingswaardes.

Vriende word ook as draers van verhoudingswaardes gesien. 'n Moontlike rede hiervoor is dat vriende as 'n ondersteuningsgroep dien (Eshleman, 1994:77) en deur ondersteuning word verhoudings gebou en verhoudingswaardes oorgedra (Codrington, 1999).

Pesone betrokke by die kerk en die skool speel ook 'n rol in die oordra van verhoudingswaardes. Hierdie rol is egter van minder belang as die bogenoemde draers van verhoudingswaardes. Die volgende verklarings kan moontlik daarvoor gegee word:

- Die skool en kerk is sekondêre groepe wat volgens Eshleman (1994:77) meer taak – georiënteerd as mensgeoriënteerd is.
- Een van die kerk se primêre take is die oordra van die betrokke godsdienstige begrippe (Louw, 2000), terwyl die skool se primêre taak die opleiding van die kind is. Sosialisering en die bou van verhoudings kan dus as sekondêre funksies gesien word.

### 2.2.2 Selfwaardes

Die moeder en gesinslede is van die belangrikste draers van selfwaardes. Die volgende moontlike redes kan daarvoor aangevoer word:

- Die gereelde sosiale interaksie tussen gesinslede kan help om 'n identiteit en 'n selfbeeld te vorm (Kaiser, 1990: 145-155; Louw, Louw & Schoeman, 1993:546).
- Volgens Hurlock (1970: 303) en Coleman (1980:75) kan die verhouding tussen ouers en kinders 'n belangrike rol speel in selfstandigheid en onafhanklikheid en dus selfwaardes.
- Werksverdeling in die gesin (Duvall & Miller, 1985:54-60) kan tot die ontwikkeling van vaardigheid en verantwoordelikheid lei wat tot positiewe selfwaardes kan bydra.

Vriende speel ook 'n belangrike rol in die oordra van selfwaardes. Die volgende rede kan 'n moontlike verklaring wees. Die selfbeeld en identiteit word gevorm wanneer die individu haarself met haar portuurs van haar keuse vergelyk. Dit is dus vir 'n persoon makliker om 'n selfkonsep te vorm wanneer sy haarself met portuurs vergelyk (Coleman, 1980:90-91; Botha, 1983:49).

Die kerk en onderwysers (skool) speel ook 'n belangrike rol in die oordra van selfwaardes en die moontlike verklarings daarvoor is die volgende:

- Godsdienis beklemtoon onder andere die belangrikheid van die mens en dus die selfwaarde (kyk 3.1 van Hoofstuk 8).
- Onderwysers moedig kinders aan om te presteer en doelwitte te bereik waardeur die individu suksesvol kan voel. Sodoende word selfwaardes oorgedra.

Volgens die deelnemers speel die media en ander rolmodelle ook 'n rol in die oordra van selfwaardes. Toffler (1973:54, 74) noem dat die blootstelling aan die massamedia 'n

## DIE OORDRA VAN WAARDES: RESULTATE EN BESPREKING

belangrike invloed op die individu het. Die volgende redes kan vir die betrokkenheid van die media en rolmodelle by selfwaardes aangevoer word:

- Sommige televisieprogramme, soos byvoorbeeld die gewilde Oprah Winfreyprogram, is onder andere op die bou van selfbeeld ingestel.
- Rolmodelle met bepaalde houdings en lewensfilosofieë word dikwels deur die media voorgehou. Die individu kan 'n heldeverering vir 'n rolmodel ontwikkel, met die sogenaamde held identifiseer, daarvoor fantaseer en so aan haar selfwaarde bou.

### 2.2.3 Morele waardes

Morele waardes handel oor aanvaarbare en onaanvaarbare gedrag. Die moeder en ander volwasse gesins- en familielede word deur die deelnemers as die belangrikste draers van hierdie waarde beskou. Die volgende verklaring kan daarvoor aangevoer word:

- Die moeder en vader is primêre opvoeders en in hierdie proses moet hulle verwagte aanvaarbare gedrag oordra (Weeks, 1988:2-58; Nortjê, 1993:99).
- Volgens Eshleman (1994:74) is een van die gesinsfunksies sosiale kontrole. Die toepassing van sosiale kontrole vereis dat die individu die morele standaard en gedragskodes van die gemeenskap en gesin moet internaliseer en toepas.

### 2.2.4 Intellektuele –en beroepswaardes

Die vader is een van die belangrikste draers van intellektuele en beroepswaardes. Die volgende redes kan hiervoor aangevoer word:

- Die feit dat die vader in 'n beroep staan (of nie), kan sy kinders beïnvloed om hulle wel vir 'n beroep te bekwaam.
- Die vader is tradisioneel die ekonomiese versorger van die gesin maar dit gebeur nie in alle gesinne nie (Browning, 1999). Indien die vader nie sy rol as broodwinner vervul nie, kan negatiewe ekonomiese situasies in 'n huishouding ontstaan. Positiewe en/of negatiewe ekonomiese omstandighede by die huis kan 'n aansporing wees om 'n huidige goeie lewenstandaard te handhaaf of na sosiale mobiliteit te strew.

Die skool speel ook 'n belangrike rol in die oordra van intellektuele en beroepswaardes en die volgende rede kan hiervoor aangevoer word. Die skool se primêre taak is om die leerlinge vir die arbeidmark voor te berei deur intellektuele stimulasie te bevorder (Louw, 1989:27-31) (kyk 2.1.6).

### 2.2.5 Religieuse waardes

Volgens die deelnemers speel die kerk en skool belangrike rolle in die oordra van religieuse waardes. Die volgende moontlike redes kan daarvoor aangevoer word:

- Godsdiensoonderrig word in sekere skole gegee.
- Sommige deelnemers het 'n kerkskool bygewoon en was dus blootgestel aan die oordra van religieuse waardes.
- Godsdienstige waarhede vereis soms 'n kundige leermeester en daarom word hierdie taak aan die kerk opgedra (Louw, 2000).
- Sommige ouers verwaarloos die oordra van religieuse waardes en daarom verhoog die rol wat die kerk hierin vertolk dikwels (Louw, 2000).

## DIE OORDRA VAN WAARDES: RESULTATE EN BESPREKING

### 2.2.6 Gemoedswaardes

Volgens die deelnemers speel die gesin 'n belangrike rol in die oordra van gemoedswaardes. Die volgende moontlike rede kan hiervoor aangevoer word. Een van die belangrikste funksies van die gesin is om emosionele ondersteuning te bied (Eshleman, 1994:77,78), wat op sy beurt die gemoed beïnvloed.

Die deelnemers noem ook dat vriende 'n belangrike rol in die oordra van gemoedswaardes speel. Moontlik kan die volgende rede 'n verklaring hiervoor gee, naamlik dat die aanvaarding wat vriende onder andere bied, tot 'n positiewe gemoedstemming kan lei (Codrington, 1999; Louw, 2000).

### 2.2.7 Kultuurwaardes

Die deelnemers meen dat familie soos veral die ouma die belangrikste draer van kultuurwaardes is. Die volgende redes kan hiervoor aangevoer word:

- Kultuur word onder andere as tradisionele gebruike (en waardes) gesien wat van een geslag na die ander oorgedra word (kyk 2.1, Hoofstuk 3).
- Ouer persone het 'n behoefte om tradisies na die jong geslag oor te dra (kyk 2.1.3). Sommige ouer persone is ook moontlik meer ingestel op die verlede en die tradisionele gebruike as op nuwe gebruike.
- Kultuurgebruike en kultuurkennis kan 'n vorm van sekuriteit aan die ouer geslag gee en die betrokke persone wil graag hierdie sekuriteite handhaaf.

## 2.3 Tabel 9.3: etnisiteit

Etnisiteit kan moontlik verskille in die oordra van waardes aantoon en daarom is dit belangrik om dit uit te lig. In Tabel 9.3 word die resultate van die oop-end vraelys oor die oordra van waardes van die geselekteerde 5 deelnemers uit die verskillende etniese groepe weergegee. Redes en verklarings is reeds aan baie van die resultate gekoppel en daarom word dit nie nou hier verder bespreek nie. Die volgende gedragspatrone kom na vore:

- In al die verskillende etniese groepe is die moeder die belangrikste draer van waardes.
- Die moeder is veral die draer van morele-, self- en verhoudingswaardes.
- By die Engels- en Afrikaanssprekende Blankes speel vaders ook 'n belangrike rol in die oordra van waardes.
- Die Xhosas dui aan dat die vader nie juis 'n belangrike rol in die oordra van waardes speel nie. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die 'afwesige vader' verskynsel (Browning, 1999).
- Die familie speel 'n belangrike rol in die oordra van waardes by die Indiërs, Kleurlinge, Xhosas, Sotho's en Tswanas. Moontlike redes hiervoor is die rol van die uitgebreide gesin (kyk 3.10.1).
- Engelssprekende Blankes dui aan dat verhoudings-, morele en selfwaardes veral deur moeders oorgedra word. Genoemde gedragspatrone kan ook by die Afrikaanssprekende Blankes en Indiërs waargeneem word.
- By die Kleurlinge word self- en verhoudingswaardes hoofsaaklik deur die gesin oorgedra, terwyl persone buite die gesin 'n rol speel in die oordra van morele waardes.
- Sotho's dui aan dat die kerk en skool 'n belangrike rol in die oordra van waardes speel.



## DIE OORDRA VAN WAARDES: RESULTATE EN BESPREKING

- Volgens die Zoeloes speel die skool, kerk en vriende 'n belangrike rol in die oordra van waardes.
- Selfwaardes is belangrike waardes by die Zoeloes en word deur leiers, kerk, skool, moeders en die media oorgedra, terwyl gemoedswaardes hoofsaaklik deur vriende oorgedra word.

### 3 RESULTATE EN BESPREKING VAN DIE INDIVIDUELE ONDERHOUDE

Met gesinstake as temas is die individuele onderhoude met drie Tswanas en drie Afrikaanssprekende Blankes gevoer. Die stellings van die ses deelnemers is ontleed en in verband met die ontwikkelingstake en gesinsekologiese waardeterreine gebring. Bylae I bevat 'n gedetailleerde uiteensetting van die verskillende stellings en ontleding daarvan.

Om 'n vergelyking tussen die betrokke twee etniese groepe te tref, is die vergelykbare data uitgelig. Hierdie data word in Tabel 9.4 tot 9.21 weergegee. Toepaslike stellings van die deelnemers word in die besprekings aangehaal ter staving van bepaalde afleidings.

#### 3.1 Voorsiening van 'n woning

TABEL 9.4: DIE WONINGS VAN AFRIKAANSPREKENDEN BLANKES EN TSWANAS

Etniese groep	n	Slaapkamer in huis		Familieplase	Dorps-huise	**Hutte op die platteland	Koshuise	Voorsieners	
		Eie	Deel met ander					Ouers	Ouma
Afrikaans	3	1	2	2	*1	0	2	3	0
Tswana	3	2	1	0	2	1	3	1	2

\* Hierdie deelnemer het aangedui dat hulle eers op die familieplaas gebly het en later dorp toe getrek het.

\*\* Die hut waarna verwys word was een woning waarin die hele gesin van ses geslaap het.

Die groep van ses deelnemers het in 'n wye verskeidenheid van tipe wonings grootgeword. Vergelykbare data ten opsigte van die bevindings oor voorsieners en tipe woningss kon nie gevind word nie. Nyquist (1983: 16) het wel gevind dat die wonings van Blankes meer luuks as die van die Swart inheemse groepe in Suid-Afrika is. Die data wat in Hoofstuk 7 weergegee word, bevestig tot 'n mate die tipe wonings en die voorsieners daarvan (kyk 5.5.1 en 5.5.2, Hoofstuk 7).

Die volgende data bevestig dat die lewensomstandighede die tipe woning en die voorsieners daarvan kan bepaal:

- Twee van die drie Afrikaanssprekendes en al drie die Tswanas moes vir hulle hoërskool opleiding na 'n koshuis gaan. Redes hiervoor was dat hulle ver van die hoërskool gebly het.
- Sommige van die deelnemers moes by hulle ouma bly omdat hulle ouers op ander dorpe gewerk het.

## DIE OORDRA VAN WAARDES: RESULTATE EN BESPREKING

- Die Tswana deelnemer wat in 'n hut grootgeword het, het aangedui dat weens armoede hulle nie aparte vertrekke kon bekostig nie.
- Familieplase wat van een geslag na die ander oorgeërf is, het 'n bepaalde tipe woning en omgewing geskep.
- Verskille tussen die Tswanas en die Afrikaanssprekende Blankes ten opsigte van hulle woning as sodanig en die voorsieners daarvan, is moontlik te wyte aan kulturele gebruike, inkomste en/of finansiële vermoëns. Dit is 'n aanvaarde kulturele gebruik by die Tswanas dat die oumas grootliks verantwoordelikheid neem vir die opvoeding en gevolglik die voorsiening van 'n woning vir haar kleinkinders.

Gesinstake, ontwikkelingstake en die oordra van waardeprioriteite kan deur 'n situasie en rolspelers beïnvloed word (Bell & Vogel, 1966: 18-33). Voorbeelde hiervan word vervolgens genoem.

### **Gesins- en ontwikkelingstake**

Die voorsiening van 'n woning is 'n basiese gesinstak wat versorging impliseer. Die ouers of ouma stel die voorbeeld as voorsiener/versorger. Die kind internaliseer hierdie rolmodel deur die sekuriteit van voorsiening/versorging te ervaar (Bell & Vogel, 1966:29). Die woning word as 'n fisiese skuiling en 'n simbool van emosionele sekuriteit en identiteit gesien (Viljoen, 1985:131).

### **Waardeprioriteite en die oordra daarvan**

Na aanleiding van die bostaande bespreking van gesins- en ontwikkelingstake, kan waardeprioriteite soos sekuriteit (veiligheidswaarde), identiteit (selfwaarde) en verantwoordelikheid, aan gesinslede (verhoudingswaarde), moontlik oorgedra word. Mededeelsaamheid as verhoudingswaarde word ook aangespreek aangesien die deelnemers aantoon dat hulle slaapkamers en geriewe moes deel.

Die versiering en versorging van onder andere die eie slaapkamers blyk van sekondêre belang in die meeste gevalle te wees aangesien slegs een van die ses deelnemers, 'n Afrikaanssprekende Blanke, na die versiering van haar kamer verwys het:

**“My kamer was rooi en wit – met harte.”**

Hierdie houding en gedrag stem ooreen met die minder belangrike plek wat estetiese waardes in die betrokke tabelle in Hoofstuk 8 inneem (kyk Tabel 8.1 en 8.2). Die feit dat armoede 'n faktor in van die deelnemers se lewe was, het hulle moontlik die geleentheid ontnem om hulle kamer te versier. Gevolglik het estetiese waardes 'n lae prioriteit geniet.

Die blootstelling wat sommige van hierdie deelnemers aan die natuur gehad het, kan ook moontlik die belangrikheid van die natuurlike omgewing as waardeterrein beïnvloed. Positiewe ervarings van groot ruimtes en die wisselwerking tussen natuur en lewensmiddele soos voedselvoorsiening waarna die deelnemers verwys het, kan 'n aanduiding wees dat die natuurlike omgewing 'n belangrike waardeterrein vir die betrokke deelnemers is.

Die ouers en oumas, in die rol van voorsieners van wonings, word draers van ekonomiese waardes. Volgens Eshleman (1994: 10) is die voorsiening van 'n woning 'n basiese ekonomiese gesinsfunksie. Hierdie voorbeeld wat gestel word kan deur die deelnemers aanvaar word en gevolglik dra hulle hierdie gedragspatroon in hulle eie gesinne oor.

DIE OORDRA VAN WAARDES: RESULTATE EN BESPREKING

In Hoofstuk 8 blyk dit dat die deelnemers reeds hierdie rol as ekonomiese voorsiener aanvaar het en daarom is die ekonomiese en beroepswaardes vir hulle belangrik.

**Verskille tussen die Tswanas en Afrikaanssprekende Blankes**

Die vader is die fisiese beskermer van die gesin (Eshleman, 1994:10). Hierdie studie het gevind dat die vader as die voorsiener van die wonings onder die Afrikaanssprekende Blankes ervaar word, terwyl beide ouers en veral die ouma by die Tswanas hierdie verantwoordelikheid dra. Dit blyk dus dat die ouma 'n belangriker rol as voorsiener by die Tswanas as die Afrikaanssprekende Blankes speel. Die volgende stellings van die Afrikaanssprekende Blankes bevestig dat die vader die voorsiener van 'n woning is:

**“My pa het die huis gekies en gekoop ...”**

**“Ons bly op die familieplaas van my pa ...”**

Die volgende opmerkings van twee Tswana deelnemers bevestig dat die Ouma die voorsiener van hulle woning is.

**“Ek het in die huis by my ouma gebly.”**

**“I stayed with my grandmother ... We lived in the rural area in huts.”**

**3.2 Voedselvoorsiening**

**TABEL 9.5: VOEDSELVOORSIENING VAN DIE AFRIKAANSSPREKENDE BLANKES EN TSWANAS**

Etniese Etniese groep	n	Voorsieners				Vorbereiders				
		Moeder	Vader	Ouma	Gesin	Moeder	Vader	Ouma	Huishulp	Self
Afrikaans	3	0	3	0	0	3	1	0	2	1
Tswana	3	1	1	2	1	1	0	3	0	3

'n Deelnemer kan meer as een moontlikheid van voedselvoorsiening noem. Hierdie tendens kan ook in die daarop volgende tabelle gereflekteer word.

Dit blyk uit die gegewens in Tabel 9.5 dat daar 'n verskeidenheid van voorsieners en voorbereiders van voedsel is.

Vergelykbare data ten opsigte van die bevindings oor voedselvoorsieners en –vorbereiders kon nie gevind word nie. Die data wat in Hoofstuk 7 weergegee word, bevestig tot 'n mate die rol van die vaders, oumas en/of moeders as die voorsieners van voedsel.

Uit die individuele onderhoude blyk dit dat die lewensomstandighede 'n rol speel oor wie voorsieners en voorbereiders van voedsel is. Die volgende voorbeelde kan genoem word:

- Wanneer die vader se voorsiening van voedsel onvoldoende of afwesig is, sorg die moeder en/of die ouma daarvoor. Wanneer 'n gesin nie in die finansiële behoeftes kan voorsien nie, armoede beleef, blyk dit dat gesins- en/of individuele lede help om voedsel te voorsien (Bell & Vogel 1966:29). Die volgende stellings van die Tswana deelnemers bevestig dit:



## DIE OORDRA VAN WAARDES: RESULTATE EN BESPREKING

***“... my aunt gave us food.”***

***“... my brothers helped me to get food and water.”***

- Indien die gesin van ‘n huishulp gebruik maak, help sy met voedsel voorbereiding. ‘n Afrikaanssprekende Blanke deelnemer maak die volgende opmerking:  
**“Die huishulp het hoofsaaklik kos gemaak. Ons het soms gehelp.”**
- Kinders raak betrokke by voedselvoorbereiding omdat dit hulle taak in die huis word (Nyquist, 1983:36). Twee Tswana deelnemers bevestig dit met die volgende opmerkings:  
***“(I)... prepared the food.”***  
***“I had to cook. This was my job.”***
- Dit blyk dat in hierdie studie dit hoofsaaklik die vroulike geslag se rol is om voedsel voor te berei. Volgens die informante en die deelnemers hou hierdie rol verband met kulturele gebruike. Die volgende stelling van ‘n Tswana deelnemer bevestig die taakverdeling:  
***“The girls had to prepare the food.”***  
Eshleman (1994:453) bevestig dat voedselvoorbereiding die tradisionele rol van die vrou is.

### **Gesins- en ontwikkelingstake**

Voedselvoorsiening is ‘n basiese gesinstak. Aangesien die moeder of ouma betrokke is in voedselvoorsiening word hierdie voorbeeld na die kinders oorgedra. Kinders is ook betrokke by voedselvoorsiening en -voorbereiding en hierdeur kan hulle onder andere bepaalde rolverwagtings, handvaardighede en samewerking aanleer (Bell & Vogel, 1966:21-23).

Omdat die ouers/ouma ‘n werk buite die huis beoefen, moet kinders soms die voedsel voorberei. Die volgende stelling van ‘n Tswana deelnemer bevestig dit:

***“My granny had to work, so I had to do the cooking.”***

Die gesinstake wat kinders soms in die huishouding moet verrig, is volgens Akong’a (1997:18) te wyte aan ekonomiese omstandighede en gevolglik moes dié kinders soms die rolle van volwassenes vertolk.

### **Waardeprioriteite en die oordra daarvan**

Wanneer voedselvoorsiening en -voorbereiding ter sprake is, tree verskillende waardeterreine na vore aangesien konsepte soos samewerking, rolverwagtings en verantwoordelikheid betrek word. Genoemde konsepte verteenwoordig self- en verhoudingswaardes. Arbeid as waarde en die belangrikheid van oorlewing (lewenswaardes) vorm ook deel van voedselvoorsiening en -voorbereiding. Dit is dus duidelik dat waardes nie in isolasie funksioneer nie, maar in waardesisteme (kyk 2.3, Hoofstuk 2).

Ouers, sowel as die ouma en soms gesinslede vertolk die rol van voedselvoorsieners en/of -voorbereiders. Hierdie rolverwagting kan moontlik verklaar word aan die hand van kulturele gebruike, armoede en/of werksomstandighede waar die ouers ver van die huis werk en dus nie altyd fisies in staat is om die kinders te versorg nie (Nyquist, 1983:36).

## DIE OORDRA VAN WAARDES: RESULTATE EN BESPREKING

Die deelnemers het ook aangetoon dat die kinders die ouma moet help omdat sy te oud is om al die werk te doen. In sulke situasies is hulpverlening en werksverdeling belangrike waardes wat oorgedra kan word.

Die feit dat mans en vrouens verantwoordelikheid neem vir voedselvoorsiening en die voorbereiding daarvan kan daatoe lei dat die rolverdelings en rolverwagtings van die verskillende geslagte nie altyd kultuurspesifiek is nie, maar meer prakties ingestel raak (Nyquist, 1983:36; Eshleman, 1994:11). Wanneer daar nie 'n vader is nie, voorsien die moeder of ouma die voedsel en wanneer die vader voedsel voorberei kan hy dit doen omdat hy byvoorbeeld daarin belangstel, 'n aanleg daarvoor het en/of omdat hy behulpsaam is. Twee waardes kom dus hier na vore naamlik behulpsaamheid (verhoudingswaarde) en individualisme (selfwaarde).

### Verskille tussen die Tswanas en Afrikaanssprekende Blankes

Die Afrikaanssprekende Blankes het van huishulpe gebruik gemaak. Die taak (rol) van huishulpe is onder andere voedselvoorbereiding. Verskeie redes kan moontlik hiervoor aangevoer word. 'n Rede kan wees dat dit 'n aanvaarde kulturele gebruik is om 'n huishulp te hê, of dat die vrou moontlik meer verpligtinge en/of belangstellings as net die huishoudelike take het. Een van die Afrikaanssprekende Blanke deelnemers noem dat beide haar ouers gewerk het en dat die huishulp voedsel moes voorberei.

Dit blyk noodsaaklik te wees dat die Tswana deelnemers, as kinders, betrokke by voedselvoorbereiding moes wees. Hier het dit om oorlewing gegaan aangesien die kinders dikwels alleen gelaat word en hulself moes versorg. Daarenteen blyk dit dat die Afrikaanssprekende Blanke deelnemers voedselvoorbereiding eerder uit hulpvaardigheid en/of die ontwikkeling van arbeidsaamheid en van vaardighede gedoen het. 'n Afrikaanssprekende Blanke deelnemer bevestig hierdie siening:

**“My ma het ons soms geleer om kos te maak.”**

### 3.3 Klerevoorsiening en -versorging

Uit die data van die individuele onderhoude word die volgende gegewens in Tabel 9.6 uiteengesit.

**TABEL 9.6: DIE KLEREVOORSIENING EN -VERSORGING VAN AFRIKAANSPREKENDE BLANKES EN TSWANAS**

Etniese Groep	n	Voorsiening				Versorging		
		Koop		Vervaardig		Moeder	Huishulp	Self
		Moeder	Ouma	Moeder	Self			
Afrikaans	3	3	0	1	1	3	3	2
Tswana	3	1	2	0	0	0	0	3

Die data het die volgende aan die lig gebring:

- 'n Moeder wat naaldwerk kan doen, leer haar dogters hierdie vaardigheid. 'n Afrikaanssprekende Blanke deelnemer bevestig dit met die volgende stelling:  
**“My ma het ons leer naaldwerk doen.”**

## DIE OORDRA VAN WAARDES: RESULTATE EN BESPREKING

- Dit blyk dat kinders min inspraak in die keuse van klere gehad het en die stellings van beide etniese groepe bevestig dit:  
**“My ma het ons klere gekies – tot onlangs.”**  
**“Ek kon nooit my eie klere kies nie.”**
- Die ouers en selfs die huishulp het soms die kinders die estetiese aspekte van klere geleer. Die volgende stellings van Afrikaanssprekende Blankes verwys daarna:  
**“Sara (huishulp) het ... ons geleer wat (verwys na klere) pas waarby.”**  
**“My pa en ma het ons geleer om klere te meng en te pas.”**

Uit bogenoemde kan afgelei word dat moontlik die vermoëns, oortuigings, houdings en die belangstellings van die betrokke volwassene die gedrag rondom aankoop, vervaardiging, keuse en versorging van klere bepaal.

### Gesins- en ontwikkelingstake

Rondom die voorsiening en versorging van klere as gesinstakke kan verskeie ontwikkelingstake ter sprake wees. Wanneer klere vervaardig word, word handvaardighede aangeleer terwyl die keuse van klere onder andere kan lei tot probleemoplossing, individualiteit en die vorming van identiteit. Dit blyk uit die data dat die ses deelnemers egter min geleentheid gehad het om hulle eie klere te kies en dus op hierdie terrein nie begelei is as verbruikers met onafhanklike denke nie. Kinders behoort die geleentheid te kry om te deel in die besluitnemingsproses (Bell & Vogel, 1966: 23) wanneer hulle byvoorbeeld klere aankoop. Sodoende word die besluitnemingsproses aangeleer.

Die meeste van die ses deelnemers is betrokke by een of ander vorm van klereversorging. Die volgende stellings uit beide etniese groepe bevestig dit:

**“Ons het self ons klere opgevou ...”**

**“Ons moes ons eie onderklere was.”**

Op hierdie wyse word take verdeel en onder andere netheid, arbeidsaamheid, selfversorging en verantwoordelikheid ontwikkel. Geslagsrolle kan ook so gevestig word.

### Waardes en die oordra daarvan

Omdat klere as ‘n verlenging van die self gesien word (Horn & Gurel, 1981:138; Kaiser, 1990:82), kan kleding onder andere tot die vorming van selfwaardes bydra. Kleding en die simboliek daarvan kan dus ‘n bydrae lewer om ‘n identiteit te ontwikkel en te kommunikeer. Die feit dat moeders en/of die oumas die deelnemers se klere gekies het, dui moontlik daarop dat die moeders en/of oumas moontlik ‘n identiteit vir die betrokke kinders skep. Laasgenoemde identiteit kan dus meer by die betrokke volwassenes se konsepte van waardes en simbole aansluit as by die van hulle kinders of kleinkinders.

Hierdie situasie rondom die keuse van klere kan daartoe bydra dat kinders ervaar dat ouers nie hulle strewe na onafhanklikheid in ag neem nie. Hierdie ervaring kan dié kinders ‘n agressie teenoor die ouerlike styl van die moeders of die oumas laat ervaar (Louw, Schoeman, Van Ede, Wait, 1990: 368-369). Die volgende stelling en die agressie waarmee die deelnemers uit beide etniese groepe dit gesê het, bevestig dit:

**“Ek mag nooit my eie klere gekies het nie.”**



## DIE OORDRA VAN WAARDES: RESULTATE EN BESPREKING

‘n Tswana deelnemer het verder genoem dat sy nou baie geld aan klere spandeer en meer klere koop as wat sy eintlik nodig het. Die afleiding kan dus gemaak word dat sy frustrasies ervaar het omdat sy nie as kind haar eie klere kon kies nie. Die negatiewe ervarings as kind het daartoe gelei dat sy daarvoor wil kompenseer deur soos sy dit stel “... **onbeheers klere te koop.**” Hierdie gedrag het haar egter in finansiële probleme laat beland want sy noem die volgende: “... **elke maand het ek meer skuld.**” So gesien kan negatiewe ervarings in die kinderjare tot onverantwoordelike gedrag in die volwasse jare lei en gevolglik kring die negatiewe ervarings net verder uit. Dit is dus duidelik dat onbeheersdheid in verband met selfwaardes gebring kan word en dat haar swak ekonomiese beplanning met ekonomiese waardes in verband gebring kan word. So gesien kom die bestuur en interafhanklikheid van die verskillende gesinsekologiese terreine, soos die gesinsekologiese perspektief dit bevestig, na vore.

Wanneer die deelnemers geleer word om hulle klere te versorg, kan hierdie handeling bydra tot selfstandigheid en/of die ervaring daarvan. Indien klereversorging positief deur die deelnemers ervaar word, kan dit bydra tot ‘n ervaring van selfverantwoordelikheid (Hurlock, 1978, 244). Op hierdie wyse kan selfwaardes soos selfstandigheid en verantwoordelikheid oorgedra word.

**Verskille tussen die Tswanas en Afrikaanssprekende Blankes**

Uit die data blyk dit dat die betrokke volwasse versorger en voorsiener die deelnemers se klere gekies het. Aangesien die Tswanas se oumas dikwels die versorgers en voorsieners is, is dit te verstane dat die keuse van klere grootliks by die oumas berus. Die Afrikaanssprekende Blanke deelnemers se moeders neem ‘n leidende rol in die keuse van hulle kinders se klere. Afrikaanssprekende Blanke deelnemers het die hulp van moeders en huishulpe gehad om hulle klere te versorg, terwyl die Tswanas dit self moes doen. Hierdie situasie kan moontlik daartoe lei dat die Tswanas meer onafhanklikheid en selfstandigheid op ‘n vroeër ouderdom as die Afrikaanssprekende Blankes aanleer en ervaar.

**3.4 Voorsiening in gesondheid**

Uit die data van die individuele onderhoude kan die volgende gegewens in Tabel 9.7 uiteengesit word.

**TABEL 9.7: DIE VOORSIENING IN DIE GESONDHEID VAN AFRIKAANSSPREKENDE BLANKES EN TSWANAS**

Eniese groep	n	Gesondheidstoestand			Versorging	
		Aandag	Siektes	Self	Moeder	
Afrikaans	3	0	3	0	3	
Tswana	3	0	0	1	0	

In Tabel 9.7 word aangedui dat die Afrikaanssprekendes bewus was van siektes, terwyl die Tswanas aandui dat hulle nie bewus was van enige siektes in die gesin nie. Hierdie gedragspatrone stem ooreen met die feit dat gesondheid (liggaamlik) nie as een van die prioriteitswaardes gereken word nie (kyk 5, Tabel 8.1).

## DIE OORDRA VAN WAARDES: RESULTATE EN BESPREKING

### Gesins- en ontwikkelingstake

Uit hierdie studie blyk dit dat die versorgende rol van die moeder tydens siektesituasies in die Afrikaanssprekende Blanke gesinne oorgedra word. Empatie, versorging en hulpverlening is onder andere gesinstake/gedragspatrone wat in hierdie verband na vore tree. Hierdie gedragspatrone van die moeder kan deur die kinders as positief ervaar word, geïnternaliseer word en in hulle eie gesinne nageboots word.

### Waardes en die oordra daarvan

Dit blyk uit die data dat daar aanvanklik nie baie klem op gesonde eetgewoontes geplaas is nie. 'n Afrikaanssprekende deelnemer het genoem dat eers in haar laat adolessensie jare hulle gesin bewus geraak het van die invloed van gesonde eetgewoontes. Al die Tswanas het egter aangedui dat hulle as gesin geen kennis van gesonde eetgewoontes gehad het nie. Die volgende stelling van een van die Tswanas verwys daarna:

***“We only ate pap and marog ... we did not know about food groups.”***

Dit is dus moontlik dat sekere gesondheidswaardes soos gesonde eetgewoontes nie in die gesin oorgedra is nie omdat die volwasse lede nie kennis hiervan gedra het nie.

Dit blyk ook dat wanneer die gesin met 'n bepaalde situasie gekonfronteer word, word daar kennis ingewin en dan aandag aan die situasie gegee. Die volgende stelling van 'n Afrikaanssprekende bevestig dit:

**“Ons het nie juis aandag aan gesonde kos gegee nie – eers met die ontdekking van ons hoë cholesterol het ons daarvan (gesonde kos) geweet en aandag daaraan gegee.”**

### Verskille tussen die Tswanas en Afrikaanssprekende Blankes

'n Tswana deelnemer het aangedui dat sy geen ondersteuning of simpatie van haar gesinslede ervaar het as sy byvoorbeeld pyn gehad het nie. Sy noem die volgende:

**“As ek hoofpyn gehad het, het ek nie pille gekry nie. Sy het nie simpatie gehad nie.”**

Hierteenoor dui die Afrikaanssprekende Blankes aan dat toe hulle siek was, het hulle moeder hulle versorg. Die volgende stellings bevestig dit:

**“As ons siek was, het ons ma ons versorg.”**

**“... siek was, het my ma by ons kom sit.”**

Tradisioneel word die moeder as ondersteuner en versorger gesien (Eshleman, 1994:11) en die Afrikaanssprekende deelnemers getuig hiervan.

## 3.5 Gesinsverbondenheid

Uit die data van die individuele onderhoude kan die volgende gegewens in Tabel 9.8 uiteengesit word.

**TABEL 9.8: GESINSVERBONDENHEID VAN TSWANAS EN AFRIKAANSPREKENDE BLANKES**

Etniese groep	n	Ouma	Moeder/Vader	Broers/Susters	Gesin
Afrikaans	3	1	1	0	3
Tswana	3	3	0	2	0

Wanneer daar aangedui word dat die hele kerngesin betrokke is, word die broers, susters, vader en moeder nie afsonderlik aangedui nie.

## DIE OORDRA VAN WAARDES: RESULTATE EN BESPREEKING

Uit die onderhoude met die ses deelnemers word die volgende inligting bespreek.

**Gesins- en ontwikkelingstake**

Die wyse waarop verbondenheid bewerkstelling was, was deur interaksie soos onder andere spel, kommunikasie, saamstaan, behulpsaamheid en versorging. Volgens Bell en Vogel (1966: 23) lei hierdie interaksie tot solidariteit en integrasie. Die betrokke gesinslede het tydens genoemde sosiale interaksie ervarings van geluk, empatie en behulpsaamheid beleef. Hierdie belewenisse kan geïnternaliseer word en lei tot 'n ervaring van verbondenheid aan mekaar. 'n Afrikaanssprekende Blanke deelnemer het aangetoon dat sy die verbondenheids- en versorgende rol reeds geïnternaliseer het en daarom openbaar sy 'n behoefte om na haar ma om te sien:

**“Ek is jammer vir my ma en wil haar graag versorg sien.”**

Volgens Bell en Vogel (1966:22) is daar 'n noue verbondenheid tussen 'n moeder en kind wat onder andere uit 'n noue biologiese verbintenis spruit. Perry (1970) noem ook dat verbondenheid verantwoordelikhede (soos versorging) meebring.

**Waardes en die oordra daarvan**

Die volgende stellings ten opsigte van verbondenheid is deur die deelnemers uit beide etniese groepe gemaak.

**“Ons ‘staan op’ vir mekaar.”**

**“My ouers kontak my gereeld per foon as ek weg is.”**

**“Ons susters sien om na mekaar.”**

**“Ons gesin het mekaar gehelp ...”**

**“We (suster) share a lot and support each other.”**

Die verhoudings- en selfwaardeterreine is ter sprake wanneer die deelnemer 'n verbondenheid met haar gesin ervaar. Wat verhoudings betref word lojaliteit, eenheid, behulpsaamheid en mededeelsaamheid wedersyds tussen die betrokke gesinslede ervaar. Selfwaardes word op hulle beurt gedien deur onder andere ervarings van aanvaarding en identifisering met die gesin en die betrokke gesinslede.

Uit die data blyk dit dat al die gesinslede wat in daaglikse kontak met mekaar is, betrokke is by die oordra van die ervaring van verbondenheid en dus ook by verhoudings- en selfwaardeterreine. Waar die vader en moeder afwesig is, word hulle rol en gesinstaaak van verbondenheid deur 'n ander versorger, soos die ouma, oorgeneem. Volgens Botha (1987:123-124) is dit belangrik dat geborgenheid ervaar moet word. Wanneer een of beide ouers afwesig is, behoort hierdie rol deur 'n volwassene oorgeneem te word sodat die kinders veilig en geborge kan voel.

**Verskille tussen die Tswanas en Afrikaanssprekende Blankes**

Die verskille tussen die betrokke twee etniese groepe toon aan dat die gesinsamestelling bepaal wie betrokke is by die oordra van verbondenheid. So het die ouma, as die versorger by twee van die Tswanas, verbondenheid oorgedra. By beide etniese groepe blyk dit dat verbondenheid nie juis deur fisiese kontak getoon is nie, maar eerder deur 'saam dinge te doen' en die volgende stellings bevestig dit:

**“Ons was nie baie soenerig en drukkerig nie ...”**

**“I do not think we showed affection.”**

**“My sister and I are best friends and do things together.”**



## DIE OORDRA VAN WAARDES: RESULTATE EN BESPREKING

## 3.6 Ekonomiese voorsiening

TABEL 9.9: EKONOMIESE VOORSIENING VAN TSWANAS EN  
AFRIKAANSSPREKENDE BLANKES

Etniese groep	n	Begroting	*Sakgeld	Broodwinners			Huishulp
				Vaders	Ouma	**Beide ouers	
Afrikaans	3	0	0	2	0	1	1
Tswana	3	0	0	0	2	1	0

\* Die deelnemers het aangetoon dat hulle nie sakgeld gekry het nie, maar wel soms geld op aanvraag soos vir die aankoop van lekkers.

\*\*In twee gevalle het die moeder 'n professionele beroep beoefen en het 'n finansiële bydrae gemaak. Die ander moeders van die deelnemers was slegs betrokke by die besteding van finansies.

In die gevalle waar die moeder en ouma deel van die huishouding was, was hulle verantwoordelik vir die finansiële beplanning van die huishouding.

**Gesins- en ontwikkelingstake**

Volgens Eshleman (1994: 11) is ekonomiese versorging 'n basiese gesinstak. Die ses deelnemers het die ouers of oumas as die ekonomiese versorgers gesien. Dit het meegebring dat hulle finansiël totaal afhanklik van genoemde persone was. Finansiële onafhanklikheid en verantwoordelikheid soos die hantering van sakgeld en die opstel van 'n begroting is nie doelbewus in die gesin geleer nie. Die enigste vorm van leer wat moontlik hier ter sprake was, is nabootsing. Die volgende stellings is deur die deelnemers uit beide etniese groepe gemaak:

**“Ons het nie sakgeld gekry nie ... as ons iets nodig gehad het, het ons daarvoor gevra.”**

***“It is not in our culture to get pocket money.”***

***“I never learned to budget.”***

Hierdie gedrag is deur 'n Tswana informant bevestig en sy noem die volgende:

**“Ek gee die geld vir die ouma ... kinnars sal mors met geld.”**

**Waardes en die oordra daarvan**

Die waardeterrein wat in ekonomiese voorsiening ter sprake is, is ekonomiese waardeterrein. Alhoewel die deelnemers genoem het dat hulle nie spesifiek voorgesê is hoe om te begroot en geld te bestee nie, het 'n Afrikaanssprekende Blanke deelnemer tog genoem dat haar ouers van haar verwag het om spaarsamig met geld te werk. Sy noem die volgende:

**“Ons moes maar altyd versigtig met geld werk.”**

Die deelnemers is nie bewustelik geleer om volgens 'n begroting te werk nie. Gevolglik is daar van hulle wat nie volgens 'n begroting geld kan hanteer nie. 'n Tswana deelnemer het die volgende genoem:

***“My budget never works. I spend more and more money.”***

'n Afrikaanssprekende Blanke deelnemer het die volgende stelling gemaak:

**“Ek is nooit geleer om te begroot nie.”**

Een van die Afrikaanssprekende Blankes het aangetoon dat hulle huishulp met hulle winkel gespeel het om so die gebruik van geld te illustreer. Die uitruilaksie van geld is dus geïllustreer, maar nie die bestuur daarvan nie.

## DIE OORDRA VAN WAARDES: RESULTATE EN BESPREKING

### Verskille tussen die Tswanas en Afrikaanssprekende Blankes

Beide die betrokke twee etniese groepe toon dat hulle nie geleer is hoe om te begroot en geld te spandeer nie. Wanneer 'sakgeld' gegee is, was dit op aanvraag. Gevolglik het die deelnemers nie geleer om te begroot en te beplan nie. Daar kan dus aanvaar word dat die deelnemers tot 'n groot mate deur modellering geleer het hoe om met geld te werk. Een van die deelnemers het genoem dat sy nie kan begroot nie en dat sy gedurig in die skuld is. Dit blyk dus dat die gebrek aan finansiële opvoeding in die gesin, tot finansiële wanbestuur kan lei.

Die ekonomiese uitruilaksies tussen die ekonomiese terrein en die gesin (Bell & Vogel, 1966:10) is wel deur die deelnemers ervaar aangesien hulle versorgers geld 'verdien en spandeer' het. Hierdie ekonomiese interaksie tussen die gesin en die ekonomiese terrein bevestig die interafhanklikheid van die gesinsekologiese terreine.

### 3.7 Die toekenning van tyd, ruimte en fasiliteite

Binne 'n gesin moet fasiliteite, ruimte en tyd bestuur word sodat die huishouding vlot kan verloop en in die behoeftes van gesinslede voorsien word. Die ses deelnemers se weergawe van die bestuur van tyd, ruimte en fasiliteite kan in die onderstaande tabel weergegee word.

**TABEL 9.10: DIE TOEKENNING VAN TYD, RUIMTE EN FASILITEITE BINNE DIE GESIN VAN DIE TSWANAS EN AFRIKAANSSPREKENDE BLANKES**

Etniese groep	n	*Tyd		**Privaatheid		***Fasiliteite	
		Streng skedule	Aanpasbare skedule	Eie kamer	Deel kamer	Min	Gemiddeld
Afrikaans	3	1	2	1	2	0	3
Tswana	3	1	2	1	2	2	1

\*Ouers of oumas het die ontspannings- en werksaktiwiteite van die kinders geskeduleer.

\*\*Privaatheid in Tabel 9.10 handel oor deel van die fasiliteite soos die slaapkamer.

\*\*\*Gemiddelde fasiliteite verwys na aparte vertrekke in die huis soos 'n badkamer, kombuis, woonvertrekke en slaapkamers.

#### Gesins- en ontwikkelingstake

Die deel van geriewe en meerdoelige aanwending van vertrekke soos veral die slaapkamer kan lei tot ontwikkelingstake soos onder andere mededeelsaamheid en beplanning terwyl privaatheid en persoonlike ruimte of territoriale gebied ingekort word. Sommige deelnemers het aangedui, dat hulle 'n behoefte aan privaatheid gehad het, maar dat die volwassenes nie altyd begrip (sensitiwiteit) daarvoor gehad het nie en noem die volgende:

**"... daar is nooit geklop voordat hulle ingekom het nie. Ek het nie privaat gevoel nie."**

Verder het 'n deelnemer genoem dat weens armoede haar privaatheid ontnem is. Weens armoede moes al die gesinslede in dieselfde vertrek slaap en gevolglik is min privaatheid ervaar. Die Tswana deelnemer noem die volgende stelling:

***"We were poor ... we all slept in a hut on the floor."***

Volgens Nyquist (1983:7) en Viljoen (1987: 103) is privaatheid 'n luuksheid wat nie altyd vir die armes beskore is nie. Die behoefte aan privaatheid kan dus weens armoede sowel as 'n onsensitiwiteit nie bevredig word nie.

Deelnemers uit beide etniese groepe het genoem dat daar tye vir ontspanning en vir werk was.

## DIE OORDRA VAN WAARDES: RESULTATE EN BESPREKING

Hierdie deelnemers het ook aangedui dat daar vasgestelde tye vir slaap, etes, televisie en godsdiens was en noem die volgende:

***"We got up early every morning."***

***"Daar was spesifieke tye wat ons geëet het."***

***"Godsdiens was op vasgestelde tye."***

***"In die koshuis was daar streng tye vir opstaan en studie."***

***"At night we watched television ... after we cleaned the dishes."***

Deur roetine kon die deelnemers ontwikkelingstake soos onderskeiding, tydsbestuur, dissipline en verantwoordelikheid aanleer.

### **Waardes en die oordra daarvan**

Benewens die tyd-ruimtelike waardes word verhoudingswaardes ook binne die sosiale interaksie in die gebruik van fasiliteite aangeleer (Viljoen, 1987:101; Morgan, 1996:136-156). Fasiliteite soos slaapkamers en badkamers moes gedeel word en daarom moes deelnemers leer om ruimte te deel en ook tydskedules hieraan te koppel.

Deelnemers wat die privaatheid van hulle eie kamers gehad het, kon 'n gevoel van 'n eie territoriale gebied, sekuriteit, beheer en selfidentiteit ervaar (Viljoen, 1987:101, 131; Morgan, 1996: 173, 180). Hierdie ervaring kan 'n rol in selfwaardes speel. Die gebrek aan privaatheid kan weer gemeenskaplike besit en mededeelsaamheid as verhoudingswaardes beklemtoon.

Dit blyk dat die hele gesin betrokke was by die deel van fasiliteite en ruimte. Deelnemers uit beide etniese groepe het aangedui dat veral die moeder, ouma en/of die skool die bewustheid van tydskedules ingeskerp het en noem die volgende:

***"Ons het maar by die skool roetine ingeval."***

***"My mother told us to do the dishes first before we could watch television."***

### **Verskille tussen die Tswanas en Afrikaanssprekende Blankes**

Tswana deelnemers het aangetoon dat kulturele gebruike en opleiding die gebruik van tyd en ruimte kan beïnvloed en noem die volgende:

***"We were not allowed to be late. The door would be locked if we were late."***

***"You are not allowed to go near a newborn baby. Objects like leaves and sticks were placed in front of the house. We do not always know about these things ..."***

***"The educated people in my culture know that they must be on time. The uneducated people are very laid back about this."***

Uit die stellings word daar ook aangetoon dat hierdie kulturele gebruike ten opsigte van tyd, ruimte en fasiliteite nie altyd verstaan word nie, maar dat dit tog gerespekteer word. Dit is 'n aanduiding dat kultuur belangrik geag word en met respek hanteer word. Verder kan die afleiding gemaak word dat ten opsigte van die gebruik van tyd en ruimte daar verskillende sienings in 'n gemeenskap kan wees.

Bepaalde kontekste kan die gebruik van ruimte en privaatheid beïnvloed. 'n Tswana deelnemer het aangetoon dat almal in een hut moes slaap en gevolglik was daar min privaatheid. Die gegewens in Tabel 9.10 toon aan dat Tswanas hulle fasiliteite meer moes deel as die Afrikaanssprekende Blankes. Die ervarings rondom die deel van fasiliteite en ruimte kan



## DIE OORDRA VAN WAARDES: RESULTATE EN BESPREKING

moontlik daartoe lei dat persoonlike ruimte en besittings van minder belang is of juis belangrik raak (kyk 3.13.1).

### 3.8 Werksverdeling in terme van ondersteuning

In Tabel 9.11 word sommige van die werksverdeling (taakverdeling) wat die deelnemers ervaar het, uiteengesit.

**TABEL 9.11: WERKSVERDELING IN DIE TSWANAS EN AFRIKAANSSPREKENDE BLANKES SE GESINNE**

Etniese groep	n	Voedsel-voorbereiding			Skottelgoed			Skoonmaak			Wasgoed			Kinders oppas		
		Ouma/Moeder	Self	Vader	Ouma/Moeder	Self	Huishulp	Ouma/Moeder	Self	Huishulp	Ouma/Moeder/Self	Huishulp	Ouma/Moeder	Self	Kinders	Huishulp
Afrikaans	3	3	2	1	3	2	3	3	2	3	3	3	3	2	3	
Tswana	3	3	3	0	2	3	0	3	3	0	3	0	4	3	0	

Uit Tabel 9.11 is dit duidelik dat verskillende persone by verskillende huistake betrokke is. Die moeder/ouma is by 'n verskeidenheid van huistake betrokke. Behalwe in een geval waar die vader soms voedsel voorberei, is dit die vrouens wat bepaalde huistake verrig. Take in en om die huis sowel as die taak van kinderversorger word volgens Eshleman (1994:131) steeds as belangrike take van die vrou (moeder/ouma) gesien.

#### Gesins- en ontwikkelingstake

Dit is belangrik dat gesinstake binne die gesin georganiseer word (Bell & Vogel, 1966: 21, 22). Wat werksverdeling betref blyk dit dat verskeie gesinslede by dieselfde taak betrokke is. So sal kinders, ouers en/of die ouma betrokke wees met voedselvoorbereiding. Volgens die deelnemers is hulle van jongsaf betrokke by take in die huis. Wanneer kinders betrokke is by take in die huishouding kan hulle as vakleerlinge gesien word wat sekere vaardighede moet aanleer (Weisner, 1997:24). Verder word kinders ook geleer dat huiswerk 'n spanpoging is. Die volgende stellings van deelnemers uit beide etniese groepe bevestig dit:

**“Almal het saamgewerk.”**

**“ ... help ons skoonmaak en wasgoed doen, stryk ook.”**

**“Almal het gehelp met die plaaswerk.”**

**“Ek moes help met die kosmaak.”**

Deur hierdie spanpoging kan solidariteit tussen die gesinslede bevorder word (Bell & Vogel, 1966:23).

Geslag het ook 'n rol gespeel wanneer huistake verdeel word (Eshleman, 1994:131). Sekere werk was gesien as die werk van vroue of die werk van mans. Die deelnemers uit beide etniese groepe bevestig dit met die volgende stellings:

**“Collecting water was girls' work.”**

**“Die meisies moes tee maak vir gaste.”**

**“Pa en die seuns het ons nie met die skottelgoed gehelp nie.”**

## DIE OORDRA VAN WAARDES: RESULTATE EN BESPREKING

Ouderdom speel ook 'n rol by taakverdeling (Bell & Vogel, 1966:22; Nyquist, 1983: 36). Die volgende stellings van deelnemers uit beide etniese groepe bevestig dit:

***“The older children looked after the younger children.”***

**“... omsien na my jonger sussie.”**

Die lewenstandaard en lewenstyl van 'n gesin kan ook werkverdeling beïnvloed (Bell & Vogel, 1966:21-23). Die deelnemers uit beide etniese groepe bevestig dit met die volgende stellings:

***“My ouma was baie netjies. Ek moes my kamer baie netjies maak.”***

***“Food were collected in the veld ... the girls fetched the water.”***

**“ Die meisies moes tee maak vir gaste.”**

### **Waardes en die oordra daarvan**

Die waardes wat betrokke is, is onder andere arbeidsaamheid, verantwoordelikheid, behulpsaamheid en samewerking. Volgens Weisner (1997:24) kan huishoudelike take tot sosialisering lei. Verskeie volwasse gesinslede, huishulpe en selfs broers en susters het hierdie waardes oorgedra. Wanneer genoemde waardes geïnternaliseer word, kan dit tot 'n ervaring van selfstandigheid, onafhanklikheid en spanwerk lei.

### **Verskille tussen die Tswanas en Afrikaanssprekende Blankes**

Die belangrikste verskille tussen die twee etniese groepe is dat die ouma 'n belangrike rol in die huishouding van die Tswanas speel. Nkuna (1996: 25) bevestig hierdie stelling. Verder word aangedui dat die Afrikaanssprekende Blankes deelnemers baie van huishulpe gebruik maak. 'n Afrikaanssprekende Blanke deelnemer wat op 'n plaas groot geword het, het die volgende genoem:

***“Ons het twee huishulpe gehad. Een vir die koskook en een vir kinders oppas.”***

***“Sara (huishulp) het ons opgepas.”***

Die Afrikaanssprekende Blankes het die voordeel van die hulp van huishulpe gehad terwyl die Tswanas dit nie gehad het nie. Die feit dat Afrikaanssprekende Blankes van huishulpe gebruik gemaak het, kan moontlik die gevolg van finansiële vermoëns en/of kulturele gebruik wees.

Die Tswana deelnemers het ook aangedui dat hulle nog baie jonk was toe hulle reeds met huistake begin het. Dit blyk dat die Afrikaanssprekende Blankes op 'n latere stadium as die Tswanas begin het met huistake. Verder blyk dit ook dat die Tswanas huistake op 'n meer gereelde basis as die Afrikaanssprekende Blankes moes verrig 'n Tswana deelnemer het die volgende genoem:

***“Alles moes netjies wees voor ek skool toe kon gaan.”***

***“Ek moes help met kos maak.”***

***“Ek moes help met die wasgoed.”***

'n Ander verskil tussen die twee etniese groepe is dat 'n Tswana deelnemer aangedui het dat voedselvoorbereiding die werk van dogters en vrouens is, terwyl 'n Afrikaanssprekende Blanke aangedui het dat haar pa soms die maaltye voorberei. Verder het sekere deelnemers in beide etniese groepe aangedui dat sekere take soos voedselvoorbereiding en skottelgoedwas die werk van die vroulike geslag is. Beide etniese groepe het aangedui dat ouer kinders soms jonger kinders moet oppas en versorg. Wat werksverdeling betref word daar nog tot 'n mate aanvaar dat daar in die huishouding onderskeid tussen die geslagte se rolle is.

## DIE OORDRA VAN WAARDES: RESULTATE EN BESPREKING

## 3.9 Inkorporering en losmaking

TABEL 9.12: DIE INKORPORERING EN LOSMAKING VAN KINDERS IN  
AFRIKAANSSPREKENDE BLANKE EN TSWANA GESINNE

Etniese groepe	n	Inkorporering			Losmaking			
		Broer / Suster	Ouma	Ouers	(Koshuis) Portuurs	Vader	Moeder	Ouma
Afrikaans	3	3	0	1	1	2	0	0
Tswana	3	2	2	1	2	1	1	1

In Tabel 9.12 is verskillende persone betrokke by die inkorporering en losmaking van kinders. Die ontwikkelings- en gesinstake, die oordra van waardes en die verskille tussen die betrokke twee etniese groepe soos dit in hierdie studie na vore kom, sal vervolgens bespreek word.

**Gesins- en ontwikkelingsstake**

Dit blyk uit Tabel 9.12 dat die gesinslede betrokke is by die inkorporeringsproses. Volgens Bell en Vogel (1966: 19, 21-22, 22-26) hang die suksesvolle inkorporering in 'n gesin van die hele gesin af aangesien aspekte soos aanvaarding, mededeelsaamheid en samewerking op die spel is. Wanneer daar gespeel, gewerk of toenadering tussen gesinslede is, kan inkorporering en solidariteit ervaar word (Bell & Vogel, 1966:26). Die betrokke gesinslid identifiseer dan met haar gesin en ervaar aspekte soos verbondenheid, afhanklikheid en betrokkenheid.

Wanneer die individu onafhanklik van sy gesin optree begin die proses van losmaking. Identifisering met persone buite die gesin soos portuurgroepe by die skool en/of koshuis is deel van die losmakingsproses en kan in Tabel 9.12 gesien word. Wanneer ouers en die ouma kinders aanmoedig om self besluite te neem, selfstandig en onafhanklik buite die gesin op te tree, word die kind gehelp om onafhanklik van die gesin op te tree. Alhoewel die kind soms onseker mag voel, is hierdie blootstelling noodsaaklik vir die dag dat sy haar gesin van oorsprong verlaat.

**Waardes en die oordra daarvan**

Die waardes wat oorgedra word lê hoofsaaklik op die terrein van self- en verhoudingswaardes. Selfwaardes verwys onder andere na onafhanklikheid, individualisme, identiteit en selfbeeld wat ontwikkel word deur 'eksperimentele gedrag' in die losmakingsproses. Verhoudingswaardes verwys onder andere weer na geborgenheid, aanvaarding, verbondenheid, samewerking, mededeelsaamheid en afhanklikheid.

Die feit dat die meeste van die deelnemers in die skoolkoshuis was kon meegehelp het dat hulle op 'n vroeë ouderdom in 'n posisie geplaas was om selfstandig en onafhanklik te raak. Selfstandige en onafhanklike optrede kan bydra om die selfbeeld te bou en selfwaardes van die deelnemers te ontwikkel.

**Verskille tussen die Tswanas en Afrikaanssprekende Blankes**

Twee van die Tswana deelnemers moes op 'n baie jong ouderdom by hulle ouma gaan bly. Die deelnemers het aangedui dat hulle dit as traumaties ervaar het. Benewens ekonomiese redes en die trekarbeid stelsel, blyk hierdie gedragspatroon 'n kulturele gebruik te wees (Heiss, 1975:133-135; Nkuna, 1996:25). 'n Tswana deelnemer bevestig dit in die volgende stelling:



## DIE OORDRA VAN WAARDES: RESULTATE EN BESPREKING

***“The granny looks after the children.”***

‘n Tswana informant het ook hierdie gebruik bevestig.

Die Afrikaanssprekende Blankes daarenteen het hoofsaaklik in hulle ouerhuise grootgeword. Hierdie gedragspatrone kan meebring dat die Tswanas moontlik minder ‘huisvas’ en onafhanklik as die Afrikaanssprekende Blankes is. Twee van die Tswana deelnemers het aangedui dat hulle aansoek gedoen het om oorsee te gaan werk. Hulle ervaar die skeiding van hulle geliefdes (gesin) as ‘n ‘normale’ verloop van sake. Verder is baie plattelandse kinders genoodsaak om op ‘n vroeë ouderdom koshuis toe te gaan. Die volgende gelate opmerking oor hierdie besluit is deur ‘n Tswana deelnemer gemaak:

***“That is the way it is.”***

### 3.10 Samelewings- en gemeenskapsbetrokkenheid

**TABEL 9.13: SAMELEWINGS- EN GEMEENSKAPSBETROKKENHEID VAN AFRIKAANSSPREKENDE BLANKES EN TSWANAS**

Etniese Groep	n	Kerk					Buite-muurs		Begrafnisse/ Troues/ Samewerking			Kultuur				
		Vader	Ouma	Beide ouers	Vriende	Onderwysers	Portuurgroep	Skool	Gemeenskap	Gesin/ Familie	Vriende	Gemeenskap	Oom/ Tante	Skool	Haishulp	Ouma
Afrikaans	3	1	0	3	1	0	2	1	1	2	1	0	0	1	1	0
Tswana	3	0	2	0	0	1	0	0	2	1	1	2	1	0	0	2

Samelewingsbetrokkenheid sluit ook gemeenskapsbetrokkenheid in en daarom word aspekte soos kulturele gebruike, begrafnisse, troues, samewerking asook kerklike en skoolaktiwiteite hier van belang.

#### Gesins- en ontwikkelingstake

‘n Verskeidenheid van persone het die deelnemers beïnvloed om by die vele aktiwiteite van die gemeenskap en samelewing betrokke te wees. Die invloed van die meso- en die mikro-omgewing (kyk Figuur 4.1) is duidelik in die verskillende gemeenskaps- en samelewingsaktiwiteite sigbaar. Hierdie wisselwerking word deur die gesinsekologiese perspektief ondersteun (kyk 5.1 van Hoofstuk 1). Wanneer die deelnemer hierdie wisselwerking geïnternaliseer het, ervaar sy dat sy deel van ‘n gemeenskap, samelewing en kultuur is en dat dit bepaalde verantwoordelikhede soos samewerking en konformiteit impliseer. Volgens Bell en Vogel (1966:16) is konformisme nodig vir die goeie orde van die gemeenskap/samelewing.

#### Waardes en die oordra daarvan

Die waardeterreine wat hier ter sprake is, is veral verhoudings, religieus, kultuur, gemeenskap en self. Die verskeidenheid van waardeterreine bevestig die interaksie tussen die waardeterreine en ondersteun dus die wisselwerking binne die gesinsekologiese perspektief. Die persone betrokke by die oordra van waardes op die genoemde waardeterreine is die versorgers soos die ouers en die oumas, die uitgebreide gesin soos ooms en tantes, vriende en onderwysers. Hierdie inligting bevestig die rol wat genoemde persone op hierdie waardeterreine speel (kyk Tabele 9.1-9.3).

DIE OORDRA VAN WAARDES: RESULTATE EN BESPREKING

**Verskille tussen die Tswanas en Afrikaanssprekende Blankes**

Die Tswana deelnemers het aangedui dat die gemeenskap 'n belangrike rol speel in die oordra van die kultuur en dat hulle sekere eise aan die individu en gesin stel in bepaalde situasies soos troues en begrafnisse. Dit blyk dat die Tswana gemeenskap meer betrokke by die gesin en individu is as die Afrikaanssprekende Blanke deelnemers. Die Tswana deelnemers noem die volgende:

**“Elke persoon in die gemeenskap was jou pa of ma en kon met jou raas.”**

***“We followed the customs of our community. We paid lebola and bought blankets for the in-laws.”***

***“When there was a funeral you had to give everybody food to eat.”***

***“The widow wore black clothes for weeks.”***

***“When someone in your family died the women of the village stayed up all night and mourned with you.”***

***“Sometimes there will be three weddings to include all the people from the different families.”***

***“You had to take the community into consideration when there was a wedding or a funeral.”***

By sommige tradisionele geleenthede het die Blanke kultuur die tradisionele gebruike van die Tswana beïnvloed en 'n Tswana deelnemer noem die volgende:

***“I want a white wedding ... like the white people ... but I will dance for the people of my community in the traditional way.”***

Die Afrikaanssprekende Blankes het aangetoon dat kulturele gebruike nie so bewustelik oorgedra word nie, tog is hulle bewus van die geleenthede wat die skool in die oordra van kultuur bied en noem die volgende:

**“Ek was 'n klein rukkie by die Voortrekkers.”** (Die skool het Voortrekkers georganiseer.)

Die aktiwiteite wat die kerk en skool bied het bygedra om betrokkenheid by die gemeenskap te bevorder. Die Afrikaanssprekende Blanke deelnemers noem die volgende:

**“Ons as gesin was by die kerk betrokke.”**

**“My pa was diaken. Ek was by die Kinderkrans.”**

**“Ek het netbal en musiek by die skool gehad.”**

**“Ek het aan skoolkonserte deelgeneem.”**

Wedersydse betrokkenheid tussen die gemeenskap, gesin en individu (Bell & Vogel, 1966:16) gebeur deur die verskillende aktiwiteite wat die deelnemers genoem het.

**3.11 Die natuurlike omgewing**

Die draers van die natuurlike omgewingswaardes soos deur die ses deelnemers in die individuele onderhoud aangedui kan in Tabel 9.14 gesien word.

**TABEL 9.14: DRAERS VAN DIE NATUURLIKE OMGEWINGSWAARDES SOOS AANGEDUI DEUR AFRIKAANSPREKENDE BLANKES EN TSWANAS**

Etniese groepe	n	Vader	Ouers	Ouma	Gesin	Vriende	Gemeenskapsleiers	Self
Afrikaans	3	2	2	0	1	2	0	1
Tswana	3	0	0	3	2	1	1	0

## DIE OORDRA VAN WAARDES: RESULTATE EN BESPREKING

### Gesins- en ontwikkelingstake

Deelnemers uit beide etniese groepe het aangedui dat hulle op een of ander stadium op plase gebly het en het hul afhanklikheid van die natuur bevestig:

**“Op die plaas het ons naby die natuur geleef.”**

**“Ons het elkeen ons eie tuintjie gemaak.”** (Gedoen op die instruksies van haar ouers.)

**“Ons kinders het as ‘n groep in die veld geloop en die oumense (gemeenskapsleiers) het vir ons vertel watter vrugte ons kon eet.”**

**“Mealies were planted** (deur die gesin). ***The marog we got from the veld.*”**

**“Ons het nie water gemors nie. My ma was baie streng. Ons moes saam bad.”**

Hierdie noue kontak het daartoe gelei dat hulle bewus geword het van die interafhanklikheid tussen die mens en die natuur en het tot spaarsamigheid gelei. Hierdie afhanklikheid van die natuur word dan ook deur die gesinsekologiese perspektief onderskryf.

Een van die Afrikaanssprekende Blanke deelnemers wat in die stad grootgeword het, het nie dieselfde betekenis van afhanklikheid van die natuur ervaar nie omdat sy skynbaar nie in noue kontak met die natuur gekom het nie. Gevolglik het sy nie die geleentheid gehad om waardering en liefde vir die natuur te ontwikkel nie. Eers nadat ‘n vriend haar meer van die natuur geleer het, het sy ‘n mate van waardering daarvoor ontwikkel en noem die volgende:

**“My vriend het my van die natuur geleer, ‘n waardering daarvoor en hoe mooi dit is.”**

Grieve (1987:256) bevestig dat stadskinders ongeërg oor die natuur kan voorkom.

### Waardes en die oordra daarvan

Die belangrikste waardeterrein wat hier ter sprake is, is die natuurlike omgewingswaardeterrein. Persone wat hierdie waardes oorgedra het, is ouers, oumas, volwassenes in die gemeenskap en vriende. Hierdie interaksie tussen die deelnemers en die natuur bevestig die aannames van die gesinsekologiese perspektief (kyk 5.1 van Hoofstuk 1).

### Verskille tussen die Tswanas en Afrikaanssprekende Blankes

Die belangrike verskille tussen die Tswanas en die Afrikaanssprekende Blankes is dat twee van die Tswana deelnemers aangedui het dat hulle letterlik van die wilde vrugte en groente van die veld afhanklik was vir oorlewing. Die benutting van die natuurlike hulpbronne is deur beide etniese groepe in hierdie studie bevestig. Die Tswanas het moontlik die belangrikheid van die natuurlike hulpbronne in hulle oorlewingstryd intenser as die Afrikaanssprekende Blanke deelnemers beleef.

## DIE OORDRA VAN WAARDES: RESULTATE EN BESPREKING

## 3.12 Waardeontwikkeling en –handhawing

TABEL 9.15: WAARDEONTWIKKELING EN -HANDHAWING IN AFRIKAANSSPREKENDE BLANKE EN TSWANA GESINNE

n= 6 (3 Afrikaanssprekende Blankes, 3 Tswanas)

Draers	Respekbe-toning		Godsdienstigheid		Moraliteit		Eerlikheid		Gehoorsaam		Dankbaarheid		Kultuur	
	A	T	A	T	A	T	A	T	A	T	A	T	A	T
<b>Etniese groepe</b>														
<b>Ouers</b>	2	1	2	0	1	1	2	0	0	1	0	0	1	0
<b>Vader</b>	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	1	0	0	0
<b>Ouma</b>	0	3	0	2	0	0	0	0	0	1	0	0	0	1
<b>Gemeenskap</b>	0	0	0	0	0	0	0	0	0	1	0	0	0	1
<b>Onderwysers</b>	0	0	0	1	1	0	0	0	0	0	0	0	0	0
<b>Huishulp</b>	1	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	1	0
<b>Skool</b>	0	0	0	0	1	0	0	0	0	0	0	0	0	0

A= Afrikaanssprekende Blankes

T= Tswanas

**Gesins- en ontwikkelingstake**

Bell en Vogel (1966:33) noem dat die oordra van waardes ‘n belangrike gesinstak is. Die deelnemers meen dat die oordra van waardes gebeur deur verbale kommunikasie en rolmodelle. Die volgende stellings van beide etniese groepe bevestig hierdie oortuigings:

**“My ouers was ‘n voorbeeld van eerlikheid.”**

**“... wat reg is en wat verkeerd is. My ouers was ‘n voorbeeld.”**

**“You had to listen and do the things you are told (deur die volwassenes).”**

Volgens Bell en Vogel (1966: 10, 33) word waardes eksplisiet en implisiet oorgedra.

**Waardes en die oordra daarvan**

Omdat hier van sosiale funksionering gepraat word, word die terrein van verhoudingswaardes betrek. Die verhoudingswaardes sluit ook norme/gedragskodes in. Verhoudingswaardes en die gepaardgaande norme/gedragskodes is belangrik vir die goeie funksionering van die gesin en die gemeenskap (Bell & Vogel, 1966:18-20, 28; Oliver & Christian, 1994:10; Prilleltensky & Nelson, 1997:169,172).

Die deelnemers verwys na respek as sosiale gedragskode, wat eerbied en onderdanigheid in verhoudings simboliseer. ‘n Vorm van onderdanigheid is byvoorbeeld dat geen teenargumente toegelaat word nie. Die volgende stellings van Tswana deelnemers word genoem:

**“Daar was vir ons gesê trek ordentlik aan ... lang rokke ...”** (Lang rokke het op kuisheid gedui.)

**“You must listen when the grown-ups speak. You are not allowed to say anything.”**

Hierdie optredes van ouers verwys na ‘n outoritêre opvoedingstyl (Louw, 2000).



DIE OORDRA VAN WAARDES: RESULTATE EN BESPREKING

Wanneer die deelnemers na moraliteit verwys, word daar na onaanvaarbare seksuele gedrag verwys. Hierdie waardes word deur onderwysers en ouers oorgedra en sal verder in die hoofstuk aandag geniet.

Indien waardegestuurde gedrag nie nagekom is nie, is daar straf uitgedeel. Daarom kan dit moontlik wees dat sekere gedrag net gevolg is om straf te vermy. Die deelnemers uit beide etniese groepe noem die volgende stellings:

**“As ons gejok het, het ons ‘n pakslae gekry.”**  
***“We were punished for disobedience.”***

Verskillende persone is betrokke by die oordra van dié waardes. Dit wissel van die ouers, ouma, huishulpe tot by die onderwysers en die gemeenskap. Volgens Bell en Vogel (1966:10, 33) word waardes binne die gesin oorgedra sowel as van die gemeenskap na die gesin. Die individu ontvang gedragsvoorskrifte en –voorkeure sowel as bepaalde standaarde wat aan waardes gekoppel word, van die gesin sowel as die gemeenskap. Wanneer hierdie voorkeure/voorskrifte/standaarde deur die individu geïnternaliseer word en sy aantoon dat sy konformeer aan die verwagtings van die gesin en gemeenskap, word sy aanvaar (Bell & Vogel, 1966: 10, 33). Hierdie verskynsel bevestig die belangrikheid van die gesinsekologiese perspektief naamlik die beïnvloeding deur die ekologie op verskillende terreine. Verder blyk dit ook dat in die kinderjare, die mikro- en mesovlakke (kyk Figuur 4.1) belangrike invloede in hierdie verband uitoefen.

**Verskille tussen die Tswanas en Afrikaanssprekende Blankes**

Die Tswana deelnemers het aangetoon dat die ouma en die gemeenskap belangrike rolle in die oordra van waardes speel, terwyl die Afrikaanssprekendes se ouers en selfs huishulpe belangrike rolle in die oordra van waardes speel. Verder het ‘n Tswana deelnemer aangedui dat haar vader ‘n minder belangrike rol in die oordra van waardes speel. Dit is nie alleen weens sy afwesigheid nie, maar ook onbetrokkenheid. Die volgende word genoem:

***“My father was just there ... he was not involved in teaching us.”***

Hierdie onbetrokkendheid kan moontlik wees omdat die vader eerder as ‘n voorsiener as ‘n opvoeder gesien word.

**3.13 Doelwitte**

Tabel 9.16 gee die belangrike lewensdoelwitte wat die ses deelnemers in hulle gesinne geleer het, weer.

**TABEL 9.16: DOELWITTE IN DIE AFRIKAANSSPREKENDE BLANKE EN TSWANA GESINNE**

**n=6 (3 Afrikaanssprekende Blankes, 3 Tswanas)**

Draers	Geleerdheid Verkry		Beste lewer		Besittings versamel		Geluk nastreef		Werk kry	
	A	T	A	T	A	T	A	T	A	T
Ouers	2	2	1	0	0	0	0	0	1	0
Ouma	0	3	0	0	0	0	0	0	0	0
Self	0	0	0	0	0	1	0	1	0	0

A= Afrikaanssprekende Blankes

T= Tswanas

## DIE OORDRA VAN WAARDES: RESULTATE EN BESPREKING

### **Gesins- en ontwikkelingstake**

Uit die individuele onderhoude met die ses deelnemers, is dit duidelik dat bepaalde doelwitte oorgedra is. Verder het een van die Tswana deelnemers aangedui dat sy geleer het om self haar eie doelwitte te stel en noem die volgende ten opsigte van geluk en besittings:

***“I want to be happy and live comfortable. I want my own house.”***

Hierdie stel van eie doelwitte dui op ‘n bepaalde ontwikkelingstake wat by die betrokke deelnemer plaasgevind het. Verder kan genoem word dat haar armoedige situasie moontlik tot ongemak, frustrasies en hartseer gelei het en dat sy doelbewus besluit het dat sy nie weer in so ‘n situasie wil wees nie. Daarom word haar strewe na besittings soos ‘n eie huis aan geluk en gemak gekoppel. Eshleman (1994:14) verwys hierna as ‘n strewe na opwaartse mobiliteit en noem dat sommige kinders daarna strewe om ekonomies meer suksesvol as hulle ouers te wees.

### **Waardes en die oordra daarvan**

Die doelwitte wat die ses deelnemers noem, verwys veral na geletterdheid as intellektuele waardeterrein. Die deelnemers uit beide etniese groepe noem die volgende stellings:

***“To be educated ...”***

***“Geleerdheid is vir my ouers baie belangrik.”***

***“... om ‘n werk te hê.”***

***“Geleerdheid is belangriker as mooi of lelik.”***

***“... be educated and have a good job ... success in life.”***

Dit is ook veral die ouers en die oumas wat hierdie waardes beklemtoon aangesien hulle moontlik geletterdheid aan ‘n suksesvolle lewe koppel. Volgens Codrington (2001b) glo mense dikwels dat geleerdheid hulle van ‘n werk sal verseker en daarom is geleerdheid ‘n belangrike waarde.

Volgens Hoffman (1976: 177-188) is daar verskeie redes waarom vroue beroepsvroue word en noem die volgende:

- Dogters van werkende moeders is meer geneig om beroepsvroue te word. Redes hiervoor kan moontlik te wyte wees aan die rolmodel wat die moeder was.
- Vroue soek soms ontvlugting deur hulle werk. Indien daar ‘n stressvolle situasie soos swak ekonomiese omstandighede en/of verhoudings tuis is, kan die werk ‘n ontvlugtingsplek word.
- Geldelike probleme dryf vroue om te gaan werk. Die armoede van sommige deelnemers kan dus moontlik die rede wees waarom hulle beroepsvroue is.
- Die tipe persoonlikheid van die vrou kan ook bepaal of sy verkies om ‘n beroepsvrou te wees of dit nie te wees nie. Selfaktualisasie, strewe na die vervulling van ‘n kreatiewe potensiaal en die strewe na sosiale mobiliteit is belangrike aspekte wat kan bepaal of ‘n vrou graag ‘n beroep wil beklee. Twee van die deelnemers wat aangetoon het dat hulle graag hulle ‘omstandighede’ wil verbeter, toon dus dat sosiale mobiliteit vir hulle belangrik is.

### **Verskille tussen die Tswanas en Afrikaanssprekende Blankes**

Die Tswana ouers en oumas is veral ingestel op die belangrikheid van geletterdheid, terwyl die Afrikaanssprekende Blankes ‘n werk en om **jou beste te doen** ook as belangrik ag. Moontlike redes hiervoor is dat die Blankes reeds die voorreg van geleerdheid ervaar het en ook ervaar het dat geleerdheid nie noodwendig jou van ‘n werk verseker nie.

DIE OORDRA VAN WAARDES: RESULTATE EN BESPREKING

3.14 Sosialisering

Tabel 9.17 dui die data oor sosialisering wat uit die individuele onderhoude na vore gekom het, aan.

TABEL 9.17: SOSIALISERING IN AFRIKAANSSPREKENDE BLANKE EN TSWANA GESINNE

n= 6 (3 Afrikaanssprekende Blankes, 3 Tswanas)

Draers	Gesag		Gasvryheid		Mededeel-saam		Gedragsvorskrifte		Spel		Partytjies		Lojaliteit / Spanwerk	
	A	T	A	T	A	T	A	T	A	T	A	T	A	T
<b>Etniese groepe</b>														
Ouers	0	1	1	0	1	0	3	1	0	0	1	0	1	0
Pa	1	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Ouma	0	2	0	0	0	0	0	3	0	0	0	0	1	0
Gesin	0	0	0	0	2	0	0	1	0	0	0	0	2	2
Oupa	1	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Vriende	0	0	0	0	0	0	0	0	1	2	0	0	0	0
Gemeenskap	0	2	0	0	0	2	0	1	0	0	0	0	1	1

A= Afrikaanssprekende Blankes

T= Tswanas

Die deelnemers het aangedui dat sosialisering, belangrik in die gesin en die gemeenskap is. Hierdie siening word ook deur ander navorsers ondersteun (Frankl, 1986: 40; Van Wyk, 1993: 33).

**Gesins- en ontwikkelingstake**

Volgens die ses deelnemers het sosialisering as gesinstak altyd gedragsvorskrifte ingesluit. Daar was dus vorskrifte vir verskeie sosialiseringshandelinge en dit het gehandel oor gasvryheid en mededeelsaamheid soos die bedien van maaltye, die ontvang van vriende, gedragsvorskrifte ten opsigte van begrafnisse, troues, sosialisering met maats wat partytjies en spel insluit sowel as die hantering van krisisse of bedreigings. Dit was egter nie net gesinsvorskrifte wat hier ter sprake was nie, maar ook die van die gemeenskap (Bell & Vogel, 1966:10). Kinders uit beide etniese groepe het van jongs af krisisse ervaar en het waargeneem hoe die gemeenskap in sulke omstandighede **saamwerk** en noem die volgende:

**“Die Boeregemeenskap het saamgestaan as daar ‘n krisiss is.”**

**“When someone died the community became involved.”**

Deur hierdie voorbeeld kan die deelnemers ervaar dat die gemeenskap soms belangriker as eie belange is (Kohlberg, 1976:31-53).

Gesinskrisisse het ook gelei tot vriendskap en gehegtheid aan mekaar en word verwoord in die volgende stelling van ‘n Afrikaanssprekende Blanke deelemer:

**“Ons het eers vriende (met susters) geword na ons gesinskrisiss.”**

Verder het ouers hulle kinders betrek deur take soos gasvryheid en mededeelsaamheid aan hulle te deleger en die volgende stellings van Afrikaanssprekende Blanke deelnemers getuig daarvan:

## DIE OORDRA VAN WAARDES: RESULTATE EN BESPREKING

**“My ouers was ‘n voorbeeld vir ons. Baie mense het kom kuier. My ouers was baie gasvry.”**

**“Ons het geleer om met ander mense te deel, selfs die wat ons nie eers ken nie.”**

Wat sosialisering soos die kuier by vriende en partytjies buite die gesin betref, was daar streng voorskrifte ten opsigte van tydsbeperkings. Die doel hiervan was om beskermend op te tree. Hierdie beskermende ouerlike styl het die deelnemers dissipline en gedragsgrense laat ervaar. Die volgende stellings van Afrikaanssprekende Blanke deelnemers getuig hiervan:

**“Met partytjies was hulle baie streng. Ons moes nege uur by die huis wees.”**

**“My ouers was baie beskermend. Ons mag nie uitgeslaap het nie.”**

Sosialisering, as ontwikkelingstaak, is ook buite die gesin voortgesit. Bell en Vogel (1966:10-13) sowel as Daniels (1994:39) bevestig dat sosialisering ook buite die gesin plaasvind. Dit is veral in die skool dat die deelnemers, deur speletjies, met hulle portuurs gesosialiseer het. Selfs al was die deelnemers van vroeg af aan vriende blootgestel, was dit egter nie ‘n waarborg dat hulle wel vriende sou hê nie. Hierdie stelling van ‘n Afrikaanssprekende Blanke deelnemer bevestig dit:

**“Ek was in ‘n voorskoolse speelgroep, maar ek het nie regtig geleer om vriende te maak nie.”**

In die sosialiseringsproses word daar bepaalde voorskrifte oor gedrag en aanvaarbare kleredrag gegee (Alisjahbana, 1966: 92; Kaiser, 1993:39). Die deelnemers bevestig dit:

**“Daar was vir ons gesê trek ordentlik aan ... lang rokke en netjiese klere.”**

**“Ek het nie ‘n sê as dit by lobola kom nie. Ons moet by ons kultuur bly.”**

Hierdie gedragsvoorskrifte het ook gegeld ten opsigte van die bediening van voedsel en die erkenning van die vader as gesagsfiguur en dit word met die volgende stellings van die Afrikaanssprekende Blanke deelnemers bevestig:

**“My pa was die gesagsfiguur, my ma het inherente sterkte.”**

**“My pa was die gesagsfiguur ... ons was skrikkerig vir hom.”**

***“The women and the girls must serve the men with food.”***

Die deelnemers moes van jongs af gesagsfigure en veral die man as gesagsfiguur aanvaar en respekteer. Tradisioneel word die vader as die gesagsfiguur erken (Nortjê, 1993:268). Die erkenning van gesag betrek outoriteitswaardes (kyk 21.1 van Hoofstuk 8).

### **Waardes en die oordra daarvan**

Die sosialiseringsproses verwys onder andere na verhoudingswaardes (Alisjahbana, 1966: 92) en daarom speel waardes soos mededeelsaamheid, gasvryheid en spanwerk ‘n belangrike rol. Outoriteitswaardes wat aansluit en deel van verhoudings uitmaak, is ook deur sosialiseringvoorskrifte ervaar. Uit die stellings soos hierbo genoem, is dit duidelik dat verskeie waarde-oriëntasies ten opsigte van sosialisering wat binne en buite die gesin waargeneem is, aangeleer en toegepas is. Hierdie interaksie is ‘n bevestiging van die gesinsekologiese perspektief. Deacon en Firebaugh (1988: 28-51) bevestig ook die invloed van die mikro- en meso-ekologie op die individue tydens sosialisering.

Die deelnemers het ook aangedui dat outoriteitswaardes naamlik die onderwerping aan gesag in hulle gesinne gefigureer het. Volgens Bell en Vogel (1966:23) word dit algemeen aanvaar



## DIE OORDRA VAN WAARDES: RESULTATE EN BESPREKING

dat kinders hulle aan die gesag van hulle ouers onderwerp. Dit blyk egter uit die nie-verbale kommunikasie (afkeurende gesigsuitdrukkings) van die deelnemers in die individuele onderhoude met die navorser dat outoritêre gesag en gedrag nie altyd positief ervaar is nie. Gedragskodes rondom outoritêre gesag is dus moontlik nie geredelik deur die deelnemers aanvaar nie. Volgens Codrington (2001b) word veral die outoritêre gesag deur die jong geslag bevestig. Dit word in Hoofstuk 8 bevestig aangesien die deelnemers outoriteit as 'n lae prioriteitswaarde ervaar (kyk 21.1 van Hoofstuk 8).

**Verskille tussen die Tswanas en Afrikaanssprekende Blankes**

Beide etniese groepe toon aan dat wanneer die vader teenwoordig is hy as die belangrikste gesagsfiguur in die gesin beskou word. Die response van die Tswanas het aangedui dat die betrokkenheid van die gemeenskap by die oordra van kulturele voorskrifte binne gesags- en verhoudingswaardes meer is as by die Afrikaanssprekende Blankes. Die belangrike rol van die gemeenskap kan 'n weerspieëling wees van die kommunalistiese waardes in die Tswana kultuur (kyk 3.2.6 van Hoofstuk 10). Anderson (1995) bevestig dat kommunalistiese gedragspatrone in gesinne kan voorkom.

**3.15 Rolverdeling**

In Tabel 9.18 word die data ten opsigte van die rolverdeling soos ervaar deur die deelnemers in die individuele onderhoude weergegee.

**TABEL 9.18: ROLVERDELING IN DIE AFRIKAANSPREKENDE BLANKE EN TSWANA GESINNE**

n=6 (3 Afrikaanssprekende Blankes, 3 Tswanas)

Draers	Kosbereiding		Finansies bestuur		Broodwinner (Voorsiener)		Innertlike sterkte		Buffer		Geslagsoptrede		Gesagsfiguur		Kinder oppasser		Naaldwerk	
	A	T	A	T	A	T	A	T	A	T	A	T	A	T	A	T	A	T
<b>Etniese groepe</b>																		
Moeder	3	1	1	1	0	1	1	0	1	0	1	0	0	0	0	0	0	1
Ouma	0	3	0	0	0	3	0	0	0	0	0	2	0	0	0	3	0	0
Vader	1	1	0	0	3	2	0	0	0	0	0	0	1	0	0	0	0	0
Beide ouers	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	1	0	0	0	0	0	0	0
Gesin	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	3	2	0	0	0	0	0	0
Gemeenskap	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	2	0	0	0	1	0	0

A= Afrikaanssprekende Blankes

T= Tswanas

Die speel van rolle en rolverwagtings is deel van sosialisering, maar 'n aparte bespreking word hiervan gedoen. Deel van sosialisering, as gesinstak, is om bepaalde rolle en rolverwagtings in die gesin oor te dra.

## DIE OORDRA VAN WAARDES: RESULTATE EN BESPREKING

Die volgende konsepte in Tabel 9:18 moet soos volg verstaan word: 'Finansiële bestuur' verwys na hoe die geld in die huisgesin hanteer is; 'buffer' na die rol van die moeder as tussenganger tussen die vader as gesagsfiguur en die kinders; en 'geslagsoptrede' na gedrag wat met 'n bepaalde geslag vereenselwig word. Geslagsoptrede verwys na veral maniere van sit, kleredrag en bepaalde houdings en die verdeling van huishoudelike take.

### **Gesins- en ontwikkelingstake**

Die rolle wat volwasse gesinslede speel asook die verwagtings van die gesinslede en die gemeenskap het as rolmodel vir die deelnemers gedien. So byvoorbeeld is dit aanvaarde gedrag in die gemeenskap en gesin dat die ouma of moeder voedsel moet voorberei en die kinders versorg (Bell & Vogel, 1966: 22). Die volgende stellings van deelnemers uit beide etniese groepe bevestig dit:

***"The grannies looked after the children."***

***"The girls prepare the food."***

***"My ma het gekook."***

***"My ma het ons versorg."***

Die deelnemers het aangedui dat hulle van jongsaf geleer is watter gedrag van dogters en seuns verwag word. Hierdie verwagtings sowel as die voorbeeld van hulle ouers is met rolspel van jongs af nageboots. Voorbeelde hiervan het deur spel na vore gekom en 'n Afrikaanssprekende Blanke deelnemer het die volgende genoem:

***"Ons het huis-huis gespeel. Ons het kamtig kos gemaak en tee gedrink."***

Dit is dus duidelik dat die bepaalde rolle van jongsaf aanvaar is en geïnternaliseer is.

### **Waardes en die oordra daarvan**

Die vaders, oumas en tot 'n mindere mate die moeders het belangrike rolle gespeel as broodwinners (voorsieners) en het die belangrikheid van 'n beroep en so beroepswaardes oorgedra. Die Tswana deelnemers het die volgende genoem:

***"My mother worked and did sewing ... my father worked in a factory."***

***"My parents have a professional job. It is okay for the mother to have a job."***

***"My granny worked very hard."*** (Verwys na haar werk as huishulp.)

Die ekonomiese waardes wat met finansiële bestuur gepaard gaan soos onder andere bestedingpatrone is hoofsaaklik deur die moeder of ouma voorgehou. Hierdie optrede word in die volgende stellings van die Afrikaanssprekende Blanke deelnemers weerspieël:

***"My ma het die rekenings betaal. My ma het die inkomstebelastingvorme ingevul."***

***"My ma het die inkopies gedoen."***

Outoriteitswaardes word op verskillende wyses oorgedra. Alhoewel die man in die gesin en gemeenskap as die gesagsfiguur erken word (Nortjé, 1993:268), word hy soms as minder belangrik deur sommige deelnemers beskou. Bell en Vogel (1966: 23) noem ook dat indien 'n gesinslid nie aan 'n bepaalde verwagting voldoen nie, kan sy status in die gesin verlaag. Cronjé *et al* (2000:166) noem dat persone wat nie aan die verwagtings voldoen nie verwerp kan word. Die volgende stellings van die Tswana deelnemers verwys na sulke negatiewe ervarings:

***"Ek weet niks van my pa nie."***

***"...my father was just there."*** (Verwysend dat die vader slegs teenwoordig was, maar nie juis betrokke by die opvoeding was nie).

## DIE OORDRA VAN WAARDES: RESULTATE EN BESPREKING

Redes hiervoor kan moontlik te wyte wees aan die afwesigheid van die vader en die “...innerlike sterkte...” van die ouma en/of moeder wat die deelnemers ervaar het. Volgens Botha (1987: 123-124) neem ander rolspelers die take van die ‘afwesige vader’ oor sodat die kinders nog steeds sekuriteit en outoriteit ervaar.

**Verskille tussen die Tswanas en Afrikaanssprekende Blankes**

Die rol wat die ouma as versorger en voorsiener in die lewe van die Tswana deelnemers speel verskil van dié van die Afrikaanssprekende Blankes. Die vaders en tot ‘n mindere mate die moeders is volgens die Afrikaanssprekende deelnemers die broodwinners. Een van die Afrikaanssprekende deelnemers het ook aangetoon dat haar vader graag help met die voedselvoorbereiding omdat hy goed daarmee is. Volgens Bell en Vogel (1966:22) kan take weens bepaalde omstandighede en/of vermoëns aan bepaalde persone opgedra word. Die Tswanas aanvaar dat voedselvoorbereiding die taak van die vrou is.

**3.16 Interaksie en kommunikasie**

In Tabel 9.19 word die data ten opsigte van die interaksie en kommunikasie in die gesinne soos dit deur die ses deelnemers ervaar is, weergegee.

**TABEL 9.19: DIE INTERAKSIE EN KOMMUNIKASIE IN DIE AFRIKAANSSPREKENDE BLANKE EN TSWANA GESINNE**

Etniese groepe	n	Nie-verbaal		Luister			Konflik		Groet		
		Ouma	Gemeenskap	Ouers	Ouma	Volwasse nes	Skool	Gesin	Ouma	Ouers	Volwasse nes
Afrikaans	3	0	1	1	0	0	1	1	0	1	0
Tswanas	3	1	1	1	3	3	0	0	2	0	1

**Gesins- en ontwikkelingstake**

Sommige ouers het ‘n outoritêre styl geopenbaar wat kommunikasie bemoelik het. Die volgende stellings bevestig dit:

**“As daar probleme was, was my ouma se kommentaar: *Get your story straight.*”**

**“...ons mag nie terug gepraat het nie.”**

Die feit dat daar nie ‘terug gepraat’ word en dat probleme nie bespreek word nie, kon die kinders geleer het dat probleme nie geopper of beredeneer word nie. Gevolglik het sommige deelnemers nie juis in hulle ouerhuis geleer om probleme op te los en om konflik deur kommunikasie te hanteer nie. Gouws (1999) bevestig dat ‘n outoriêre ouerlike styl daartoe bygedra het dat sommige jong volwasse nes nie weet hoe om konflik te hanteer nie. Die gebrek aan kommunikasievaardighede wat tot konflik gelei het, word deur die volgende stellings bevestig:

**“Daar was baie bakleiery in ons huis. Ek het nie geweet wat om te doen nie.”**

## DIE OORDRA VAN WAARDES: RESULTATE EN BESPREKING

### Waardes en die oordra daarvan

Die waardes wat onder andere hier ter sprake is, is verhoudings- en kulturele waardes. Kulturele waardes word soms, deur die gemeenskap, nie-verbaal gekommunikeer om sodoende bepaalde gedrag voor te skryf. Die volgende stelling bevestig dit.

***“There are different ways of communicating. This can be done by placing objects in certain ways. This means you must not enter.”***

Dit blyk verder ook dat die persone wat die inisiatief neem, by die oordra van hierdie kommunikasievaardighede, die volwassenes in die gemeenskap en die ouers en/of oumas, is. Die skool speel ook soms 'n rol om kommunikasie vaardighede oor te dra. 'n Tswana deelnemer bevestig dit:

**“Ek het by die skool van kommunikasie geleer.”**

Derbyshire (1989) bevestig die rol van die skool om die kind vir volwassenheid voor te berei.

### Verskille tussen die Tswanas en Afrikaanssprekende Blankes

Uit beide etniese groepe dui die deelnemers aan dat hulle nie altyd geleer het om onder andere emosies, vrese, konflik sinvol te kommunikeer nie. Spanning is dus moontlik nie deur konstruktiewe kommunikasie verlig nie. Verder het deelnemers uit beide groepe aangedui dat hulle moes stilbly as volwassenes praat. Hierdie gedragpatroon is dus tipies van beide etniese groepe se kultuurpatrone in hierdie studie en moontlik van die bepaalde era waarin hulle grootgeword het.

Die drie Tswana deelnemers het aangedui dat daar bepaalde maniere van kulturele nie-verbale kommunikasie is. Daar is ook aan die navorser genoem dat die jonger geslag nie altyd die kulturele gedrag en gebruike van die ouer generasie verstaan/ken nie (kyk 17.1 van Hoofstuk 8). Hierdie feit kan tot misverstande tussen die twee generasies lei.

### 3.17 Liefde

Dit is ook 'n gesinstaak om verskillende vorme van liefde vir kinders te leer (Duvall & Miller, 1985:54-60). In Tabel 9.20 word die deelnemers se ervaring van die uitdrukking van liefde weergegee.

**TABEL 9.20: LIEFDE AS UITDRUKKINGSVORME IN DIE AFRIKAANSPREKENDE BLANKE EN TSWANA GESINNE**

Etniese groepe	n	Suster		Gesin	Pa
		Geskenke	Hande hou	Gesindheid	Vashou
Afrikaans	3	1	0	3	2
Tswana	3	0	1	2	0

### Gesins- en ontwikkelingstake

Die deelnemers uit beide etniese groepe het aangetoon dat fisieke kontak beperk was en dat dit nie eintlik in die openbaar plaasvind nie:

**“Die eerste keer dat ek agter gekom het dat my suster lief is vir my, was toe ek uit die huis gaan, het sy vir my hangers oorgetrek.”**

**“Ons het nie juis aan mekaar gedruk nie.”**

**“Liefde is nie openlik gewys nie.”**

Liefde is betoon deur gesindhede en deur geskenke te gee. Hierdie gedragpatrone mag moontlik aantoon dat die volwassenes ook nie altyd weet hoe om liefde deur fisieke kontak



DIE OORDRA VAN WAARDES: RESULTATE EN BESPREKING

teenoor hulle kinders te wys nie. Die feit dat fisieke kontak, as uitdrukking van liefde, nie deur sommige susters gewys is nie toon aan dat die ouers se gedrag na die kinders oorgedra is.

Daarenteen het 'n Tswana deelnemer aangetoon dat daar wel fisieke kontak tussen haar en haar suster was. Sy noem die volgende:

**"Ek en my suster hou hande as ons bang is en as ons bid."**

Van die deelnemers het aangetoon dat daar wel fisieke kontak as uitdrukking van liefde tussen die dogters en hulle vaders was. Hierdie gedrag kan moontlik op 'n spesiale verhouding tussen vader en dogter dui. Die volgende stelling van 'n deelnemer verwys daarna:

**"Ek moes my arms om my pa sit en vir hom vertel hoe lief ek vir hom is."**

**Waardes en die oordra daarvan**

Uitdrukkings van liefde is 'n aanduiding van verhoudingswaardes. Uit Tabel 9.20 blyk dit dat die hele gesin op een of ander wyse by die oordra van verskeie vorms van uitdrukking van liefde betrokke is.

**Verskille tussen die Tswanas en Afrikaanssprekende Blankes**

Deelnemers uit beide etniese groepe het aangedui dat hulle ervaar het dat daar nie juis liefde deur fisieke kontak in hulle gesinne was nie. 'n Tswana deelnemer het aangetoon dat deur hande vas te hou, versterking verkry word. Hierdie gedrag is nie deur die Afrikaanssprekende Blankes genoem nie, maar die vaders wat hulle dogters vashou, kan ook as vorms van vertroosting en die skeep van nabyheid gesien word (kyk stelling hierbo).

Die Tswanas het aangedui dat uitdrukkings van meegevoel tydens begrafnisse betoon, is deur dag en nag, tot die begrafnis, by die bedroefde familie te bly. Dieselfde optredes is nie deur die Afrikaanssprekende Blankes genoem nie. Daar kan dus aanvaar word dat hierdie daad van meegevoel 'n kulturele gebruik van ondersteunende liefde is.

**3.18 Seksualiteit**

In Tabel 9.21 word die ses deelnemers se ervaring van die hantering van seksualiteit in die gesinne weergegee.

**TABEL 9.21: SEKSUALITEIT IN DIE AFRIKAANSSPREKENDE BLANKE EN TSWANA GESINNE**

Etniese groepe	n	Seksopvoeding				Liggaamlike ontwikkeling			
		Onderwysers	Suster	Vriende	Tante	Tante	Moeder	Suster	Onderwysers
Afrikaans	3	0	1	1	1	1	1	1	0
Tswana	3	1	1	1	1	0	1	1	1

**Gesins- en ontwikkelingstake**

Seksuele en liggaamlike opvoeding is een van die ontwikkelingstake wat selde in die ouerhuis hanteer is. Dit het soms meegebring dat persone buite die gesin hierdie opvoeding moes

## DIE OORDRA VAN WAARDES: RESULTATE EN BESPREKING

hanteer. Hierdie optrede het tot onsekerhede en vrese by die deelnemers gelei. 'n Deelnemer noem die volgende:

**“My ouers het my niks hiervan (seksopvoeding) geleer nie. Ek het daarvan op kosskool geleer. Ek was nie voorberei (vir die lewe) nie.”**

'n Deelnemer het skuldgevoelens ten opsigte van liggaamsverandering ervaar:

**“Dit het my laat voel asof dit verkeerd is omdat ek jonk was toe dit (menstruasie) gebeur het. My ouma was kwaad.”**

Blykbaar was dié ouma ontsteld omdat bogenoemde liggaamsveranderinge onverwags gebeur het. Die ouma se ontsteltenis is deur die deelnemer as woede geïnterpreteer. Die deelnemers se vrese en skuldgevoelens kon die positiewe internalisering van die liggaamsverandering en selfaanvaarding moontlik gekompliseer het.

Wat geslagsidentiteit betref het die deelnemers uit beide etniese groepe die volgende genoem:

**“Daar is maniere hoe meisies sit.”**

**“...ons hare mooi gemaak.”**

**“Ons het mooi rokkies aangetrek ... soos dogtertjies moes.”**

Sekere gedrag, persoonlike voorkoms en kleding was dus aan geslagsidentiteit gekoppel. Geslagsrolle kan ook aan seksualiteit gekoppel word (Eshleman, 1994:455-460). Rolle wat aan geslagte gekoppel is, is reeds vroeër in hierdie hoofstuk bespreek (kyk 3.1.1 & 3.15.1).

### **Waardes en die oordra daarvan**

Die waardes wat hier ter sprake is, is veral liggaamlike en lewenswaardes (kyk Hoofstuk 8). Die draers van hierdie waardes is susters, tantes, onderwyseresse, vriende en soms die moeders. Bell en Vogel (1966:22) wys daarop dat 'n biologiese verbintenis 'n rol in bepaalde take kan speel. Die biologiese verbintenis tussen lede van die vroulike geslag kan bydra tot die keuse van persone wat geslagsvoorligting gee.

### **Verskille tussen die Tswanas en Afrikaanssprekende Blankes**

Volgens die ses deelnemers blyk dit dat in beide etniese groepe ouers nie juis gesprekke oor liggaamsverandering en veral seksuele opvoeding met hulle kinders gevoer het nie. Dit blyk dus dat hierdie onderwerpe geïgnoreer was en ander persone hierdie opvoedingstaak moes hanteer. Die deelnemers se liggaamshouding het hulle ontsteltenis met hulle ouers en oumas se optrede weerspieël. Cronjè *et al.* (2000:166) bevestig die negatiewe ervarings wat ondervind word wanneer verwagte take nie uitgevoer word nie.

## **4 GEVOLGTREKKING**

In die bespreking van die individuele onderhoude met die Afrikaanssprekende Blankes en Tswanas word op aspekte wat tot teorievorming kan bydra, gefokus. Die volgende is van belang: die gedragpatrone in die oordra van waardes, gesinsekologiese waardeterreine en ontwikkelingstake en word vervolgens bespreek.

### **4.1 Gedragpatrone in die oordra van waardes**

Die volgende gee 'n oorsigtelike beeld van die reaksie deur die betrokke ses deelnemers. Eerstens is die volgende gedragpatrone van Afrikaanssprekende Blankes waargeneem:

## DIE OORDRA VAN WAARDES: RESULTATE EN BESPREKING

- Beide ouers, maar veral die moeders, speel 'n belangrike rol in die oordra van waardes. Hierdie tendens word deur die resultate in Tabel 9.2 bevestig. Lamb en Frodi (1980) dui egter aan dat in die hedendaagse Westerse kultuur die vaders meer betrokke raak by die oordra van waardes.
- Die persoonlike vermoëns en die ontwikkelingspeil van die ouers kan 'n belangrike rol in die oordra van spesifieke waardes speel.
- Soos die resultate van Tabel 9.3 aandui, bevestig hierdie individuele onderhoude dat verhoudingswaardes baie belangrik is en tot 'n groot mate in die huisgesinne oorgedra word.
- Die kerk en ouers speel 'n belangrike rol in die oordra van religieuse waardes. Tabelle 9.1 en 9.2 bevestig hierdie gedragpatrone.
- Die oordra van spesifiek seksuele waarde-oriëntasies blyk vir sommige ouers problematies te wees. Die skool en portuurs dra ook hierdie waardes oor.
- Kultuurwaardes en kulturele waarde-oriëntasies figureer nie juis nie. Hierdie resultate is in ooreenstemming met die 'lae prioriteitstelling' wat kultuurwaardes in Hoofstuk 8 gekry het (kyk Figuur 8.1).

Die volgende gedragpatrone het uit die onderhoude met die Tswanas na vore getree:

- Oumas is 'n integrale deel van die deelnemers se lewe en speel 'n belangrike rol in hulle opvoeding en dus in die oordra van waardes. Nkuna (1996:25) bevestig hierdie gedragpatrone.
- Die skool speel 'n belangrike rol in die oordra van religieuse en tydswaardes (kyk Tabel 9.1).
- Moeders speel ook 'n belangrike rol in die oordra van waardes (kyk Tabel 9.2).
- Anders as by Afrikaanssprekende Blankes word die rol van moeders en veral vaders minder belangrik wanneer die oordra van waardes ter sprake is. Redes hiervoor kan moontlik te wyte wees aan die min kontak wat daar tussen genoemde persone is. Die ouma en ander familie neem dan die rolle van die vader en moeder oor.
- Lewenswaardes soos seksopvoeding word nie algemeen deur moeders oorgedra nie. Hierdie rol word deur ander persone soos die skool, susters en familielede vervul (kyk stellings Tabel 9.21).
- Kulturele waarde-oriëntasies word soms nagevolg maar nie altyd verkies en/of begryp nie (kyk 17.1 van Hoofstuk 8).

Die verskil tussen die twee etniese groepe ten opsigte van die betrokkenes by die oordra van waardes hang nou saam met die verskille in die gesinsamestelling, die rol van die familie en gemeenskap by die betrokke deelnemers. In hierdie studie is gevind dat drie generasies dikwels betrokke is by die opvoeding en versorging van kinders van die Tswana gesinne. Hill (1970) bevestig die interafhanklikheid van drie generasie binne 'n gesin. Volgens Heiss (1975:133) is die swart gesinne meer geneig tot multigenerasie gesinne.

Dit is egter nie net gesinsamestellings en -strukture wat gesinstake en die oordra van waardes bepaal nie, maar ook ander faktore. Volgens De Wolf (1997:329) is hedendaagse tendense in gesinne die gevolg van komplekse interaksies tussen geleenthede op die ekologiese terreine en tradisionele waardes, ekonomiese en politieke ontwikkeling. Hierdie studie bevestig hierdie siening van De Wolf (1997) en verwys na die volgende gedragpatrone:

## DIE OORDRA VAN WAARDES: RESULTATE EN BESPREKING

- Globalisasie dra daartoe by dat gesinslede bewus word van die verskille tussen kulture en kan tradisionele rolle en waardes daardeur beïnvloed word (Lubbers, 1999). 'n Voorbeeld hiervan is die jong volwasse vrou wat die 'huiswerk' vir 'n beroep verruil. Beroeps- en intellektuele waardes vir vroue word al hoe belangriker.
- Negatiewe ekonomiese omstandighede beklemtoon die belangrikheid van ekonomiese oorlewing en ekonomiese waardes. Wanneer vroue die arbeidsmark betree ter wille van die ekonomiese druk op die huishouding, moet die huistake soms tussen ander gesinslede verdeel word.
- Politieke werklikhede soos die trekarbeid beleid, het gesinslede van mekaar geskei (Swart & Lamont, 1984:102). Die take en rolle van die 'afwesige ouer' word dan deur ander gesinslede en/of familie oorgeneem.

### 4.2 Gesinsekologiese waardeterreine

Die volgende gesinsekologiese waardeterreine wat nie spesifiek deur Hattingh (1991) gedek word nie, is in die onderhoude met die deelnemers geïdentifiseer:

- Waardes wat met arbeid verband hou is geïdentifiseer as 'n gesinsekologiese waardeterrein en word in die volgende stellings van die deelnemers geakkomodeer:  
**“Ek moes my klere optel en my kas regpak.”**  
**“Ek moes van kleinsaf help met kosmaak.”**  
 Hierdie waardeterrein moet van beroepswaardes onderskei word aangesien dit reeds van jongs af in kinders se lewe voorkom. Arbeidsaamheid is dus belangrike ontwikkelingstake wat oorgedra word.
- Samelewings- en/of gemeenskapsbetrokkenheid dui op gemeenskapswaardes en die deelnemers het aangedui dat hulle soms by gemeenskapsaktiwiteite betrek is (kyk 3.10) en moet as 'n gesinsekologiese waardeterrein erken word. Hierdie gesinsekologiese waardeterrein kan nie as 'n nasionale waardes geklassifiseer word nie aangesien nasionale waardes na landsake soos burgerskap verwys (kyk 7.1 van Hoofstuk 2). Nasionale (nasie) waardes lê meer op die makrovlak van die gesinsekologie terwyl gemeenskapswaardes meer op die mesovlak lê.
- In Deacon en Firebaugh (1988:23) word tegnologie nie ingesluit as 'n gemeenskaps/samelewings sisteem nie. Hedendaags is gesinne en gemeenskappe egter baie meer bewus van tegnologie aangesien hierdie terrein vooruitgang en verandering toon en as bron van stimulasie in die psigo-ekologie kan dien. Hierdie tegnologiese vooruitgang en invloed speel al hoe meer 'n belangrike rol in die hedendaagse lewensstyl van gesinne. Vollebæk (1999) bevestig die belangrikheid van die tegnologie in gemeenskappe. Dit is belangrik dat tegnologie wel as 'n gesinsekologiese terrein en ontwikkelingstaak erken moet word aangesien die deelnemers die volgende gebruik van tegnologie genoem het:  
**“... kontak gereeld per telefoon. ... TV word gekyk.”**  
**“... time for television.”**
- Dit is soms belangrik dat tyd en ruimte as afsonderlike waardeterreine geskei moet word (kyk 3.7). Hierdie twee waardeterreine funksioneer dikwels saam, maar daar is tog geleenthede waar slegs tyd of ruimte ter sprake is. Tyd is byvoorbeeld belangrik by gesinstake soos die opstel van 'n tydskedule vir die daaglikse roetine. Ruimte is weer van belang wanneer privaatheid en territoriale gebiede ter sprake is (Viljoen, 1987: 87-124). So kan 'n slaapkamer die ruimte vir privaatheid en territoriale gebied word wat weer tot die ontwikkeling en handhawing van die self en identiteit kan lei.



## DIE OORDRA VAN WAARDES: RESULTATE EN BESPREKING

### 4.3 Ontwikkelingstake

Die ontwikkeling van 'n eie waardesisteem is een van die ontwikkelingstake wat die jong volwassene moet bemeester (Havighurst, 1972:29-30; Duvall & Miller, 1985:54-59). Verskeie ander ontwikkelingstake dra by tot die ontwikkeling van 'n eie waardesisteem en dus moet laasgenoemde ontwikkelingstake nie los van ander ontwikkelingstake gesien word nie. Die ontwikkelingstake en die nuanses daarvan, wat uit die stellings van die ses deelnemers in die onderhoude afgelei is, is in verband met die vorming/ontwikkeling/oordra van waardes en waardeterreine gebring (kyk Bylaag I). Sommige van hierdie nuanses kan ook as vaardighede gesien word wat op verskillende gesinsekologiese waardeterreine toegepas kan word. Verder moet onthou word dat die ontwikkelingstake en die vorming/ontwikkeling/oordra van sekere waardes binne die verskillende fasette van die jong volwassene plaasvind (kyk 4 van Hoofstuk 5). Die bespreking wat volg, word binne die raamwerk van hierdie fasette gedoen.

Verskeie ontwikkelingstake word genoem en daar moet op gelet word dat moontlike alternatiewe begrippe of sinonieme vir sommige ontwikkelingstake, of nuanses daarvan, bestaan.

#### Self as interne faset

Die interne faset sluit die intrapsigiese en die biologiese fasette in (kyk 4.1 van Hoofstuk 5).

#### Die intrapsigiese faset

Perry (1970), Kohlberg (1976), Keniston (1977) Puren en Bielby (1980: 97-120) sowel as Baltes (1987) erken die ontwikkeling van die intrapsigiese faset (kyk 3 van Hoofstuk 5). Die ontwikkeling van die intrapsigiese faset sluit onder andere die vorming van 'n selfstandige en unieke persoon met bepaalde vermoëns in en betrek die selfwaardes as waardeterrein. Die volgende konsepte en prosesse, wat 'n bydrae in die ontwikkeling van die selfbeeld en gevolglik ook die selfwaardes kan maak, is uit die stellings van die ses deelnemers afgelei:

Eksperimentering	Fantaseer	Kreatiwiteit	Kategorisering	Geluk
Identiteitvorming	Individualiteit	Ingesteldheid	Verantwoordelikheid	

Deur eksperimentering, fantasering, kreatiwiteit leer die individu om haar eie vermoëns te verbeter, 'n eie identiteit te vorm of te ontdek en ook individualiteit te bevorder. Op hulle beurt kan kategorisering, ingesteldheid, verantwoordelikheid en die ervaring van geluk help met onder andere subwaardes soos selfkennis, selfbeheersing en selfvervulling (kyk 6.1 van Hoofstuk 2) te bevorder en gevolglik ook bydra om die self, as intrapsigiese faset, te ontwikkel.

Ten opsigte van die bereiking van doelwitte, is die bemeestering van die volgende prosesse en konsepte, wat uit die stellings van die ses deelnemers afgelei is, belangrik:

Beplanning	Bestuur	Dissipline	Doelwitstrewe	Evaluering
------------	---------	------------	---------------	------------

Deur dissipline, die korrekte beplanning, bestuur en evaluering kan bepaalde doelwitte bereik word. Die bereiking van hierdie doelwitte kan tot selfaktualisering lei. Volgens Hattingh (1991:200-210) is selfaktualisering 'n selfwaarde en daarom is die selfwaardeterrein betrek.

#### Die biologiese faset

Die hantering van en aanpassing by 'n veranderde liggaam kan in verband met liggaamlike en

DIE OORDRA VAN WAARDES: RESULTATE EN BESPREKING

gevolglik ook selfwaardes gebring word. Die liggaamsbeeld beïnvloed die vorming van die selfbeeld en laasgenoemde is 'n indikator van selfwaardes. Die volgende konsepte en prosesse, wat uit die stellings van die deelnemers afgelei is, dra by om die selfwaardes en liggaamlike waardes te vorm:

Identiteit	Liggaamlike vaardigheid	Liggaamshantering	Liggaamsverandering
Selfversorging	Siektehantering	Sportiwiteit	

Bostaande konsepte en prosesse kan op die volgende wyse betrek word. Deur die aanvaarding en hantering van liggaamsveranderinge, raak die individu bewus van 'n 'nuwe' identiteit soos byvoorbeeld die verandering van dogter na vrou. Hierdie veranderinge vereis dat sekere liggaamlike vaardighede, soos die versorging van die liggaam, bemeester moet word. Dit sluit ook die versorging van die liggaam tydens siektes in en ook die voorkoming van siektes. Bykomende versorging van die liggaam vereis dat liggaamsiektes hanteer en waar moontlik voorkom moet word. Sportaktiwiteite kan 'n bydrae lewer om die liggaam te versorg en sodoendes siektetoestande teen te werk. Wanneer die individu positiewe ervarings ten opsigte van haar liggaam beleef, word die liggaamlike waardes sowel as die selfwaardes bevorder (kyk 6.1 van Hoofstuk 2).

**Verhoudings as interpersoonlike faset**

In die interpersoonlike faset van die jong volwassene word verhoudingswaardes aangespreek. Volgens Perry (1970) is die ontwikkeling van verbondenheid in verhoudings belangrik. Kohlberg (1973:180-204) beklemtoon ook dat dit belangrik is dat die individu haar rol as lid van verskeie groepe moet bemeester. Die volgende voorbeelde illustreer die rol van die individu en die invloed van verbondenheid in verhoudings.

Ten opsigte van verandering binne die gesinsamestelling en -rolle asook die gesinsekologiese terreine, soos veral die verhoudingswaardes, is die volgende konsepte en prosesse waaraan die deelnemers blootgestel was, belangrik:

Medeverantwoordelikheid	Aanpasbaarheid	Aanvaarding	Akkomoderend
Arbeidsaamheid	Lojaliteit	Afhanklikheid	Pligsgetrou

Die volgende voorbeeld illustreer hoe bostaande konsepte en prosesse verhoudingswaardes kan beïnvloed. Wanneer die kind ouer word, kan haar rol binne die gesin verander. Hierdie verandering kan byvoorbeeld medeverantwoordelikheid vir die voedselvoorbereiding en/of die skoonmaak van die huis wees. Dit vereis dat sy hierdie nuwe verantwoordelikheid moet aanvaar en binne haar eie program akkomodeer. Hierdie nuwe taak vra dus aanpasbaarheid en beklemtoon ook die belangrikheid van arbeidsaamheid. Sy kan ook ervaar dat ander afhanklik van haar bydrae is en daarom moet sy haar taak/rol pligsgetrou en met lojaliteit uitvoer.

Binne die groep, naamlik die gesin en gemeenskap, is die individu aan die verwagtings van die onderskeie groepe blootgestel. Die volgende prosesse en konsepte wat die deelnemers aan blootgestel was, kan ook 'n bydrae in die verwagtings van groepe lewer:

Hulpverlening	Betrokkenheid	Dienslewering	Geborgenheid	Dankbetuiging	Roetine
Emosionaliteit	Beskerming	Rolverdeling	Navolging	Empatie	Gemeenskaplikheid

As lid van 'n groep moet die individu aan die volgende verwagtings kan voldoen. Deur hulpverlening en dienslewering kan betrokkenheid, geborgenheid en beskerming ervaar word. Binne 'n groep vind rolverdeling plaas, die navolging van reëls en sekere roetines moet ook

DIE OORDRA VAN WAARDES: RESULTATE EN BESPREKING

gevolg word om as lid van die groep aanvaarbaar te bly. Die emosionele aspekte is ook belangrik en daarom kan ervarings van empatie, dankbaarheid en gemeenskaplikheid, as lid van die groep, ervaar word.

Uit die bogenoemde proses is dit belangrik om te bepaal watter reëls/norme aanvaarbaar en korrek is binne die gesin, gemeenskap en samelewing. Kohlberg (1973) verwys na hierdie aanleer van norme/reëls as die ontwikkeling van moraliteit. Verder kan afgelei word dat die deelnemers ook aan 'n sisteem van simbole blootgestel was en konseptuele vaardighede ontwikkel het. Die volgende konsepte en prosesse word uit die deelnemers se antwoorde afgelei:

Die reg Straf	Interpretasie Territoriaal	Beperkings Skuldgevoelens	Beoordeling Onderdanigheid	Etiek	Standaard Verslaggewing	Moraliteit
------------------	-------------------------------	------------------------------	-------------------------------	-------	----------------------------	------------

Bogenoemde konsepte en prosesse verteenwoordig nie net die verhoudingswaardes nie, maar ook ander waardeterreine soos regs-, outoriteits-, verhoudings- en gemoedswaardes. Dit is 'n verdere aanduiding van die interafhanklikheid van die verskillende waardeterreine.

Die goeie funksionering van 'n gemeenskap is onder andere afhanklik van kennis en interpretasie van die reg, beperkings op en beoordeling van byvoorbeeld gedrag, aanvaarbare standaard en etiese voorskrifte soos onder andere moraliteit. Wanneer die individu nie aan die eise van die gemeenskap voldoen nie, kan straf intree en skuldgevoelens ervaar word. Binne 'n gemeenskap beheer bepaalde groepe sekere territoriale gebiede. Hierdie beheer kan lei tot onderdanigheid van sekere individue. Indien daar opdragte aan die onderdanige individue gegee word, kan verslaggewing ook van hulle verwag word.

Die ontwikkeling van 'n goeie verhouding en aanvaarding, van die individu binne verskillende groepe, is belangrik. Om aanvaarbaar op die verhoudingsterrein van die gesinsekologie te wees is die volgende sosialiseringkonsepte en -prosesse waaraan die deelnemers blootgestel was, belangrik:

Samewerking Kommunikasie	Gasvryheid Simboliek	Vriendskap Konflikhantering	Medelye Kompetisie	Groepvorming	Verwagtings
-----------------------------	-------------------------	--------------------------------	-----------------------	--------------	-------------

Bostaande konsepte en prosesse kan op die volgende wyse funksioneer. Binne 'n groep word samewerking, gasvryheid, vriendskap en medelye belangrike insette om aan wedersyde verwagtings te voldoen. Vir die goeie funksionering van die groep is groepvorming, goeie en positiewe kommunikasie, begrip vir simboliek, konflikhantering en gesonde kompetisie belangrik.

**Fisiese ekologie as omgewingsfaset**

Om die fisiese wêreld te verstaan en te beheer, is dit onder andere nodig om die verantwoordelikheid te aanvaar vir die bestuur van die natuurlike omgewing. Daarom is die volgende aspekte wat uit die deelnemers se ervarings afgelei is, van belang:

Omgewingsafhanklikheid Respek Probleemoplossing	Omgewingshantering Verskeidenheid Prioritisering	Ondersteuning Ondersteuning Opoffering	Verbondenheid Spaarsaamigheid Organisering	Waardering Werkverdeling
---	--	--	--	-----------------------------

Die bestuur en hantering van die natuurlike omgewing vereis dat die individu of betrokke groep omgewingsafhanklikheid moet besef. Dit lei weer tot die besef van verbondenheid aan

## DIE OORDRA VAN WAARDES: RESULTATE EN BESPREKING

die natuur en 'n waardering sowel as 'n respek vir die natuurlike hulpbronne. Om die natuur se verskeidenheid van hulpbronne korrek te bestuur is ondersteuning, opoffering soos die spaarsaamige gebruik van hulpbronne, organisering soos werksverdeling en probleemoplossing deur onder andere prioritisering is belangrik. Alhoewel omgewingswaardes hier ter sprake is, word die verhoudingswaardes en beroepswaardes ook hierby betrek.

### Religieuse as metafisiese faset

Duvall en Miller (1985:54-59) verwys na hierdie verhouding as die verhouding met die kosmos. Die verhouding met die Opperwese is hier ter sprake (Jordaan & Jordaan, 1988: 765) en betrek die religieuse en verhoudingswaardes. Die deelnemers het die volgende prosesse en konsepte wat in verband met die metafisiese gebring kan word, ervaar:

Godsdienstebeoefening	Betrokkenheid	Dienlewering	Verbondenheid	Simboliek
-----------------------	---------------	--------------	---------------	-----------

Die betrokkenheid van die bostaande konsepte kan op die volgende wyse betrek word. Godsdienstebeoefening sluit aspekte soos betrokkenheid by dienslewering in. Verder is aspekte soos die verbondenheid aan mekaar en die Opperwese belangrik en word dit in die simboliek van die religieuse waardeterrein uitgebeeld.

## 5 SLOTOPMERKING

Uit die gegewens van die tabelle is dit duidelik dat hoe meer die gesin met die verskillende gesinsekologiese terreine kontak maak, hoe groter is die kans dat meer rolspelers, buite die gesin, waardes en waarde-oriëntasies aan die individu kan oordra. Dit het tot gevolg dat die gesinslede se bydrae ten opsigte van die oordra van waardes tot mekaar verminder kan word. Vollebæk (1999) noem dat benewens die gesin, skool en kerk, die media en rekenaarwêreld (tegnologie) betrokke is by die oordra en ontwikkeling van waardes. Lubbers (1999) verwys ook na die invloed wat globalisasie op die belangrikheid van waardes en lewensstyl het. Die veranderde lewensstyl wat die moderne ontwikkelende gesinsekologie insluit, kan die waardes en waardeprioriteite van die gesinslede en gevolglik die oordra van waardes, beïnvloed. Hierdie veranderde lewensstyl en waardes kan op hulle beurt ook gesinsamestellings, -rolle en -take beïnvloed (Kelly, 1987:101; Harvey, 1992; Iverson & Faber, 1996:441-445). In 'n multi-kulturele gemeenskap/samelewing is dit van belang om 'n openheid ten opsigte van waardes en waarde-oriëntasies te ontwikkel aangesien dit tot verdraagsaamheid ten opsigte van kulturele verskille kan lei. Verder is bevind dat in 'n multi-kulturele samelewing dit hoofsaaklik die dominante kultuur se waardes is wat oorgedra word (Iverson & Faber, 1996: 445). Indien ouers nie die dominante kultuur se waardes, waarde-oriëntasies, gesins- en ontwikkelingstake oordra nie, blyk dit dat rolspelers buite die gesin op die betrokke gesinsekologiese terreine dan die waardes, waarde-oriëntasies en genoemde gebruike op gesinslede oordra.

Die resultate van die verskillende tegnieke, byvoorbeeld die vraelyste wat bepaal wie waardes oordra en die stellings in die individuele onderhoude, weerspreek mekaar nie, intendeel dit lei tot ooreenstemmende gevolgtrekkings en belig ook sekere aspekte van dieselfde verskynsel. Verder onderskryf die resultate wat in hierdie hoofstuk weergegee is tot 'n groot mate die waardeprioriteite wat in die vorige hoofstuk geïdentifiseer is. Daarom kan aanvaar word dat deur middel van kruisvalidasie die betroubaarheid en geldigheid van hierdie resultate verhoog word en 'n wyer begrip van die konstruksie verkry word.